

DIE MAKGOBA-(MAGOEBA) OORLOG

1894 - 1895.

deur

Louis Stephanus Kruger.

Voorgelê ter vervulling van 'n
deel van die vereistes vir die

GRAAD VAN MAGISTER


in die

FAKULTEIT VAN LETTERE EN WYSBEGEERTE.

Universiteit van Pretoria,

PRETORIA.

JANUARIE 1955.



Head of Chief Magoeba, killed in battle with the Swazis. (from an actual photograph.)
(The Head was carried by the Swazis to the Boer Lager at Joubert's Kroom
as proof of Magoeba's death).

SIEN: HOOFSTUK IX, LAASTE VOETNOOT.

(Foto-ontwikkeling: Inligtings-
diens, Departement Naturellesake.)

D A N K B E E U I G I N G.

Graag wil ek hiermee my hartlike dank aan dr. P. du Toit Spies, my promotor, betuig vir sy hulp en leiding tydens die skryf van hierdie verhandeling, en ook aan dr. N.J. van Warmelo, Hoofstaatsetnoloog, wat my behulpsaam was met die spelling van die naturellename en inligting wat hy tot my beskikking gestel het, asook dr. E.S. van Rooyen, van die Departement van Naturellesake, van wie ek algemene inligting en waardevolle hulp ontvang het. Dank is ook verskuldig aan Oom Piet Nel, van die Staatsargief, en sy personeel wat my so getrou hulp verleen het by die naspour van my bronne.

I N H O U D.

<u>HOOFSTUK I:</u>	DIE MAKGOBA - STAM EN SY AFKOMS.	Bl. 1.
<u>HOOFSTUK II.</u>	DIE AANLE EN UITBREIDING VAN PIETERSBURG.	Bl. 6.
<u>HOOFSTUK III.</u>	ADMINISTRASIE VAN DIE NATURELLE. (Indirekte oorsake van die oorlog.)	Bl. 19.
	a. Paswette.	
	b. Hutbelasting en sensus - opname.	
	c. Die ontstaan en vroeë werksaamhede van die Lokasie kommissie.	
	d. Die Lokasiekommissie sit sy werksaamhede weer in 1891 in Noord- Tvl. voort	
<u>HOOFSTUK IV:</u>	DIREKTE OORSAKE VAN DIE OORLOG IN 1895.	Bl. 41.
	a. Roof en brand.	
	b. Belasting.	
	c. Lokasies.	
	d. Forte.	
<u>HOOFSTUK V:</u>	DIE OORLOG VAN 1894 EN DIE OPRICHTING VAN FORTE.	Bl. 49.
<u>HOOFSTUK VI:</u>	ORGANISASIE VAN DIE KRYGMAGTE.	Bl. 61.
	a. Die vergadering op Pietersburg, 27.4.1895.	
	b. Oproep van die kommando's	
	c. Op pad na die Noorde en die aankoms.	
<u>HOOFSTUK VII:</u>	LAASTE VOORBEREIDINGS.	Bl. 77.
	a. Proviand.	
	b. Verrigtinge tot en met die Krygsraadsvergadering van 1 Junie 1895.	
<u>HOOFSTUK VIII:</u>	DIE AANSLAG OP MAKGOBA.	Bl. 88.
<u>HOOFSTUK IX:</u>	DIE AFLOOP VAN DIE OORLOG.	Bl. 109.
	a. Gewondes en gesneuweldes.	

- b. Aanvra om kaffers in te boek.
- c. Geldelike verslag van die oorlog.
- d. Bonus aan naturelle uit betaal.
- e. Die krygsgevangenes en hulle lot.

BYLAE:

Bl. 119.

BIBLIOGRAFIE:

Bl. 128.

HOOFSTUK 1.

DIE MAKGOBA - STAM EN SY AFKOMS.

Die gedeeltes ten noorde, ten suideoste en ten ooste van Pietersburg word veral deur drie hoof-naturellegroepe bewoon: nl. die Venda wat veral in die Zoutpansberge woon; die Tonga wat hoofsaaklik tussen die Olifants- en Luvuvurivier woon en die Sotho wat op hulle beurt in die Hoëveldse en Laëveldse Sotho- groepe verdeel word. (1)

Die groot verskuiwing van die Bantoe na die Suide, word beweer, het teen die end van die sewentiende en die begin van die agtiende eeu vanuit die verre Noorde plaasgevind. Gevolglik was die kafferstamme reeds in die noordelike deel van die Zuid - Afrikaanse Republiek toe die eerste blankes daarheen getrek het.

Aangesien Makgoba tot die Sotho-groep behoort, gaan ons ons net by hierdie stam bepaal. "The Sotho of the Northern Transvaal⁽²⁾ are an enormously complex group of tribes." Hulle is ook verdeel in baie onbelangrike groepe, wat elk weer 'n verskillende naam aanneem. Om hulle ingewikkelde samestelling aan te toon, tref ons byvoorbeeld in 'n area van vyf vierkante myl verskillende stamme aan wat tot die „dou"- totem behoort. Ofskoon hulle tot dieselfde totem-groep behoort,

tref ons nog ten minste vyftien sekondêre name aan wat hierdie een totem-groep aanneem. So byvoorbeeld die dou van Morismale, die dou van Sai, van Lepye, en so meer. 'n Ander

.. 'n Ander..

(1) Krige, J.D., Traditional origins and tribal relationships of the Sotho of the Northern Transvaal, Bantoe-Studies. 'n Tydskrif gewy aan die wetenskaplike studies van Bantoe, Hottentot en Boesman, DeelXL, Desember 1937, No. 4, p.322.

(2) Ibid, p.327.

'n Ander tipe verandering is die dou van baSai, ba Mosi^Vmale, ens. Ander noem hulle weer dou van Khalaka (Rhodesië), dou van Džeta (Vendaland) en nog baie meer. Party stamme het weer as individuele groepe net een groot regerende groep. Op sy beurt word die regerende groep dikwels in „clans” (stamme) verdeel. Hier het ons nou maar net die moontlikheid van name van een totem-groep bespreek. In watter doolhof sal ons nie beland as ons dink dat die Sotho-groep nog baie ander totems het nie, byvoorbeeld die kolobé, kwena, tau,
(3)
phuthi, noko, khomo, pudi, phala, ens.

So tref ons dus hoofgroepe, groepe, stamme en sub-stamme aan, en omdat elkeen 'n eie naam^vir sy totem aanneem, weet ons naderhand nie meer tot watter hoofgroep die stam behoort nie. Omdat die Sotho- samestelling 'n uiters komplekse een is, is die geskiedenis van al hierdie verskillende klein groepies nie altyd bekend nie. (4) Dit is sekerlik om hierdie rede dat ons so min van die Makgoba- stam afweet.

Van sy herkoms weet ons niks definitiefs nie, maar dat hy tot die Noord- Sotho- groep, nl. die Mutaleroa (Mot- hlaLerwa) behoort, en dat die Makgoba- mense die Mutalerva
(5)
Dhowu genoem word, is nie te betwyfel nie.

Daar word gesê dat die Setlaleroa- mense oorspronklik van die Noorde ,in die rigting van Boelawajo, gekom het, en
„it is quite possible that they belong to the same
race as the "Makgoba Tribe!"
(6)

..Ongeveer

(3) Krige, J.D., Traditional origins and tribal relationships of the Sotho of the Northern Transvaal, Bantoe- Studies, 'ntydskrif gewy aan die wetenskaplike studies van die Bantoe, Hottentot en Boesman, Deel XI, Desember 1937, No.4, pp.328,329

(4) Ibid, p. 327.

(5) van Warmelo, N.J., A preliminary survey of the Bantu Tribes of South- Africa, Volume V, The Government Printer, Pretoria, 1933, p. 115; Transvaal Native Affairs Department, Short history of the Native Tribes of the Transvaal, 1905, p. 51.

(6) Transvaal Native Affairs Department, 1905, p. 51.

Ongeveer 200 jaar gelede het hierdie stam by die Lekgale- lokasie, naby die Houtbos, saam met Molepo- en Matabata- stamme gewoon. Naastenby in 1800 beweeg hierdie soksie onder leiding van Makgoba na die huidige Magoebas- kloof, waar die Molepo-groep toe na hulle lokasie beweeg het. (7)

(8)
Makgoba en sy stam het toe verspreid oor die hele Magoebaskloof, daar waar die slingerpad vandag afdein, bo van- af die Houtbosberge tot by Tzaneen Estate, gewoon toe die eerste blankes hulle in die Zoutpansbergse distrik kom ves- tig het.

Hierdie stam het ook, net soos ander stamme, 'n dier- aanbied en verafgoed. In die verlede is daar gedink dat hulle die "diKolobe"- (vark) stam is wat die vark as hulle totem aangeneem het. Dit was wel so, maar later is gevind dat hulle tot die baTlou- stam behoort en het die tlou (9) (olifant) as hulle totem aangeneem.

„Ba ga Makgoba le bona ba tlogile Dikolobeng. Ba fetoga mo^hno^h gomme ba bina tlou.“ (10)

(The Makgobas also came from the Dikolobe. (People of Mamabolo whose tribal totem is a pig.) They (11) changed their tribal totem to an elephant.)

Party Sotho- stamme het in plaas van 'n totem net 'n ..pryslied..

(7) Ibid, Met die lokasies word die lokasies van 1905 bedoel, want die boek het in die jaar 1905 verskyn. Die boek maak ook melding van 150 jaar gelede, maar nou is dit ongeveer 200 jaar gelede.

(8) Makgoba was nie meer as veertig jaar oud toe die Boere hom in 1894 aangeval het nie. De Pers, d.d. 16. 1. 1895.

(9) van Warmelo, p. 115.

(10) Rekords deur Naturellesake verstrek, Pretoria, Ms. No. 399, p. 50, A.S. Letsoalo, No. A13/8/63.

(11) Die vertaling is deur H.P. Maredi van die Departement van Naturellesake gemaak op 23. 12. 1954.

pryslied (praise) gehad, maar die Makgoba- stam, ofskoon 'n klein onbelangrike stammetjie, het 'n totem sowel as 'n pryslied gehad.

„Serôto sa bôna sese;

Makgoba a sefara,
Sefara sa molapong.” (12)

(Here is their praise:

Makgoba of a shoot,
Shoot of the valley.) (13)

Al wat ons verder van hierdie kaptein weet, is dat hy 'n uiters moeilike klant in die toekoms sou wees.

So was Makgoba maar een van die talle ⁽¹⁴⁾ stamme wat in die Noorde van Transvaal gewoon het. Namate Pietersburg na sy stigting in 1884 uitgebrei het, moes die boere in kontak geraak het met die verskillende naturelle stamme, wat later moeilikhede sou oplewer.


.. Hoofstuk 11 ..

(12) Rekords deur die Departement van Naturellesake verstrekk, Pretoria, Ms. No. 399, p.50. A. S. Letsoalo, No. A. 13/8/63.

(13) Die vertaling is deur H. P. Maredi van die Departement van Naturellesake gemaak op 23 Desember 1954.

(14) Om 'n idee te vorm hoe baie kafferstamme daar in Zoutpansberg gewoon het, verwys ons na die kaart aan die end van hierdie hoofstuk. Kaart 1, p.5.

KAART I.



KAART VAN SOMMIGE NATUUREKSTAMPDE IN DIE NOORDE VAN TRANSVAAL.

HOOFSTUK II.

DIE AANLE^ê EN UITBREIDING VAN PIETERSBURG.

Tussen die jare 1810 en 1835 het veeboere, jagters, smouse, ontdekkingsreisigers en sendelinge die Kaapkolonie verlaat om die binneland van Suidelike Afrika te verken. Hulle het die landstreek tussen die Oranje- en Limpoporivier aan die Kaap bekend gemaak. (1)

In 1835 begin die Groot-Trek. Trichardt en van Rensburg was van die begin af die idee toegedaan om 'n eie hawe in die Portugese se gebied te gaan soek. Van die Vaalrivier af het die Trichardt- en van Rensburgtrek in 'n noordwaartse rigting beweeg.

Johannes Hendrik Jense van Rensburg en sy volgelinge het Zoutpansberg voor Trichardt en sy mense bereik. In Julie 1836 het van Rensburg op pad na Lourenco Marques, die Limpopo in Portugese gebied bereik. Hier is sy hele trek deur 'n Zoeloe-mag uitgemoor. (2)

Op die waspore van die van Rensburgtrek het Trichardt gevolg. Hy het met sy aankoms in Mei 1836, in Zoutpansberg, sy eerste laer by die Soutpan getrek. Hier het hulle net tot die end van Augustus gestaan, want die klimaat was sleg en die vee het baie gevrek. In September het die trek naby die latere Schoemansdal gestaan, maar as gevolg van die slegte weiveld het hulle sommer dadelik verhuis na hulle derde kamp; die huidige Louis Trichardt. By die samevloei van die Dorps- en Dwarsrivier het die Trekkers vir die vierde keer uitgespan. Hier het hulle nie langer as 'n maand gestaan nie. Die veld was oop en as gevolg van die strawwe winter het hulle op 31 Mei 1837 na 'n meer beboste gebied vertrek. (3)

.. Naby ..

(1) Punt, W.H.J., Louis Trichardt se laaste skof, J.L. van Schaik, Bpk., Pretoria, 1953, p. 19.

(2) Ibid, p. 21.

(3) Ibid, pp. 40, 41, 46 en 50.

Naby die huidige Kommando-boomwinde het Trichardt en sy mense vir byna drie maande baie lekker gebly. Op 7 Augustus 1837 het die nuus die laer bereik dat twee Portugese die trek na Lourenco Marques sal lei. Onmiddellik is alles vir die langverwagte einddoel in gereedheid gebring. Op 23 Augustus verlaat hulle Zoutpansberg, om by die terrein van die teenwoordige Pietersburg ($\frac{1}{2}$ 10 myl ten suide van Pietersburg) na 27 dae laer te trek. Ey Bokkraalnek was die water baie skaars en ofskoon ons nie presies weet hoe lank hulle hier gestaan het nie, moes dit maar net 'n kort tydjie gewees het, want op 16 Oktober was die trek al by Garmeniespoort. (4)

Na 'n vermoedende tog wat baie mense en dierelewens geëis het, kom Trichardt en die oorlewendes van sy geselskap in April 1837 by Delagoabaai aan.

So het van Rensburg die baanbrekerswerk in die Noorde gedoen. Trichardt die aanvoerwerk vir die bou van 'n blanke gemeenskap, en A.H. Potgieter kon gaan voortbou op die fundamente wat deur sy voorgangers gelê is.

Op 24 Mei 1836 het 'n patrollie van elf man onder A.H. Potgieter en J.G.S. Bronkhorst die hooflaer van die Trekkers, tussen Thaba'Nchu en die Vetrivier, verlaat op 'n verkenningstog na die Zoutpansberg. (5)

Hulle het hulles reis op die wespore van Trichardt en van Rensburg voortgesit en kom in Junie 1836 by die Soutpan aan waar die Trichardt-mense toe nog gestaan het. (6) Op 27 Junie het die deurtial verkenningswerk in die rigting van Sifola gaan doen. Teen die end van

.. Julie ..

(4) Ibid, pp. 21, 25, 52, 60.

(5) Preller, G.S., Dagboek van Louis Trichardt (1836-1838), Nasionale Pers, Kaapstad, 1938, p. 334; Pieterse, D.J., Die geskiedenis van die mynindustrie in Transvaal, 1836-1886, Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, 1943, p. 78.

(6) Preller, p. 335; Punt, W.H.J., p. 39.

Julie was hulle by die Soutpan terug, maar as gevolg van die tsetsevlieg het Potgieter vir eers nie in die gebied benoorde die Limpopo belang gestel nie, ⁽⁷⁾ en op 17 Augustus 1836 ⁽⁸⁾ huiswaarts gekeer.

In 1836 verlaat die Potgietertrek Thaba'Nchu en gaan vestig hulle eers vir 'n tyd in die Transvaalse Hoëveld. Hier sou hulle nie lank bly nie, want om ekonomies onafhanklik te wees moes hulle 'n eie hawe hê, en Potchefstroom was veels te ver van die see af. Dit is daarom dat Potgieter en 'n gevolg hulle in Julie 1845 na Ohrigstad beweeg het. ⁽⁹⁾ Die verblyf sou hier ock maar van korte duur wees, want die lewenskoste was te hoog, geelkoors het baie lewensgeëis en die omliggende kafferstamme het 'n te vyandige houding geopenbaar. ⁽¹⁰⁾ Weereens moes daar 'n ander tuiste gesoek word.

In Februarie 1846 begin van die eerste intrekkers om Ohrigstad te verlaat. A.H. Potgieter self verlaat hierdie dorp aan die end van 1847 en span op 2 Mei 1848 aan die voet van Zoutpansberg uit. „De Oude Dorp” of die latere Schoemansdal word toe ongeveer twaalf myl ten noordweste van die huidige Louis Trichardt-spoerwegstasie aangelê, want hier was genoeg weiveld, volop gras en water - dit was wat die Voortrekker nodig gehad het. ⁽¹¹⁾

.. In ..

(7) Punt, p. 35.

(8) Ibid, p. 39.

(9) Pelzer, A. N., Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, Deel I, Wordingsjare, A.A. Balkema, Koopstad - Amsterdam, 1950, p. 132.

(10) Ibid, p. 134.

(11) Cachet, F.L., De Worstelstrijd der Transvalers, Tweede Druk, Hóveker en Zoon, Amsterdam, 1883, p. 374; Munnik, G. G., Kronieke van Noordelike Transvaal. Suid-Afrikaanse Boekwinkel, Pretoria, (?), p. 3; Pelzer, I., p. 134; Volgens Punt, p. 42 : Die plek waar A.H. Potgieter die dorp Schoemansdal aangelê het, was die tweede kamp waar Trichardt gestaan het.

In die jaar 1867 verplig die Bavenda-stam die Boere om Schoemansdal teen die suidelike helling van die Zoutpansberg, te verlaat.⁽¹²⁾ So word die gedeelte benoorde die Dwarsrivier weereens aan die kaffers oorgelaat, want die Boere trek suidwaarts in die rigting van die latere Pietersburg, en gaan vestig hulle in die omgewing van die Sandrivier en Rhenosterpoort. Hier het hulle vir vyf maande gewoon⁽¹³⁾ in 'n laer, op die plek waar vandag die Rooiwal-sendingstasie in Molitsiesland staan. Rooiwal was egter nie 'n geskikte beeswêreld nie en daarom het hulle nog verder na die Suide, na die omgewing van die latere Pietersburg, getrek. Hier sou die trekkerstog heles tot 'n end kom.

Nadat die pioniers weereens 'n vaste tuiste gehad het, en finaal besluit is om nie terug te keer na hulle oudorp nie, is na 'n lange getwis besluit om aan die end van 1868⁽¹⁴⁾ op 'n plaas, ongeveer elf myl Wes - Suidwes van die latere Pietersburg, die dorp Marabastad aan te lê.⁽¹⁵⁾ So word die Landdrossetel^{van} Schoemansdal na Marabastad verskuif.

In die begin is op Marabastad van tente as kantore gebruik gemaak, want die regering van die Zuid-Afrikaanse Republiek wou geen permanente geboue oprig alvorens hulle nie die grond waar Marabastad geleë was, gekoop het nie. Aan die eienaar van die plaas is die voorstel gemaak dat hy die helfte van die erfpag van die dorpsere kan kry. Ongelukkig

.. was ...

(12) Hudson, G.H., Die geskiedenis van die onderwys in die gebied Zoutpansberg met verwysing na die maatskaplike verband, Proefskrif, Universiteit van Pretoria, Februarie 1948, pp. 17, 110; Dicke, B.H., Magoeba se Bokke, Die Huisgenoot, 27.10.1933, p. 19; Engelbrecht, S.P., Paul Kruger's amptelike briewe 1851-1877, Volkstem Drukkery, Pretoria, 1925, p. 11.

(13) Munnik, p. 48; Hudson, p. 101.

(14) R1037/68; Heyns, M., Benaming en Geboorte, Historiese Studies, Jaergang I, Julie 1939 - Mei 1940, p. 44.

(15) Cachet, p. 374; Marabastad is so genoem na die natuurlike hoof, Moraba, wat daar naby die Zebedela-rivier gewoon het.

was hy te hebsugtig, want hy wou al die dorpsêre in sy besit kry,⁽¹⁶⁾ en so kon daar toe nie tot 'n ooreenkoms gemaak word nie. Vandaar dat die inwoners begin aandring op 'n permanente dorp in die Noorde.

Op 25 Oktober 1881 besluit die Uitvoerende Raad⁽¹⁷⁾ om magtiging van die Volksraad te verkry om 'n dorp op 'n geskikte plek in die Zoutpansbergse distrik aan te lê. Nog op dieselfde dag het die Regering hierdie voorstel goedgekeur.⁽¹⁸⁾

Ten einde vas te stel waar die voorgestelde dorp aangelê moes word, kry die Waarnemende Staatspresident op 25 Oktober 1881 'n opdrag van die Uitvoerende Raad om 'n reis na die Noorde te onderneem om hierdie saak te bespoed.⁽¹⁹⁾ Dit is al vir baie jare dat die inwoners van die Zoutpansbergse distrik gesmag het na 'n amptelike besoek. Dit sou hulle die kans gee om hulle moeilikhede persoonlik te bespreek. Toe hulle gehoor het van P.J. Joubert se besoek, moes menige hart gejubel het, en dit is dan ook geen wonder dat hulle die Waarnemende President baie hartlik welkom geheet het nie. So skryf ene meneer Biccard op 10 Oktober 1883 aan Generaal P.J. Joubert,⁽²⁰⁾ dat die Kerkraad van die Nederduits Hervormde Gemeente van Zoutpansberg met genoeg verneem het van die voorgestelde besoek van die Generaal, en dat hulle dit hoog op prys stel en ten seerste waardeur. Hulle vestig ook Joubert se aandag op die noodsaaklikheid van 'n dorp vir die distrik.⁽²¹⁾

.. Op ..

(16) Munnik, p. 61; Hudson, p. 161.

(17) U.R.B., 25.10.1881, Art. 84.

(18) V.R.B., 25.10.1881, Art. 192.

(19) Heyns, M., Benaming en geboorte, Historiese Studies, pp. 44 - 47.

(20) Ibid, p. 44.

(21) R5239/83 in S.S. 285.

Op 20 Oktober 1883 het Joubert 'n sestigtal Boere by Rhenosterpoort ontmoet. By die geleentheid is die aanlê van 'n nuwe dorp vir die Zoutpansbergse distrik bespreek. Marabastad, Sterkloop, Doornbult en Houtbosch is voorgestel as moontlike plekke vir die nuwe dorp. Heer Rebe', Volksraadslid vir Zoutpansberg, was die idee toegedaan dat Sterkloop die geskikste plek sou wees, aangesien dit die sentraalste geleë was. Daarby gaan die grootste verkeer daarlangs, bied dit die beste weiding en die meeste water en naturelle-arbeid was daar volop. Op sy beurt wys Joubert daarop dat hulle die prys van die grond en die moontlike getal erfbewoners wat erwe op die gekose plek sal wil hê, in aanmerking moet neem. B. J.M. Vorster, die eienaar van 'n gedeelte van die plaas Sterkloop, voeg hieraan toe dat hy sy kwart van die plaas in twee dele vir die bedrag van £1500 sal verkoop, mits die grond beskikbaar gestel sal word vir die aanlê van 'n dorp. Daar is toe besluit om te stem. Agt-en-vyftig het gestem dat die nuwe dorp op Sterkloop aangelê moet word en twee persone het teen hierdie voorstel gestem. (22)

Op 'n tweede vergadering wat op 26 Oktober 1883 te Marabastad gehou is, stel Joubert voor dat die gedeelte van die plaas Sterkloop, wat aan Van Emmenis behoort, deur die Regering aangekoop moet word en dat Vorster sy aandeel dan self in die vorm van erwe van die hand kan sit. Vorster en die meeste ander aanwesiges was eens met hierdie voorstel, maar D.S. Maré, latere Landdros van Pietersburg, het gepleit dat die dorp op Marabastad aangelê word. Joubert wys egter daarop dat die meeste by die vorige vergadering ten gunste van Sterkloop gestem het. Aangesien Dietlof Maré aangehou het met dwarstrek, het Joubert 'n dringende beroep op die amptenare en oudste inwoners van die distrik gedoen om saam

.. te ..

te staan en saam te werk met die keuse van die ligging van die nuwe dorp. (23)

Joubert het gevoel dat die saak nou tot finaliteit gebring moet word. Op 1 November 1883 het hy te Heenertsburg gevra dat daar vir 'n algemene- en nie vir eie belang nie, gewerk moet word, en daarop gewys dat indien eenparigheid bereik kan word, hy die reg het om onmiddellik die vier hoekpenne van die nuwe dorp in te slaan en 'n landmeter te stuur om die dorp te kom uitmeet; anders moet daar gewag word totdat Paul Kruger van die buiteland af terugkom. (24)

Kort hierna moes eenparigheid geseëvier het, want die Uitvoerende Raad het op 12 November 1883 besluit om 'n deel van die plaas Sterkloop vir £1,100 van F.J.L. Venter te koop, (25) vir die nuwe dorp wat aangelê moes word.

Stadig maar seker het die saak begin vorm aanneem. Op 7 Februarie verskyn die volgende kennisgewing in die Staatskoerant :

„Ter algemene informasie wordt hierbij kennis gegee aan allen, en een iegelyk die het moege aangaan, dat personen die wettige aanspraken hebben op erven in het verlaten dorp Schoemansdal aan Zoutpansberg, bij deeze worden opgeroepen om van hunne boven bedoelde aanspraken ten deze kantore schriftelyk kennis te geeven binnen eene maand na dato deezes; en bij zoodanige kennisgevingen in te dienen alle en eenigerlei bewyzen waardoor hunne aanspraken worden ge-
.. staafd ..

(23) Ibid.

(24) Ibid.

(25) U.R.B., 12.11.1883, Art. 64b; Munnik p.61, Munnik meen dat die gedeelte van die plaas Sterkloop vir £1,500 gekoop is, Hy is egter foutief. Sien U.R.B., 12.11.1883, Art.64b en Hudson, pp. 160, 161.

staafd, ten einde de Regeering in gelegenheid te stellen in consideratie te nemen hoeveel erfen in het nieuw aan te leggen dorp in Zoutpansberg tot dat doel moeten worden beschikbaar gesteld." (26)

Die burgers wat grond op Schoemansdal verloor het, kry gratis erwe op die nuwe dorp, maar die ander erwe is in 1888 teen £6 elk verkoop, en die koopsom kon in twee paaimente betaal word. (27)

Eers op 11 November 1884 het die Volksraad dit goedgekeur dat die vermelde stuk grond aangekoop kan word vir die nuwe dorp en „Tevens besloot de Raad dit dorp den naam te geven van Pietersburg." (28)

Volgens Heyns meen sommige persone dat Pietersburg na Piet Venter vernoem is, aangesien die dorp op sy plaas aangelê is. (29) Die bewering is egter ongegrond, want die plaas Sterkloop was in twee dele verdeel. Die oostelike helfte het aan van Emmenis en F. J. L. Venter behoort; die westelike deel aan Piet Venter. Pietersburg is aangelê op die oostelike gedeelte, en later eers het die Excelsior Estate Co. die westelike helfte gekoop. (30) Dit is dus uiters twyfelagtig of Pietersburg na Piet Venter vernoem is, aangesien hy geen leidende rol gevul het nie. Ons kan veel eerder aanneem dat die dorp na Petrus (Pieter) Joubert, die Waarnemende Staatspresident vernoem is. Dit tog ook immers hy wat die Zoutpansbergers kom besoek het, en tot die uiterste gestry het vir die dorp. Munnik, meen ook dat Pietersburg na niemand anders as Piet Joubert vernoem is nie. (31)

.. Vir ..

(26) Staats Courant, Z. A. R., 7.2.1884.

(27) Hudson, pp. 160, 161.

(28) E. V. B., 11.11.1884, Art. 1296.

(29) Heyns, M., Benaming en geboorte, Historiese Studies, p. 46.

(30) U. R. B., 12.11.1883, Art. 64h; R2124/93 in S. S. 1019; Hudson, pp. 160, 161.

(31) Munnik, p. 61.

Vir die Boere het sake egter te stadig gevorder.

Vandaar dat Rabe¹ en A.H. Potgieter op 27 Mei 1885 by die Regering verneem wat tot dusver vir die nuwe dorp gedoen is. Die volgende antwoord is genoeg bewys dat daar intussen genoeg aandag aan die saak gegee is : Op 6 Junie 1885 het die Staatspresident geantwoord dat die grond reeds aangekoop en die dorp klaar afgemeet is, en hy wys ook op die goewermentskenningsgewing van 6 Junie 1885 waarin verklaar word dat 'n kommissie op Woensdag, 15 Julie, die erwe op die nuwe dorp sal kom aanwys vir die persone wat hulle gronde in Schoemana dal moes prysgee het. (32)

In 1886 is die Landdroskantoor weer verskuif, maar hierdie keer na die nuwe dorp, Pietersburg. (33) En so skryf Landdros Dietlof (D.S.) Meró reeds op 31 Julie 1886 uit sy nuwe kantoor te Pietersburg 'n brief aan die Inspekteur van Publieke Werke in Pretoria, waarin hy die wens uitspreek dat verbeteringe aan sy kantoor aangebring sal word. (34) Die geboue op Marebastad waarin die Landdros sy kantore gehad het se huurtydperk was op 31 Julie 1886 verstreke, en dit is daarom dat ons vanaf hierdie datum eers aan Pietersburg die ware status van die hoofstad van die Noorde toeken.

Gou het dit geblyk dat Pietersburg vooruitstrewend is, want so vroeg as 17 September 1895 het die kommissie oor die erwe, nl. D.S. Meró, B.J. Vorster en J.A. Rabe, aanbeveel dat meer erwe opgemeet moet word, „daar er vele mensehcn zija die erven willen koopen het welk ten voordeele van de landskas is.“ (35)

.. Zoutpansbergdistrik ..

(32) E. V. R., 6.6.1885, Art. 306.

(33) E. V. R., 21.7.1886, Arts. 1035 en 1036.

(34) Argief Zoutpansberg, deel 6, No. 376a/86.

(35) R4773/5.

Zoutpansbergdistrik, met Pietersburg as hoofstad sou vanaf die aanleg van die nuwe dorp, vinnig ontwikkel en uitbrei. So byvoorbeeld is daar in 1884 'n Distriksraad in die lewe geroep, ⁽³⁶⁾ en in 1886 kry hierdie distrik sy eerste Distriksgeneesheer, ⁽³⁷⁾ en in 1892 volg 'n Gesondheidskomitee. ⁽³⁸⁾

In 1887 is die eerste poskantoor op Pietersburg geopen. ⁽³⁹⁾ Tot 1889 is die pos van Pretoria na die Noorde baie ongereeld per ossewa vervoer, maar vanaf daardie jaar het koetse die plek van die ossewa ingeneem en pos is weekliks vervoer. ⁽⁴⁰⁾

Sake sou natuurlik in alle opsigte baie verander, indien Pretoria en Zoutpansberg met 'n spoorlyn verbind kon word. Dit was eers in 1893 dat die Volksraad die bou van die Pretoria - Zoutpansbergspoorlyn voorlopig goedgekeur het. ⁽⁴¹⁾ Die keuse van die roete wat die spoor sou volg, het heelwat vertraging in die onderneming gebring, maar op 11 September 1895 bespoed die Volksraad die saak deur te besluit dat :

„indien de voorwaarden aannemelijk zijn met den bouw eener spoorweglijn van Pretoria naar Pietersburg via Waterberg, zoo spoedig mogelijk een aanvang zal gemaakt worden.“ ⁽⁴²⁾

Toe die spoorlyn Pietersburg in 1898 bereik, het dit sommer baie dinge beteken. Boere kon plant en saai om te verkoop, want die trein sou die produkte na elders vervoer. Die staat en burgers sou voel dat hulle die kaffers beter in toom sou kon hou, want as daar 'n op-
.. stand ..

(36) De Locale Wetten der Z.A.R., 1849-1885, p. 1244.

(37) Hudson, pp.160, 161.

(38) Ibid.

(39) Ibid.

(40) Ibid.

(41) E.V.R., 25.8.1893, Art. 1198.

(42) E.V.R., 11.9.1895, Art. 1140.

stand sou plaasvind, sou die trein burgers, gewere, ammunisie, ens., gou na die oorlogsterrein kon vervoer.

Soos in die voorgaande paragrawe aangetoon, het Pietersburg en die Zoutpansbergse distrik vinnig ontwikkel. Mense is nodig vir ontwikkeling, en hulle moet tog lewens woon. Almal kon en sou hulle nie op die nuwe dorp vestig nie, maar boere sou op plase buite Pietersburg gaan woon, en hieruit sou nuwe probleme gebore word. Soos in hoofstuk een uiteengesit, was Zoutpansberg en die distrik dig bewoon deur verskillende naturelestamme. Noodgedwonge moes die boere, deur die plase wat hulle betrek het, ook met die kaffers in kontak kom. Die kontak van blank en nie-blank het nuwe administrasie geverg, en hieruit en ook as gevolg van nog baie ander redes het botsings tussen die naturel en boer ontwikkel. So sou ook die latere Makgoba-botsing uit hierdie kontak tussen Boere en naturelle voort-spruit.

Reeds aan die end van 1880 het 'n paar Boere hulle kom vestig in die omgewing van Tzaneen. O.a. was van die eerstes H. Viljoen, Hans de Beer, Bronkhorst, F.J. Labuschagne, Botha, Olivier en nog 'n paar ander.⁽⁴³⁾ In 1892 was daar al baie plase in die omgewing van Jouberts-kroon en die Houtbosberge, bv. Morgezon, Zomerkomst, Boschhoek, Donkerhoek, Weltevreden, Nooitgedacht, Uitkyk, Graskraal, Driekop, Rooikoppies, Tursvyebult, ens., ens.⁽⁴⁴⁾

.. So ..


(43) Bulpin, T.V., Lost Trails on the Low Veld, The Standard Press, Ltd., Cape Town, (?)

(44) Troyo's Map of the Transvaal, III, Published for Fehr and Du Bois of Pretoria, S.A.R., 1892 (In die Transvaalse-Argief te sien);

Vergelyk ook Kaart II, p.18, in hierdie werk, om 'n idee te kry hoe die plase die een na die ander bewoon geraak het, en dat die boere in 1895 in noue aanraking met die Makgoba-stam gewoon het.

So het ons gesien dat met die ontwikkeling en
aanlê van Pietersburg, ook die Zoutpansbergse distrik moes
vooruit^ggaan het. Plase is al verder en verder van Pieters-
burg af bewoon, en uiteindelik sou die kontak van die Boere
met die Naturelle in die Noorde nuwe probleme en moeilikhede
oplewer - Vandsar dan ook die Makgoba-oorlog in 1894 en
1895.

KAART II



HOOFSTUK III.

ADMINISTRASIE VAN DIE NATURELLE.

(Indirekte oorsaak van die oorlog)

Nadat die boere die noordoostelike dele van Transvaal digter bewoon het, het hulle hoe langer hoe nouer in aanraking met die naturelle gekom, en as gevolg van hierdie kontak sou nuwe probleme gebore word. Moelikhede sou die gevolge wees van die blanke-naturelle-administrasie, want die naturel was gewoond aan sy eie wette en gewoontes. Die kaptein was vir al die eeue die koning en priester van sy volk, en nou met die intrek van die blanke word hulle gedwing om hulle aan te pas by die westerse beskawing wat nuwe sedes en idees vir hulle (naturelle) ingehou het.

Paswette.

Met die koms van die witman na Suid-Afrika het die kaffer gevoel dat hy nie meer alleen baas in die land is nie. In die vroegste Suid-Afrikaanse geskiedenis lees ons dat die groot veekuddes baie aanloklik vir die naturel was. Hy sou dan ook sy uiterste bes doen om van hierdie vee in die hande te kry. Soms, om sy doel te bereik, het die rondloper-kaffer nie geskroom om selfs te moor om van die vee in besit te kry nie. Namate die binneland al digter deur die blankes bewoon is, het moord en diefstalle al hoe ernstiger afmetings aangeneem. Op 10 Oktober 1854 besluit die Krygsraad dat geen inboorling hom van die een plek na die ander mag begeef sonder om 'n pas te dra nie, (1) want die Raad het gemeen dat vrye rondlopery onder die naturelle die grootste oorsaak is van die talle moorde en diefstalle wat gepleeg word. | Indien die oortreder van hierdie bepaling nie in blanke-diens is nie en hy word betrap, sou hy doodgeskiet word. Die laaste gedeelte van

.. die ..

(1) R696/54 : Notule van die Krygsraad.

die bepaling is egter nooit toegepas nie. (2)

Stelery het desnieteenstaande voortgeduur en met rasse skrede toegeneem. (Dis om hierdie rede dat die Landdros in 1858 die alleenreg kry om 'n pas aan 'n kaffer uit te reik wat buite sy kapteinsgebied met vee wil beweeg.) (3) Op die pas word dan die aantal, aard en kenmerke van die vee duidelik uiteengesit. (4)

Tot dusver is passe gratis voorsien, dog volgens die nuwe paswet van 1870, moes daar een sjieling vir 'n pas betaal word, en nou kon die naturel se bees, sy kaptein, die sendeling, Landdros of Veldkornet die pas uitskryf en die geld ontvang. (5)

Eers in 1872 vind daar 'n belangrike verandering in die paswette van die Zuid-Afrikaanse Republiek plaas: (6) Elke naturel in die Republiek moet nou 'n permanente pas dra. Jaerliks sal deur die Regering nuwe passe uitgemaak word waarvoor dan £1 by die hernuwing daarvan betaal moet word. Die houer van so 'n pas is dan vrygestel van enige verdere belastings, en word as onderdaan van die Zuid-Afrikaanse Republiek beskou. (7)

.. Die ..

(2) Huyser, J.D., Die Naturelle-politiek van die Suid-Afrikaanse-Republiek, Proefskrif, 1936, p. 168.

(3) Huyser, p.169. Na 1854 het kaptein en sendelinge ook die reg gehad om passe uit te gee. Die stelery het egter toegeneem, en dit is natuurlik om die rede dat die Landdros in 1858 die alleenreg gekry het om passe uit te gee.

(4) Locale Wetten, 1849-1885, p. 96; Die wet is deur die Volksraad goedgekeur, V.R.B., 17.9.1858, Art. 19.

(5) Locale wetten, 1849-1885, pp. 379, 380, Wet No. 9 van 1870.

(6) Huyser, p.169; Locale Wetten, 1849-1885, Wet No. 3 van 1872, p.473; V.R.B., 5 en 6 S.1872, Arts. 184 en 189.

(7) In die verlede was die inboorlinge net aan hulle kapteins verantwoordelik - aan hom is belasting in die vorm van graan en beeste betaal; hy was hulle voorspraak by die voorvadergeeste, en almal was sy onderdane. Nou word die Kaptein van sy posisie beroof; die stameenheid word geskend en dit sou sekerlik nadelige gevolge hê. Indirek moes die naturel in opstand kom teen hierdie vreemde wette en instellings: geld, blankes, en gewoontes wat hulle nie geken het nie.

Die ontevredenheid by die nie-blanke bevolking styg nog hoër toe in 1876 bepaal word dat indien kaffers nie in hulle lokasies werk of woon nie, hulle dan 'n pas van £1 wat drie maande geldig is of 'n pas van £2 wat ses maande geldig is, of 'n pas van £5 wat twaalf maande geldig is, moes uitneem. (8) As ons in aanmerking neem dat baie stamme teen hierdie tyd nog geen lokasie gehad het nie, bv. Makgoba, Tsolobolo, Mmamathôla en ander, (9) en dat hulle waarskynlik onder dieselfde wet gebuk gegaan het, dan het baie stamme rede tot ontevredenheid gehad. - Dit is dan ook geen wonder dat van die kapteins later in opstand gekom het nie.

{ Die paswette^{is} algaande telkens verander. (10)

Hierdie gedurige veranderinge in die wette moes sekerlik verwarring by die kleurlinge veroorsaak het, want hulle is nie gedurig op hoogte van sake gehou nie, aangesien vervoer en geriewe in daardie dae nie soos vandag was nie. By oortreding is hulle gestraf, en ons kan aanneem dat hulle soms eers na teregwysing, van die nuwe bepaling te hore gekom het. }

Eers is passe gratis uitgegee, dog later moes daarvoor betaal word en so ontwikkel die passtelsel dan eintlik in 'n vorm van belasting. Ons kan in die volgende gedeelte die belastingvraagstuk beter bespreek, toe daar direk belastinge op natuurlike gelê is.

Hutbelasting en Sensusopname.

{ Die invordering van belasting onder die nie-blanke groepe vanaf die totstandkoming van die Transvaalse

.. Republiek ..

(8) Huyser, p.170; Locale Wetten, 1849-1885, p.666, Wet No. 3 van 1876.

(9) R3264/85 in S.S. 1248; S.N., 174; Veldkornet aan Naturelle-Kommissaris, d.d. 6.10.1891. Hy vra of Makgoba se lokasie in 1891 afgebaken sal word; R5877/92 in S.S. 3413.

(10) Locale Wetten, 1849-1885, Wet No.6 van 1880, afdeling 8; Z.A.R. 149, p.40.

Republiek was 'n feit wat moeilikheid uitgelok het. Moelikhede het veral voortgespruit uit die feit dat geld in daardie dae baie skaars was; party stamme het gemeen dat 'n geskenk aan die Staat voldoende was; ander wou nie 'n hutsensus-opname toelaat nie en nog ander het gevoel dat daar net aan die kaptein belasting betaal moet word. (11)

Die insameling van belasting is baie bemoeilik deurdat die Naturelle-kommissaris die opnames nie altyd self kon behartig het nie; of selfs nie dour hulle eie kantore kon laat doen het nie. Gewoonlyk is Veldkornette dan as onder-naturelle-kommissaris^{te} aangestel om die pligte te vervul. Aangesien dit vir hulle soms te gevaarlik was om die hoofstad van 'n opstandige kaptein alleen binne te gaan, het hulle dikwels persone soms gehelp om die taak te vervul, en hulle moes telkens net met presente tevrede wees. (12)

Presente was geen belasting nie, en later as die Naturelle-kommissaris daarop aandring dat hy nog geen belasting ontvang het nie, staan die stam daarop dat hy reeds betaal het. (present) /

Ons het reeds daarop gewys dat geld baie skaars onder die kaffers was. Rademeyer meld dat Dicke beweer het dat die naturelle, wanneer hulle belasting betaal eers die lowende hawe in geld moes omsit en "most people never heard of their sales" (13) Ons stem hier nie saam nie, .. want ..

(11) Voor die koms van die blanke is daar net aan die kaptein belasting betaal. Nou moes ook aan die S.A.R. belasting betaal word. Dit moes ontevredeheid by die naturel gewek het. Volgens naturellereg is dit dan ook reg dat aan die kaptein belasting betaal moet word, want hy is die simbool van die stameenheid.

(12) Rademeyer, J.I., Die oorlog teen Megato (M'Pefu) 1898, M.A.-Verhandeling, U.P., 1943, p.28.

(13) Rademeyer, p.28.

want meestal is in die vorm van vee betaal, ⁽¹⁴⁾ en dan verkoop die Regering die vee om sodoende die geld in die staatskis te stort.

Geskenke was waarskynlik die eerste vorm van belasting wat deur die kaffers betaal is, maar omdat baie misbruik daarvan gemaak het, verbied die Volksraad dit op 20 Mei 1850. ⁽¹⁵⁾ Alhoewel dit op 19 September 1853 aan die Kommandant-Generaal opgedra is om klein stamme sonder enige geweld onder belastings te bring, is dit moeilik om presies te sê wanneer die eerste algemene belastings ingesamel is, of wanneer kapteins instruksies ontvang het om dit te betaal. ⁽¹⁶⁾ Die statistiek toon dat daar tot 1855 nog geen belasting deur 'n opperhoof betaal is nie, want in die jaar meld die Landdros van Rustenburg „dat hier nog geene gekomen ben om hunne opgaf te betalen.“ ⁽¹⁷⁾

In die jaar 1858 word Veldkornette verplig om alle kafferkrake in hulle wyke op te neem om te sien hoeveel diensbare manlike naturelle en hoeveel bewoonbare strooihutte daar in die krake is. ⁽¹⁸⁾ Kort hierna is verskillende hoofde van stamme aangesê om belasting te betaal. Baie min stamme het hulle hieraan gesteur. ⁽¹⁹⁾

Die Volksraad besluit eers werklik in Oktober 1864 om 'n algemene Inboorlingbelasting te hef, wat jaarliks aan die Landdros van die distrik betaal moet word. ⁽²⁰⁾ Naturelle arbeid het nog altyd 'n probleem gevorm, en

.. daarom ..

(14) S.R.98/88 in S.S. 3005, pp. 69, 70, Makgoba is met 200 beeste beboet, S.R. 706/88 in S.S. 3005, pp. 80, 81, Makgoba bring 9 beeste en 1 Olifant tand as deel van sy skuld, Joubertversameling, No. 1, p.85.

(15) Huyser, p.176; Locale wetten, 1849-1885, p.50.

(16) Huyser, p.177.

(17) Ibid.

(18) Locale wetten. 1849-1885, Instrukties voor Veldkornetten, p.99; V.R.E., 17.9.1858, Art. 19.

(19) Huyser, p.179; Rademeyer, p.28.

(20) Huyser, p. 181; Rademeyer, p.28.

daarom hersien die Volksraad die Inboorlingwette in 1866 om sodoende arbeid vir die Boere te werf. Daar word bepaal dat elke blanke vyf naturelle-huisgesinne by hom op die plaas in diens kan neem, en dan sou laasgenoemde vry van die 1864-wet wees. Omdat die arbeidstekort nog nie opgelos was nie keur die Volksraad in Junie 1870 die belastingswet goed, nl. dat kaffers wat nie in diens is nie se belasting verhoog sal word. ⁽²¹⁾ So ook word verder bepaal dat die wat in diens van blankes is, maar nie op laasgenoemde se plase woon nie, 5/- moet betaal, en die wat glad nie in diens is nie moet 10/- per jaar betaal. In 'n mate word die kaffers verplig om vir boere te gaan werk - iets wat hulle in die verlede nie geken het nie.

Weereens besluit die Volksraad in 1876 om die bestaende belastings op te skuif. ⁽²²⁾ Hier word nou 'n onderskeid tussen groot lokasies en klein lokasies getref. (Ons moet nie uit die oog verloor dat baie naturelle nog geen lokasies gehad het nie, en dit moes opstandigheid in die hand gewerk het.)

Die inwoners van groot lokasies moes vir elke bewoonde hut 10/- sterling per jaar betaal, en bowendien moes elke manlike naturel, bo die ouderdom van twintig jaar, nog 10/- per jaar persoonlike belasting betaal. Die kaptein en onder-naturelle-kommissaris van so 'n lokasie is verder verplig om 'n opgawe van die aantal bewoonde strooi-huise en die name van die manlike persone bo twintig jaar,

.. aan ..

(21) Staats Courant, Z.A.R., Julie 1866; K.G. 76; Brooks, E.H., The history of Native Policy in South Africa, Pretoria, 1927, p.121; Locale Wetten, 1849-1885 p.381, Wet No. 9 van 1870,

(22) Weideman, N.C., Die Malaboeh Oorlog 1894, M.A.-Verhandeling, U.P., Desember 1944, p.4; Rademeyer, p.28; Huyser, p.186; Locale wetten, 1849-1885, Wet No. 3 van 1876, p. 663.

aan die Regering te verskaf.

Met klein lokasies word bedoel dat daar nie meer as 30 gesinne op private grond mag woon nie. Hier moes vyf sjielings per hut per jaar betaal word, en elke manlike kaffer moes ook, net soos by die groot lokasie, tien sjielings opgaaf per jaar betaal. Indien hy onder kontrak of in diens van die eienaar van die private plaas is, hoef hy nie die opgaaf te betaal nie. Die eienaar van die private plaas is op sy beurt belas om 'n opgawe van die aantal hutte, en die kaffers bo twintig jaar te maak. Artikel drie-en-sestig van die wet bepaal dat ieder en elkeen wat nie in een van bogenoemde lokasie woonagtig is nie, „as vagebonden of landlopers" beskou sal word, en hy moet bekom waarvoor hy sal betaal na gelang van die tyd wat hy buite diens was. Drie maande buite diens beteken £1; ses maande £2 en twaalf maande £5.

Nadat Schepstone Transvaal in 1877 geannekseer het, het die Britse bewind die naturelle-wette verander. Hutbelasting sou nou vir almal tien sjielings wees, en die opgaaf sou totaal verval⁽²³⁾. In 1881 word Transvaal aan die Boere teruggegee. Die Republiek sou weer die belastingsbeleid soos voor 1877 voortsit. Aangesien die kaffers gedurende die Eerste Britse-bewind dan ook meer vryheid gehad het as na 1881, kan ons te wagte wees dat hulle meer ontevrede sou raak.

In 1894 verander die Z.A.R. die wet van 1880 en ons kan dit as 'n byvoegsel by die wet van 1876 plaas :

„Ieder kleurling met ééne vrouw zamen wonende, wordt geacht een hut of woning te hebben en betaalt derhalve 10 shielings per hut, per jaar. Voor iedere

.. vrouw ..

(23) Locale wetten, 1849-1885, p. 749 Wet No. 6 van 1880, Arts. 142 en 143.

vrouw moer welke een kleurling heeft, moet hy een ekstra hutbelasting van 10 shielings betalen onverschillig of die vrouw in dezelfde hut leeft, of een afzonderlijke hut bewoont." (24)

Hierdie verandering kom daarop neer dat daar vanaf 1894 vir elke vrou van 'n naturel tien sjielings jaarliks betaal moes word. As ons in aanmerking neem dat die kaffer se rykdom sy vrouens is, en sy aantal vrouens indirek deur die wet beperk was, dan kan ons nie anders as om te glo dat hierdie wet groot ontevredenheid by die nie-blanke sou uitlok nie. Die witman kom dring nou in sy eeu-oue gewoontes in. Maak inbreuk op 'n volk se sedes en gebruike en hy reek opstandig.

(Die invordering van belastings en die sensus-opnames het ook moeilikheid veroorsaak. Reeds in 1862 weier Modjadji om opgaaf te betaal. Albasini val haar toe met 'n Knopneus-kommando aan en dwing haar daartoe. (25)

Hierdie houding van die Reënkoningin het seker ook die brutaliteit van ander stamme aangevuur. Schiel verklaar ook dat Magato geweer het om belasting te betaal en dat daar selfs geen sensus in sy gebied opgeneem is nie. (26)

Waar daar nog belastings in die Noorde betaal is, is dit ook bra swak betaal. Makgoba kom in 1891 by die Landdroskantoor aan en sê dat hy die vorige jaar nie al sy opgaaf betaal het nie, en

„dit jaar heeft hij geen kans gezien om al zijn schuld te betalen en is toen gevlucht, onder welke omstandigheden U Ed. toen zijn huis het een brand steken." (27)

.. Op ..

(24) R14713/93; U.R.B., 7.2.1894, Art.105; Die U.R.B. wat deur die Superintendent van Naturelle gepubliseer is, meld dieselfde, C.B.1/94 in S.S. 2643, p. 249.

(25) Hudson, p. 89.

(26) Schiel, A., 23 Jahre Sturm und Sonnenschein in Südafrika, Brockhaus, Leipzig, 1902, pp. 247-250.

(27) S.N., 174, 7.8.1891; Joubertversameling, No.1, p.85;

Op 29 Oktober 1894 skryf B. Vorster aan die
Kommandant-Generaal :

„Zooals als U Ed. bekend is ben ik in den laetsten
tijd onder Makhoba's volk bezig geweest om opgaaf in
te vorderen. Het gaat niet daar zoo als het gaan
moet. De Kaffers aldaar betalen nog zeer swak met
bokken, schapen, enkele beesten en de meesten
10/- stg.“^(27a)

In 1894 is daar £870.17.6 minder belasting as
in die vorige ooreenstemmende belastingjaar ingevorder. Tot
1894 is selfs van die groot stamme, in die wyk Spelonken, byna
nog geen belasting ingevorder nie.^(27b) Sake het al slegter
en slegter begin word, maar die Z.A.R. sou nie stilsit nie,
want waar stamme 'n vyandige houding ingeneem en geweler het
om hulle belastings te vereffen, sou hulle met geweld daar-
toe gedwing word.⁽²⁸⁾

So het die heffing van belasting en die weiering
om dit te betaal indirek en direk gelei tot opstande onder
naturelle. Dit is seker grootliks om hierdie probleem te
probeer oplos dat die Regering aan 'n lokasiekommissie begin
dink het, om die naturellestamme in lokasies saam te voeg.
Ontstaan en vroeë werkseamhede van die Lokasiekommissie.

Tot 1882 was daar nog geen werklike bestaande
Lokasiekommissie nie. In die begin is baie rondgetas om
'n vaste beleid te vorm.

Op 10 Desember 1851 besluit die Krygsraad dat
die Veldkornet van sy wyk onbewoonde grond ken inspekteur

.. om ..

(27a) R4076/95 in S.S. 1264, d.d. 29.10.1894.

(27b) R8577/92 in S.S. 3413.

(28) Joubertversameling, No. 68, d.d. 6.2.1892; R4823/94;
U.R.B., 30.12.1892, Art. 975.

om naturelle daar te plaas. ⁽²⁹⁾ Op 28 November 1853 is daar besluit dat die Komandant-Generaels, asook die Kommandante grond aan kaffers kan gee om te bewoon; dog hulle kan net daar bly woon solank hulle hul goed gedra. ⁽³⁰⁾ Tog was die Trekkers vasberade om 'n soort Lokasiestelsel te ontwikkel, want in 1858 word aan die Veldkornette opgedra om geskikte plekke te soek waar grond aan die inboorlinge gegee kan word. ⁽³¹⁾ So is daar dan ook op 12 Desember 1859 'n stuk grond vir Maleeu aangewys. ⁽³²⁾

Ofskoon daar nog geen doelbewuste beleid vir lokasies gevolg was nie, het die Volksraad die noodsaaklikheid van naturellereserwes besef. Op 6 Oktober 1866 dra die Volksraad aan die Uitvoerende Raad op om uit te vind op welke wyse lokasies vir naturelle verkry kan word en wat so 'n onderneming die staat sal kos; dog dit is nooit uitgevoer nie. ⁽³³⁾

In 1869 het die saak begin vorm aanneem, want 'n kommissie bestaande uit H. Jeppe, ene Zietsman en D. Goetzee kry die opdrag om 'n lokasiestelsel te beplan, ⁽³⁴⁾ en op aanbeveling van laasgenoemde kommissie besluit die Volksraad in 1871 om grond in die noordoostelike gebiede van Transvaal te probeer verkry vir naturellereserwes.

„De Raad besluit de rekommandatie der Commissie goed te keuren, en aan de Regering op te dragen, gronden uit te houden of te trachten die te verkrijgen, geschikht (sic.) voor Kafferlokaties, zoo mogelijk

.. verspreid ..

(29) R356/51 ; Notule van die Krygsraad, Rustenburg, d.d. 10.12.1851.

(30) Locale Wetten, 1849-1885, p.28

(31) Ibid, p. 97.

(32) R339/59; Huyser; p.44.

(33) Staats Courant, Z.A.R., Oktober 1866.

(34) Ibid, 4.5.1869; Huyser, p. 48.

verspreid in de verschillende districten, of ter aankoop door Kafferstammen, onderworpen aan de bepaling dat zij over de grond op geen wijze zullen kunnen beschikken dan met toestemming der Regeering, die het regt zal hebben ingeval van wederverkoop de grond bij voorkeur weder tot zich te nemen tegen betaling van de oorspronkelijke koopprys en de aangebrachte verbeteringe, en voorts dat de bewoners onderworpen zullen zijn aan de wetten en bepalingen ten opzichte van kleurlingen reeds gemaakt of nog te maken."⁽³⁵⁾

Eers in 1876 word daar bepaal dat :

„De locatien der grootere kafferstammen zullen door de Regeering, zooals voor hen bestaanbaar zijn worden aangewezen en bepaald."⁽³⁶⁾

Vir so 'n lokasie word dan 'n Onder-Kommissaris aangestel, met die bevoegdheid van vrederegter, om die kaptein te help in die uitvoer van wette, die oplos van geskille en om behulpzaam te wees met die invordering van belasting.⁽³⁷⁾

Tot hiertoe was daar nog nie lokasies in Zoutpansberg afgebaken nie, en daarom word Oscar Dahl as eerste Naturellekommissaris op 26 September 1876 in dié distrik aangestel om die naturelle te behartig solank daar nog nie definitiewe lokasies afgebaken is nie.⁽³⁸⁾

Die anneksasiejare 1877-1881 bring 'n verdragting in die lokasiestelsel, maar met die teruggawe van Transvaal

.. aan ..

(35) Locale Wetten, 1849-1885, pp. 448, 449.
V.R.B., 14.11.1871, Art. 346.

(36) Locale Wetten, 1849-1885, p. 662, Wet No. 3 van 1876; Huyser, p. 126.

(37) Locale Wetten, 1849-1885, p. 663; voorheen was die kaptein en sy indoenas alleen verantwoordelik vir die uitvoer van stamwette en daar was geen vrederegter (blanke) onder hulle nie. Die kaptein was hoofregter en nou word hierdie stamregte verbreek, en dit sou sekerlik haat by die natuereel laat ontwikkel.

(38) Staats Courant, Z.A.R., 13.10.1876.

aan die Boere was Engeland die mening toegedaan dat kaffers in lokasies geplaas moet word, en daarom word met die Pretoria-Konvensie van 3 Augustus 1881 bepaal dat sodra hierdie Konvensie in werking tree, daar 'n kommissie vir natuurlelokasies gevorm moet word. (39)

Volgens die notule van die „Naturellen Locatie Commissie" is die eerste vergadering van die Kommissie op 29 April 1882 gehou, waarop lede voorgestel is. Op 9 Mei bestaan die Kommissie uit S.J.P. Kruger (voorsitter), G. Hudson (Britse verteenwoordiger) en H. Schoeman. (40)

Die Staatspresident het sy hande te vol gehad en daarom neem P.J. Joubert sy plek op 3 Oktober 1882 op die kommissie-vergadering in. (41) Die vernamste plig van die Naturellelokasie-kommissie was om lokasies vir naturelle van die Zuid-Afrikaanse Republiek uit te hou en af te baken. (42)

Verder „heeft de Regeering het recht om de naturellen of andere kleurlingen locaties, plaatsen, wijken of andere plekken ter bewooning aan te wijzen. (43)

Dadelik het die Kommissie aan die werk gespring. In verskele distrikte is bakens geplant, en in 1885 was daar reeds lokasies in Zoutpansberg afgebaken, maar Makgoba en nog baie ander stamme het nog geen reserwe ontvang nie.

.. In ..

(39) *Locale Wetten, 1849-1885*, pp. 1259, 1006, 1007; Nixon, J., *The Complete story of the Transvaal from the "Great Trek" to the Convention of London*, Sampson Low, Marston Searle, and Rivington, Crown Buildings, 188, Fleet Street, London, 1885, p. 280; Van Oordt, J.F., *Paul Kruger en de opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek*, Hollandsch Afrikaansche Uitgevers-Maatschappij, v/n Jacques Dusseau en Co., Amsterdam, Kaapstad, 1898, p. 353.

(40) S.N. 177, d.d. 29.4.1882, p. 6.

(41) *Ibid*; U.R.B., 26.9.1882, Art. 314.

(42) *Locale Wetten, 1849-1885*, p.1007.

(43) Z.A.R. 149 : *Wetten voor de Veldkornetten der Z.A.R.*, p. 66; E.V.R., 1.8.1887, Art. 136a.

In 1888 vertrek 'n Spesiale Kommissie na Zoutpansberg om lokasies te gaan aanwys vir die stamme wat nog nie gehad het nie. (44)

Op 9 Oktober 1888 kom die Kommissie te Houtbosberg aan om die grond vir lokasies te inspekteur, Eers op 12 Oktober het die lede van die Kommissie Makgoba se gebied gaan besigtig, want intussen is 'n pad gemak. Binne twee uur nadat daar drie bakens op sy gebied opgerig was, het Makgoba se volk dit omgegooi. Toe bedreig 'n kommando kaffers van Makgoba die Kommissie. Indien hul verder sou voortgaan met die oprigting van bakens dan kan daar moeilikhede verwag word. Die kommissie meld verder dat hulle nie met hulle werk kan voortgaan nie, want dit sou moeilikhede veroorsaak. So gee die Staatsekretaris dan opdrag aan die Landdros van Zoutpansberg om 50 man op te kommandeer om die Kommissie by te staan en te beskerm in hulle werksaamhede, (45) wat dan ook uitgevoer is. (46)

Volgens 'n telegram van Oscar Dahl, Naturelle-kommissaris, aan die Superintendent van Naturelle, P.J. Joubert, het Makgoba en 20 indoena's voor hom verskyn. Hy is skuldig bevind oor die bakens wat hulle omgegooi het en met 200 beeste beboet. Die boete moes binne 48 uur betaal word. Aangesien Makgoba vertel het dat hy geen beeste het nie; is hy toegelaat om huis toe te gaan. (47) In antwoord hierop laat die Superintendent van Naturelle vir Dahl weet, dat die boete wel betaal moet word, en indien Makgoba weier om dit te betaal, moet 'n polisiemag uitgaan en die beeste .. van ..

(44) R3264/85 in S.S. 1248.

(45) R9312/88 in S.S. 3005.

(46) R9437/88 in S.S. 3005.

(47) S.R. 98/88 in S.S. 3005, pp. 69-70, d.d. 19.10.1888 :

van hom vat - Indien nodig kan die Veldkornet met sy burgers ook hulp verleen. Tog wys Joubert daarop dat hulle nie te bars moet optree nie. „De zask is hier meer dat Makgoba de Commissie van het Gouvernement verhinderen heeft met haar werk voort te gaan en zelfs bakens vernietigd heeft. Nog eens . . . gij moet zeer voorzichtig handelen en zien den vrede te bewaren.“ (48)

Makgoba het geweet hoe om sy kaarte te speel en het die kuns geken om die Boere te trotseer en aan die lyntjie te hou. Net voor daar met mag teen hom opgetree is, verskyn hy met £13.13.0, 'n os en twee kalwers, in plaas van die 200 beeste. Dahl, hou hom agter en dreig hom dat indien sy indoena's nie die volgende dag die ander vee bring nie; hy (Dahl) hom na Pretoria sou stuur. (49) Nog dieselfde dag keer die Superintendent van Naturelle, Dahl se handelswyse goed, en beveel hom om te sorg dat Makgoba nie moet ontvlug nie. (50)

Nog dieselfde namiddag bring van Makgoba se volk een-en-twintig beeste en 'n minderwaardige olifant-tand. Makgoba sê „dat dit nie sy skuld is dat daar so min betaal word nie, maar hy skrywe die onwilligheid aan sy onder-kaptein toe. Slinks vra Makgoba toe dat die Regering die vonnis moet volvoer, maar tog wys hy daarop dat so 'n daad moontlik oorlog sal uitlok. Hierdie pleidooi van hom laat hom 'n verdere uitstel kry om sy opgelegde boete te ken kom betaal.“ (51)

Op 23 Oktober is net vier kalwers gebring.

.. Alhoewel ..

(48) S.R. 98/88 in S.S. 3005, p.73, Joubert aan Dahl, d.d. 20.10.1888.

(49) S.R. 705/88 in S.S. 3005, d.d. 22.10.1888.

(50) S.R. 704/88 in S.S. 3005, d.d. 22.10.1888; S.R.706/88 in S.S. 3005.

(51) S.R. 706/88 in S.S. 3005, pp. 80, 81. Telegram van Dahl aan Joubert, d.d. 22.10.1888.

Alhoewel daar nog baie vee in die veld waargeneem is, beweer Makgoba dat hy geen vee meer in sy veld het nie. Sy bewering is nog, maar hy vergeet om te meld dat sy vee twee dae vantevore deur sy eie manne na elders woggevoer is. Weereens word hierdie roebel net gedreig dat hy na Pretoria toe gestuur sal word. (52) Ons moet onthou dat die Regering 'n opstand wou voorkom.

So het die korrespondensie met die Superintendent oor Makgoba voortgegaan, totdat die Regering vir Dahl, die Landdros en vir H.J. Grobbelaar as 'n Kommissie aangestel het om sake betreffende Makgoba self te reël, maar waarskuwings dat daar vreedzaam teenoor die natuurlike opgetree moet word. (53)

Nadat daar genceg gewere aangekom het en nadat die omliggende kafferstamme in kennis gestel is dat 'n ekspedisie sal uitgaan om vee van Makgoba te vat (sy agterstallige skuld), en dat hulle (die ander stamme) nie skuiling aan Makgoba se vee moet bied nie, het drie partye onderskeidelik met 41, 21 en 21 burgers en polisie-kaffers die bosse vir die vee gaan deursoek. Daar is 170 stuks groot en kleinvee en 290 bergbokke van Makgoba geneem. (54)

Die Superintendent van Naturelle laat die Kommissie op 5 Oktober weet om Makgoba nou maar los te laat, maar as gevolg van vrederegter Pos se telegram, nl. dat hy opstande sal stook reël die Kommissie dat hy in die tronk op Klipdam gesit moet word. (55)

.. Op ..

(52) S.R. 708/83 in S.S. 3005, p. 83. Telegram van Dahl aan Joubert, d.d. 23.10.1888; Antwoord op lg. Ibid, p. 85, d.d. 24.10.1888.

(53) S.R. 710/88 in S.S. 3005, p. 82, Joubert aan Dahl, d.d. 24.10.1888.

(54) S.R. 737/88 in S.S. 3005, p. 109, T. van Kommissie aan Joubert, d.d. 1.11.1888; Sien dieselfde vir antwoord; S.R. 746/88 in S.S. 3005, p. 111, T. van Kommissie aan Joubert d.d. 2.11.1888; S.R. 748/88 in S.S. 3005, p. 113, Verslag van die Kommissie aan Joubert, d.d. 2.11.1888; R10093/88 in S.S. 3005.

(55) S.R. 748/88 in S.S. 3005; S.R. 755/88 in S.S. 3005; S.R. 792/88 in S.S. 3005.

Op Klipdam in die ou ysterfort⁽⁵⁶⁾ het Makgoba in die tronk gesit. Makgoba was 'n skrandere Kaptein; hy het die swakheid van die tronk gou ingesien, (sy voorgangers het dit nooit agtergekom nie) nl. dat dit geen vloer gehad het nie, maar bloot op die grond gestaan het. Op 'n goeie nag het hy 'n gat onder die stuk ysterraam deurgegrawe en toe sy oppasser die volgende môre die ge' gewaar, het hy gewoet dat Makgoba weg was.

Nadat Makgoba uit die tronk ontsnap het, "het hy 'n eed geswoer dat hy nooit weer deur die witkense gevang sou word nie en hy het sy woord gestand gedoen."⁽⁵⁷⁾

So was die eerste kontakte met Makgoba die van botsing - en dit duidelik dat hy nie onder die Z.A.R. se wette wou staan nie. Laat ons sien hoe hy in die negentigerjare teenoor die Lokasiekommissie gereageer het.

Die Lokasie-Kommissie sit sy werksaamhede weer in 1891 in Noord-Transvaal voort.

In die vorige gedeelte het die Lokasie-kommissie nie gekom om vir Makgoba 'n lokasie aan te wys nie, maar die doel was om die gronde te inspekteer vir die oprigting van lokasies. In 1891 was die doel om vir die Kaptein 'n lokasie aan te wys, maar hy wou nie daarin gaan woon nie.

.. Onluste ..

(56) Dicke, B.H., Magobé se bokke, Die Huisgenoot, 27.10.1933, p. 63 : 'n Hollander het 'n verskuifbare Fort aan die Z.A.R. verkoop. Dit het uit swaar ysterdele bestaan wat in mekaar gepas het. Hierdie fort is nooit in oorloë teen kaffers gebruik nie, want dit was te moeilik om die verskillende dele te laat inpas, en daarby was die grond absoluut gelyk wees, voor die stukke inpas. Dit het baie besloemernis veroorsaak, want 'n oorlogsterrein bied nie altyd gelyktes nie. Hierdie fort is aan Oscar Dahl te Klipdam toevertrou waar hy dit as 'n tronk gebruik het. Dit het aan die doel as tronk beantwoord, aangesien dit stewig en swaar was, maar dit het nie 'n vloer gehad nie. Die grond het as vloer gedien (swakpunt) en dit is in hierdie fort wat Makgoba geplaas is.

(57) Ibid; R5877/92 in S.S. 3413;

Onluste het so erg begin word dat die Veldkornet van Houtbosberg in 1891 by die Superintendent van Naturelle verneem of daar nog in hierdie jaar lokasies vir Makgoba en ander stamme afgebaken sal word.

„U Ed. zal my er grootlijks mede pilzieren want er wordt zoo veel Onlusten verwekt door de Naturellen die geduirende in de Boschklooven wegkruipen zoo dat de Occupanten daar door nooit met rust kan woenen en my gedurende moeilijkheden aandoen.“⁽⁵⁸⁾

Hierdie skrywe moes sy uitwerking gehad het, want dieselfde jaar besluit die Volksraad :

„de Hoogedele Regeering op te dragen zoo spoedig mogenhijk de locaties, welke nog afgebakend moeten worden, te doen afbaken overeenkomstig punt 2 van Art. 19 der Conventie van 1884, en volgens bepaling getroffen met den vroegeren Britschen Resident, wat betreft de grootte der toe te kennen locaties.“⁽⁵⁹⁾

Byns 'n jaar later, op 18 Julie 1892, hou die Lokasiekommissie (H.P.N. Pretorius, D.J. v.d. Merwe en F.C. Stiemens en die landmeter A.L. Devenish) sy eerste sitting naby Agatha. Verskillende stamme se Kapteins of afgevaardigdes woon hierdie „Pitso“ (vergadering) by, en die Kommissie laat hulle toe goed verstaan dat hul lokasies kom afbaken, maar dat daar eers 'n sensusopname gemaak moet word, want die grootte van die reserwes sal afhang van die aantal stamlede (In 1888 is daar nie lokasies vir hulle (Makgoba, Tsolobolo, Moups en ander) afgebaken nie, want hulle wou nie 'n sensusopname toegelaat het nie. „They fly when the N.C. come to make census.“ Die vergadering word tot die 19de verdaag, sodat die stamme eers hulle sensus .. kan ..

(58) S.N. 174 ; Veldkornet aan Joubert, d.d. 6.10.1891.

(59) Locale Wetten, 1890-1893, p. 48.

kan opmaak. „Die niet al zyn volk opgeeft verliest daardoor grond," en die wat weer meer name opgee om sodoende meer grond te kry, sal moeilikheid ondervind as die belasting later ingevorder word. (60)

Op 19 Julie sê die Kommissie aan die volk dat alleen die groter stamme lokasies gaan kry, en daarom moet die kleiner⁽⁶¹⁾ stamme vermeld aan watter groter stam hulle verwant is, aangesien hulle in die lokasie van eersgenoemde sal moet intrek neem. Van die Kapteins was tevrede hiermee, maar Makgoba nie. Hierna het een vir een Kaptein met sy indoena's voor die Driemenskap verskyn ten einde verdere reëlins aan te hoor. Toe Makgoba se beurt kom, tree een van laasgenoemde se indoena's nl. Moshia na vore met die boodskap dat hy nie weet waar sy Kaptein is nie. Die Kommissie wou nie met indoena's onderhandel nie, en daarom word aan Makgoba tot die 26ste uitstel gegee om persoonlik te verskyn, met die volgende boodskap :

„De Kapitein die tegen de wet opstaat krijgt ook geen Locatie en het Rijk of Machoba zoo wil maken. Hij behoeft niet bang te zijn om te komen want als hij moet gevangen worden zal hij niet geroepen worden maar zal hij uit zijn schuilplek gehaald worden. Als hij niet komt verliest hy zijn regt op Locatie en dan is het zijn eigen schuld." (62)

.. Makgoba ..

(60) S.N. 177, pp. 100-103, Rapport van Lokasie-Kommissie, d.d. 18.7.1892; R8577/92 in S.S. 3413, d.d. 18.7.1892.

(61) Met die kleiner stamme word bedoel : minder as 500 huishouers. Waar 'n stam dan minder as 500 huishouers as die vermelde getal het, moet hulle by hulle oorspronklike stam aansluit om in 'n lokasie opgeneem te word.

(62) R8577/92 in S.S. 3413; S.N. 177, p.105.

Makgoba, toon dat hy self niks met die Lokasie-kommissie te doen wil hê nie; keer op keer probeer hy op 'n sklinkse manier om uit hul hande te bly. Hy tart die kommissie uit, en tog wou hulle sake nog vreedseam oplos.

Op 26 Julie het Makgoba weer nie opgedaag nie. Die Kommissie begin 'n dreigende houding aan te neem om hom uit die bos uit te kry „daar moeten zij uit al moet ook een commendo komen om hen er uit te halen.”⁽⁶³⁾ Met die boodskap vertrek indoena's van Moshutlhi en Mmamthôla na Makgoba, en om hom die keuse te stel by wie van gemelde Kapteins hy wil woon. „Als de kapitein (Magoeba) niet wil horen dan moet gy met het volk praten zoodat zy niet onkundig zyn als er naderhand oorlog van kcmt”⁽⁶⁴⁾

Ongeveer 'n uur later kom die gestuurde kaffers sonder Makgoba terug, maar wel met sy moeder, Mapujannie. Sy vertel dat Makgoba te bang is om te kom „hij houdt nog vast aan de boom,”⁽⁶⁵⁾ en daarop beveel die Kommissie die indoena's van Makgoba om hom aan te sê dat hy, aangesien hy bang is, die Kommissie nie meer hoef te kom sien nie maar uit sy eie kan trek na Mmamthôla of Moshutlhi. Hierop antwoord sy moeder dat hulle niks met die genoemde stamme te doen het nie, „wy zijn onwillig om te trekken.... Mapunjannie zegt zij klauteren aan den berg en bidde daar.”⁽⁶⁶⁾

.. Hierop ..

(63) R8577/92 in S.S. 3413, p.46.

(64) R8577/92 in S.S. 3413, pp. 47, 48; S.N. 177, p. 122.

(65) „Hy hou nog vas aan die boom,” d.w.s. die grond waarop hulle gebly het, het hulle as hul eie beskou; R5877/92 in S.S. 3413, p. 55; S.N. 177, pp. 125, 129, 130.

(66) R5877/92 in S.S. 3413, p.55; S.N. 177, p. 126. Hoe kon die Makgoba-stam sommer trek. Daar waar hulle op die berg bid, is hulle vadere begrawe, en die is vir hulle 'n voorspraak by die voorvadergeeste. As hulle die berg prysgee, het hulle geen voorspraak meer nie, en dan sal die stam deur bese geeste besoek word. Hierdie geloof van die naturel het ons voorouers nie geken nie en ook nie in aanmerking geneem nie.

Hierop verlaat sy die vergaderplek met die wete dat die Kommissie hulle plig gedoen het en dat daar seker later teen hulle stam opgetree sal word. Ten slotte is die Kommissie dan ook van oordeel dat wanneer 200 burgers en 2,000 Knopneuse opgeroep word en eerstens teen Makgoba uittrek, sal Tsolobolo en ander van self trek.⁽⁶⁷⁾

(Hierdie kommando sou eers in 1894 die opstandelinge gaan onderdruk).

Hierna vertrek die Kommissie na Leliesfontein om sake met ander stamme te bespreek. Uit sy eie daag Makgoba hier op en toe aan hom gesê word dat hy na die Suidekant van die Letaba-rivier moet trek, het hy geantwoord „dat het niet de plek is waar hy gewoon is te leven“⁽⁶⁸⁾ As hy „zegt dat zijn vader ook hier dood en begraven is“,⁽⁶⁹⁾ dan verstaan ons waarom hy nie so maklik kon trek nie. Die gees van sy vader moes vir hom as voorspraak by die voorvedergeeste dien, en as hy daardie heilige plek verlaat, dan was daar geen voorspraak meer vir hom nie. Hierop vertrek Makgoba maar kom vir die tweede keer, dieselfde dag, weer nadie Lokasiekommissie terug.

Sy optrede is nou uiters slinks. Eers vra hy of hy nie sy eie grond kan kry nie, maar toe dit hom geweier word, besluit hy om liever by Malip te gaan woon. Die kommissie laat Makgoba toe duidelik verstaan dat hy eers moet gaan uitvind of Malip 'n plek vir hom het, en hiervoor is 'n pas nodig. Net voor hy vertrek, probeer hy eers weer iets anders. Hy beweer nl. dat dit nou te .. laat ..

(67) R8577/92 in S.S. 3413, pp. 21, 22, Rapport van die Lokasie-kommissie, d.d. 28.7.1892.

(68) R8577/92 in S.S. 3413, p. 63; S.N. 177, pp. 130,131.

(69) Ibid.

laat is om te trek om nog 'n oes te gaan insit; dan maak hy beswaar dat hy nie waens het om mee te trek nie; dan wil hy nog net een jaer op sy ou plek bly. Die Kommissie bly ogter by sy besluit en gee Makgoba net agt dae kans om uit te vind of Malip vir hom plek het. Hierop verlaat die geslepe kaptein die terrein met die belofte dat twee van sy indoens's, Poulus en Lesibe, die pas later sou kom heel. (70)

Volgens 'n brief van H.P.N. Pretorius, waarnemende voorsitter van die Lokasiekommissie, aan die Kommandant-Generaal en Superintendent van NATURELLE, P.J. Joubert, op 6 Augustus 1892 blyk dit dat Makgoba nooit om die gemelde pas laat vra en Malip nie meer plek in sy lokasie gehad het nie. Pretorius was die mening toegedaan dat Makgoba moeilikheid wil veroorsaak en hy het gereken dat die opstandige kaptein met geweld oor die Letaba-rivier gedruk moet word. (71) In antwoord hierop laat Piet Joubert vir Pretorius weet dat die Regering nie eens is met geweldadige optrede nie, en dat vrede met die kafferstam bewaar moet word. (72)

Met die sitting van die Kommissie op 5 Augustus te Noord-Modjadjesberg verskyn Januarie, 'n broer van Makgoba, op die toneel en deel die lede van die Kommissie die volgende mee:

„Machoba heeft niets meer te zeggen en h'j weigert te doen wat de Commissie van hem verlangt.“ (73)

.. Hier ..

(70) R8577/92 in S.S. 3413, p. 71; S.N. 177, p.132.

(71) R8577/92 in S.S. 3413, Pretorius aan Joubert, d.d. 6.8.1892.

(72) S.R. 816/92 in S.S. 3413, p.111; Telegram van Joubert aan Pretorius, d.d. 6.8.1892; R8577/92 in S.S.3413, p.164.

(73) S.N. 177, pp. 144, 145.

Hier wys Makgoba sy ware kleure, nl. dat hy hom beslis nie deur wette van die Regering gaan laat bind nie.

Die rebel het woord gehou, want op 24 April 1894 rapporteer die Veldkornet van die wyk Houtbosberg aan Joubert dat Makgoba nog nie na Mmama-tlhôla se lokasie getrek het nie, en hy toon ook nog geen tekens dat hy voornemens is om te trek nie. (74)

Dit is duidelik dat namate die Lokasiekommissie se rapporte deur die Regering aangeneem en uitgevoer is, die kafferonluste in Zoutpansberg toegeneem het.

So kritiek het die toestand geword dat daar noodgedwonge in 1894 'n kommando die veld ingestuur moes word.

(74) S.N. 175, Veldkornet aan Joubert, d.d. 24.4.1894.

HOOFSTUK IV.DIREKTE OORSAKE VAN DIE OORLOG IN 1895.(a) Roof en brand.

Die grond waarop Makgoba gewoon het, was eitlik plase wat op die name van wettige eienaars geregistreer was, en mettertyd het die boere op hulle plase kom woon. Aangesien hierdie grond eers aan die Kaptein self behoort het, (so het hy gemeen) het Makgoba glad nie daarvan gehou dat die plase deur blankes bewoon word nie. In die begin was die handjievul Boere magteloos teenoor hom, maar namate die bevolking digter begin word het, het die bewoners minder verdra, en Makgoba het onrustiger begin word en meer vyandighede begin toon.⁽¹⁾ Die Kaffers begin hulle tuine en huise al nader aan die Boere te maak, steek van hulle vee dood, gebruik hul weiding, stig brande en gaan selfs sover om moord te pleeg.⁽²⁾ Die Boere begin kla en trotseer die Kaffers op hulle beurt ook. Daar steek dan seker ook waarheid in Kommissaris van der Merwe se aantyging teen die Boere as hy die volgende aan die Superintendent van Naturelle skryf en die boere is sekerlik nie heeltemal vry te spreek nie.

„Mijn meenswyse van de zaak is dat, de Occupanten grootendeels te blameeren is want zoodra dat er iets gebeurt met hen (sic.) vee of landeryen dan beschuldigen zij de kaffers waardoor dan twist ontstaan.“⁽³⁾

Aan die anderkant sal die volgende paar voorbeelde seker genoeg wees om te illustreer dat Makgoba en sy volk wel

... daarop ...

(1) Munnik, pp. 105, 106.

(2) Hudson, p. 114; R 186/95; R 1531/93.

(3) R186/93 in S.S. 3413, p. 138, Kommissaris van der Merwe aan Joubert, d.d. 8. 12. 1892.

daarop uit was om die Boere agter die Houtbosberg te molesteer, wat direkte oorsake vir die oproeping van 'n kommando in 1894 en 1895 sou wees. So byvoorbeeld skryf die Kommandant-Generaal in die begin van 1894 aan die Regering dat sake in die Zoutpansberge nie so kan voortgaan nie; dat alle natuurlike onmiddellik na hulle lokasies moet terugkeer ---- so nie dan moet hulle met geweld daartoe gedwing word. (4)

Makgoba begin vyandelik optree. Hy val D. Smit, 'n boer naby Haenertsburg, aan; F.C. Ferreira se huis word afgebrand; vee, tuine, 'n ploeg, ens., word weggevoer. H.J. Oosthuizen se vader word vermoor toe Makgoba sy huis afgebrand en tien beeste en sewe- en-vyftig bokke geneem het --- 'n totale skade van £ 108. 8. 0. Philip Botha berig dat die Makgoba-kaffers al die huise wat nog naby Joubertskroon gestaan het, afgebrand en die vee weggevoer het. Ene J. Lowden verloor van sy osse uit sy kraal. (5) Leliesfontein het ook deurgeloopt:

"One night they (Mkgoba se volk) turned all the cattle out of Messrs Altenroschel's kraal at Liliesfontein and although they were disturbed and fired upon, and also returned the fire, they managed to drive off four fat slaughter oxen under cover of the darkness which they killed and scooped right in front of, although out of range of the gun at Fort Bendoracht the following morning, accompanied by boisterous mirth, gesticulations, and dancing, to the usual kafir accompaniment of drum and horns, they were evidently highly satisfied and delighted at their fortunade

.. capture..

(4) Weidemann, p. 6.

(5) In verband met Oosthuizen sien: Z. A. R. 149, K.G.-Verslag; R 2004/95 in S.S. 1268, p.2; K.G. 301/2; R 2783/95 in S.S. 1215; R 3738/95; R2158/95; I.v.m. Joubertskroon sien: R 11555/94 in S.S. 1222; R 12499/94 in S.S.1253; R 12619/94; Joubertversameling, No.1, p.180; C.R. 5072/94 in S.S. 1253; I.v.m. Lowden sien: De Volksstem, d.d. 2. 5. 1895; De Potchefstroomer, d.d. 9. 5. 1895.

capture." (6)

Later as gevolg van plundertogte het talle Boere 'n lys van skades by die Staatssekretaris ingedien en om kompensasië gevra. Die volgende is 'n mooi voorbeeld van hoe hulle die eis uiteengesit het:

"Ik ondergetekende T.A.A. Geyer van den occupatie-plaats⁽⁷⁾ Gluchoff gelegen in den wijk Houtboschberg, verklaar hiermede dat de kaffers mijn huizen hebben afgebrandt en vernield, en dat de schade die ik daarvoor heb geleden is als volgt:

3 ronddavels	£ 15.		
1 huis	£ 30.		
1 tabakshuis	£ 5.		
6 jukken	£ 1.		
3 steenen vorme	£ 1.		
1 rustbank	£ 1 .	10.	0.
lont en dopjes	-	15.	0.
(...?) @ tombank	£ 6 .	0.	0.
balken	£ 2.	10.	
1 hist met (...?)		17/-	
1 zaag	£ 1.	15.	0.
gereedschap en ijzer	3.	0.	0.
1 zak boonen	0.	15.	0.
1 zak aardappeln	0.	10.	0.
1tafel	1.	0.	0.
20 hoenders	1.	0.	0. " (8)

.. Ten ..

(6) Zoutpansberg Review, d.d. 8. 4. 1895. Ons stem nie met die koerant saam nie, want in die argiefbronne word geen woord van osse gepraat nie, ook word daar nie gemeld van die hele kraal wat leeg gesteel is nie, maar net van 42 bokke wat geneem is en ook nie as gevolg van ruie bosse teruggevind kon word nie. Sien hiervoor: R 10968/94 in S.S. 1215, Rapport van Lt. Schutte oor Fort Eendracht, aan die K.G., d.d.15.10.94

(7) Die okkupasië-plaas was plaas wat deur die Regering vir die Boere uitgesit is. Op hierdie plaas kon hulle verniet woon. Die doel hiervan was om die Noorde digter met blankes te bevolk, sodat hulle dan self die opstandige natuurlike kon beheer.

(8) K.G. 301/2; K.G. 301/3, C.R. 984/95; K.G. 301/3, C.R. 3988/94.

Ten spyte van die strooptogte het die Regering van die Zuid-Afrikaanse Republiek tog probeer om sake vreedsaam op te los, maar in die loop van 1894 het sake so sleg geword tot daar 'n kommando opgeroep moes word. (9)

(b) Belastinge.

Indirek het die belastingsmoeilikhede dan ook tot direkte oorsake oorgegaan.

"Also, like many Europeans he (Makgoba) was irked by having to pay taxes. He withheld his taxes, raided cattle, and generally made things unpleasant for the returning Europeans." (10)

Die kaffers het geweier om sensus te laat opneem en om belasting te betaal. Sodra 'n amptenaar kom om hierdie opdragte uit te voer, is hy soms gedwing om die gebied te verlaat. Elke jaar het die saak vererger. So byvoorbeeld toon die statistiek aan belastinginvordering 'n vermindering van £ 5876. 17. 6. in 1893 in vergelyking met die vorige jaar. (11) Sonder wet en orde kon die Z.A.R. nie voortgaan nie en daarom is daar later kragdadig teen die handelswyse van die natuurlike opgetree.

Makgoba het selfs sover gegaan om die wetsagent van Pietersburg te ignoreer. Op 11 April 1894 het Makgoba en sy indocnas --- Jonas, Moshija, Moetata, Sidoeta en nog elf ander, hulle op Agatha verbind (namens hulle stam) om aan M. Jorissen, 'n wetsagent, die som van £ 150 te betaal vir werk wat die Z.A.R. vir die stam laat verrig het. Op 2 Mei meld Jorissen dat Makgoba weier om die res van die skuld te betaal (Hy het reeds £ 16. 16. 6. betaal.) (12)

Aan wette van die Witman wou die Kaptein hom nie steur nie en moes later met sy lewe daarvoor boet.

..Lokasies..

(9) Z.A.R. 149, p.1, K.G. se verslag.

(10) Bulpin, p.78.

(11) R 3863/94 in S.S. 1138; Munnik, p.96.

(12) S.N. 175, Jorissen aan Kommissaris v/d Merwe, d.d.2.5.'94.

(c) Lokasies.

Ook die lokasie- idee laat Makgoba later direk weier om te trek. Nadat hy eers met sy ware kleure voor die dag gekom het, is hy onderdruk.

Op las van die Regering stuur die Kommandant- Generaal op 1 Maart 1894 aan kapteins Tsolobolo, Maupa en Makgoba 'n ultimatum, of laaste waarskuwing, om voor 1 April 1894 hulle bergvestings te verlaat en om te gaan woon op die afgewese grond, ten suide van die Groot Letaba- rivier.

"Reeds meer dan een jaar geleden was Commandant Henning Pretorius bij u en heeft hij U allen aan Macchoba gezegd dat hij niet langer daar op die plaatsen kon wonen en dat hij moest vertrekken. Daarom (daaraan) heeft Machoba en zijn volk niet voldaan. Van tijd tot tijd zijn zware klachten bij de Hoog Ed. Regeering ingekomen en nu eindelijk is er botsing ontstaan en heeft er bloed vergieting plaatsgevonden.

En daarom is het dat ik op last van de Hoog Ed. regeering hiermede gelasten beveel dat jy Macchoba met al uw volk voor den eersten dag van die maand April eerskomende dat is binnen een maand zal trekken en gaan naar de gronden overkant Groot Letaba zooals hun indertijd was bevelen door Commandant Henning Pretorius en dat zoo Machoba en zijn volk aan deze laatste waarschuwing niet voor dien tijd voldoet (,) hij dan met geweld zal worden verdreven en hij met zijn volk verantwoordelijk zal worden gehouden voor alle kosten en Schade daardoor veroorzaakt.

Gedaan en gegeven op last den Hoog Ed. Regeering.

(Geteken) P.J. Joubert,

Commandant- Generaal en

Superintendent van Naturellen." (13)

.. Makgoba.

Makgoba het hom nie aan die bevele van die staat gesteur nie. "Het bleek echter al spoedig dat deze niet van plan waren de orders van het Gouvernement te observeeren."

(14) Dit sou die laaste strooitjie wees wat die kameel se rug gebreek het, want Makgoba rig hierna 'n brief in kaffer-taal aan die forte, wat as dit vertaal word, beteken, dat hy vir 'n lokasie vra, " waaronder zijn tegenwoordige verblijf-plaats moet zijn opgenomen, en waarin hij zijn voornemen herhaalt tot het alleruiterste zullen strijden liever dan zijn stelling op te geven." (15)

In 1892 het die Lokasiekommissie hom reeds aangesê om na Mmamathōla se gebied te trek, en teen 1894 het hy dit nog nie gedoen nie.

(d) Forte. (16)

In 1894 is 'n kommando opgroep wat sonder veel moeite byna al die opstandige kaffers gou op hulle plek gesit het. Makgoba en sy stam het egter in die digte houtbosse ingevlug. Omdat dit toe somer was met baie reëns en siektes, het Piet Joubert die kommando's ontbind, maar om te verhoed dat Makgoba sy strooptogte sou voortsit, is sy moeilik inneembare gebied met forte omsingel.

Waarom die Makgoba-onluste van toe af so snel verloop het, " is vooral aan de fort en de houding van de vijandelijke kaffers zelf te danken." Makgoba het gedurigdeur met die vrywilligers van die forte slaags geraak, "... en het is juist door deze houding van Makgoba (die hij door het optrede der vrijwilligers verplicht was te nemen) dat er in de maand Juni '95 opnieuw een commando tegen dezen rebel uit moest trekken." (17)

.. dié..

(14) Z.A.R. 149, p.1, Laaste waarskuwing aan Makgoba, d.d. 1. 3. 1894; R 2004/94 in S.S. 1268, p. 2.

(15) De Volksstem, d.d. 2. 5. 1895; De Potchefstroomer, d.d. 9. 5. 1895.

(16) Sien ook hoofstuk VI.

(17) R 10034/95 in S.S. 1370; R10034/95, bylaag 7; K.G.301/1.



MNR. HARRY MULLER, 'N VRYWILLIGER VAN
FORT BOTHA. Die foto is later by Fort Hen-
drina (Louis Trichardt) geneem toe hy 'n
Staatsartilleris was.

(Foto- ontwikkeling. Inligtingsdiens, Dept.
Natuurlikesake.)

Die brutale Makgoba moes natuurlik vasgedruk gevoel het toe die forte een na die ander rondom sy hoofstat verrees het. Toe die patrollies begin het om sy tuine te verwoes, was die gort gaar, en hy het hewige aanvalle op die forte en vrywilligers gemaak. (18)

Makgoba se volgelinge skiet op Veldkornet Alberts en ene F. Botha toe hulle boetegelde van hom wou gaan invorder het; twee van Luitenant Schutte se kaffers word doodgeskiet; op 22, en 29 Januarie 1895 vuur die vyand op Fort Vorster se perdewag; op dieselfde dag (20ste) rapporteer Lt. Botha dat die vyand vanuit die bos op 'n burger gevuur het, „De Kaffers schryen nog maar zeer brutaal,“ was Lt. Berry se opmerking, want hulle skiet op sy fort om dan weer vinnig in die rigting van die bosse te verdwyn; Fort Eendracht loop ondoyndere op 3 Maart, 13 en 14 Mei deur. (19) So is daar nog talle meer aanvalle op die forte gemaak, maar ons kan met genoemde voorbeelde volstaan.

Die Regering was tot dusver bang dat hy sy onafhanklikheid sal verloor, (20) indien daar weer kafferoorloë plaasvind. (Dink hier byvoorbeeld aan die Sekukuni-oorlog as rede vir die anneksasie van Transvaal in 1877.) Laat nou ook maar gebeur wat wil --- die Regering kon nie meer langer toesien dat Makgoba met sy strooptogte voortgaan nie. Makgoba het gedink dat hy die Boere met sy gewere (21) en moeilik bekombare hoofstat die hoof sou bied.

.. Onze..

(18) K.G. 301/1, Konsep- verslag van K.G.

(19) Fort Schutte: Joubertversameling, No.1, p. 83, J. van Soelen aan K.G., d.d. 8. 10. 1894; Fort Vorster: R 10968/94 in S.S. 1215; Fort Berry: R 2492/95 in S.S. 1272; Zoutpansberg Review, d.d. 3. 3. 1895; Fort Eendracht: R4987/95; Zoutpansberg Review, d.d. 3. 3. 1895.

(20) Mouton, J.A., Generaal Piet Joubert in die geskiedenis van die Transvaal tot 1884, M.A.- Verhandeling, U.P., 1935, p. 94.

(21) Locale Wette, 1849- 1885, p.12. Art. 6 van die Sandrivier- Konvensie, d.d. 15. 1. 1882. Smokkelhandel in gewere het voortgeduur, ofskoon daar wette was wat dit verbied het. Vir smokkelhandel, sien: Staats Courant, d.d. 17. 5. 1864; R 1579/95 in S.S. 1202; Hudson, p.p.85, 112, 106.

„ Onze opinie is dat de kaffers de gedachte hadden dat wij het nooit zouden wagen hun stat, in die vreeslike kloof gelegen, aan te vallen." (22)

Al genoemde oorsake het die oproeping van 'n Boere-kommando uiteindelik noodsaaklik gemaak.

.. HOOFSTUK V ..

(22) K.G. 303, p. 11.

HOOFSTUK V.

DIE OORLOG VAN 1894 EN DIE OPRIGTING VAN FORTE.

Daar het geen ernstige onluste tussen die jare 1892 tot 1893 in die Zoutpansbergse distrik plaasgevind nie. Geen kommando's is gedurende die tydperk opgeroep nie, maar dit was egter die vraag of dit nie binne afsienbare tyd nodig sou wees nie. Sommige kafferstamme het so brutaal geword dat die posisie byns onuithoubaar vir die Boere begin word het. (1)

Vroeg in 1894 het die kaffers so astringent begin word dat die Veldkornet van Haerlantsburg by die Kommandant-Generaal daarop aangedring het dat aan hom die reg verleen moet word om Boere te verbied om die wyk te verlaat. Omdat Joubert kennis gedra het van die toestande het hy toegestem (2)

Op 30 April 1894 berig die Naturellekommissaris in sy telegram aan die Superintendent van Naturelle dat die kaffers nog steeds baie brutaal is. Die Regering kon nie meer langer stilsit nie, en daarom besluit die Uitvoerende Raad dat Piet Joubert as Kommandant-Generaal, sake in Zoutpansberg persoonlik moet gaan reël. (3)

Vroeg in Mei 1894 kom Joubert in Zoutpansberg aan om eers sake te ondersoek, want hy wou nie sommer 'n kommando op die been bring nie. (4) Dit het egter gou .. geblyk..

(1) Z.A.R. 149, pp. 1-9, Verslag van K.G. oor 1893, d.d. 29.4.1893; R3656/94 in S.S. 1136, Verslag van K.G. oor 1893, d.d. 6.4.1894; Vergelyk ook oorspronklike verslag, R3656/94, p.12, sien ook gedrukte rapport van die Superintendent van Naturelle oor 1893 No.8, 1894 in R3863/94.

(2) R4096/94 in S.S. 1140, Telegram van die Veldkornet aan die K.G., d.d. 19.4.1894; R4096/94 in S.S.1140, Antwoord van die K.G., d.d. 26.4.1894.

(3) R4429/94 in S.S.1144, Telegram, d.d. 30.4.1894; R4371/94 in S.S. 114, R2004/95 in S.S.1268; U.R.B., d.d. 5.2.1894, Art. 86.

(4) R2004/95 in S.S. 1268.

geblyk dat niks anders as mag vir Mmalebôhó (Maleboch) tot vrede sal bring nie.

Direk na die Volksraadsbesluit op 10 Mei 1894 het Joubert 400 manne uit Prétoria, 400 uit Middelburg, 400 uit Rustenburg, 150 uit Waterberg, 150 uit Marico, die staatsartillerie en die burgers van Blouberg laat opkommandeer om die opstandige Mmalebôhó te gaan onderdruk. Alles het so goed gevlot dat die burgers op 25 Junie almal in die hooflaer op Blouberg gestaan het. (5)

Dit het nie al te maklik gegaan om Mmalebôhó uit sy bergvesting te lig nie. Eers op 31 Julie van dieselfde jaar het hy hom onvoorwaardelik aan Kommandant H.P. Malan van die Rustenburgse kommando oorgegee. (6)

Op 8 Augustus kon die burgers huiswaarts keer, behalwe die wat as „aflossing” opgedaag het. Hulle moes saam met die Lydenburgse en Ermelose burgers optrek na die onstelike punt van Zoutpansberg om die opstande te gaan keer in die Houtbosberge, want die oorlog met Maleboch was nog nie eers op 'n end nie toe rapporte van amptenare van Houtbosberg-wyk ontvang is dat stamme soos Tsoolobolo, Maupa, Makgoba, ens., in opstand gekom het. Ook kry Kommandant Vorster bevel om 'n Zoutpansbergse kommando in gereedheid te bring en aan Adolf Schiel word opgedra om na Jouberts-kroon af te kom met 'n Knopneus-kommando bestaande uit tussen drie- en vierduisend. (7)

Die verskillende kafferstamme is gou onderdruk. Op 10 Augustus het die operasies in die Houtbosberge in aanvang geneem, dog as gevolg van die weersomstandighede is dit eers weer op 25 Augustus voortgesit en wel teen die .. Maupa-stam ..

(5) Ibid.

(6) R2004/95 in S.S. 1268; R2004/95 in Z.A.R. 149.

(7) Ibid; Vergelyk ook Mouton, II, pp. 316, 317; Rademeyer, p. 25.

Maupe-stam. Sonder veel skermutselinge is laesgenoemde se hoofstat nog op dieselfde dag verbrand.⁽⁸⁾ Aangesien Mepiet, 'n vroeëre onderkaptein van Modjadji, 'n gevaarlike vyand skyn te wees, besluit die Krygsraad om hom die 28ste aan te val. Hy kon nie lank weerstand teen die oormag Knopneuse bied nie; en moes oorgee.⁽⁹⁾ 'n Dag hierna sonder dat daar 'n skoot geskiet is, gee Tsoolobolo hom onvoorwaardelik oor en laesgenoemde gaan vestig hom toe vir die eerste keer op die afgebakende lokasie, ten suide van die Groot Letaba-rivier.⁽¹⁰⁾

Met Makgoba het dit nie so maklik gegaan nie. Die Kommandant-Generaal het aan Kommandant van Rensburg⁽¹¹⁾ van Rustenburg opgedra om die volgende laaste aanmaning aan Makgoba te stuur om hom oor te gee:

„Laatste Waarschuwing.

Aan Kapitein Magoeba.

Groetenis!

Ik de ondergetekende, Petrus Jacobus Joubert, Commandant-Generaal der Zuid-Afrikaansche Republiek, doe u hierbij weten, dat, daar gij geweigerd hebt aande orders van de H. Ed. Regeering, om naar de voor U aangewezen woonplaats te trekken, te voldoen, en gij u ock hebt verzet tegen alle waarschuwingen en orders u van wege de Regeering der Zuid-Afrikaansche Republiek gegeven; en gij door uwe houding steeds geweest zijt tegen de wettige occupanten, en nu eindelijk in opstand zijt gekomen tegende Regeering,

.. Zoo ..

(8) R2004/95 in S.S. 1268.

(9) Z.A.R. 149, p. 12.

(10) R2004/95 in S.S. 1268, p. 23; Z.A.R.149, p.12.

(11) Ibid.

Zoo is het dat ik de officieren, nu by U zijnde gelast heb, U voor het laatst op te roepen en aan te manen tot onvoorwaardelijke en dadelijke overgave, en verder van U te eischen dat gij dadelijk uitkomt met uw indunas ten einde hen te ontmoeten en rekenschap te geven op de vragen en eischen die zij u namens het Gouvernement te stellen hebben.

Indien gij niet dadelijk uitkomt op ontvangsdezes, dan heb ik hen gelast uwe stad en vesting te bombardeeren en U met geweld tot overgave te dwingen." (12)

Waarom sou die Kaptein nou luister as hy dit nie in die verlede gedoen het nie? Makgoba moes gedwing word en ongelukkig is die aanval die eerste paar dae weens reën["] vertraag. Selfs tot twee keer was die kommando's gereed om op te ruk. Die derde poging het eers geslaag --- gou en maklik is tot by sy hoofstad gevorder en laasgenoemde word ingeneem en afgebrand. Ongelukkig het die Boere daar bedroë["] van afgekrom, aangesien die vyand die digte Houtbosse ingevlug het. (13) Die jaar is daar nie verder teen Makgoba opgeruk nie, want die somer het straf begin word, en bowendien was daar nog 'n paar ander stamme wat onder die knie gebring moes word.

Dit is moeilik om presies te se waarom die Boere hierdie kaptein nie in 1894 verder aangeval het nie. Dicke beweer dat 'n burger en van sy manne van die Lichtenburgse Kommando uit hulle eie gegaan het om van .. Makgoba ..

(12) R2004/95 in S.S. 1268, bylaag H.

(13) R2004/95 in S.S. 1268, p. 23; Z.A.R. 149, p. 12.

Makgoba se bokke te gaan steel. Die Krygskommissaris van voorrade nl. Johannes van Soelen, eien die bokke toe as Regeringseiendom toe. 'Hulle wou dit nie afstaan nie want hul sê die bokke is uit private onderneming in hande gekry. Hierop sou van Soelen glo die bokke laat afneem het. Die ontevrede Boer verlaat toe die Kommando en gaan huis toe. 'n Bietjie later volg van sy vriende sy voorbeeld en so ook die hele Lichtenburgse kommando en later ook die ander kommando's. Toe Joubert sien dat sy kommando's vinnig verminder as gevolg van die episode, het hy nie kans gesien om verder te veg nie en het hy die oorgeblewe burgers afgedank. (14)

Ons is nie geneig om te alle tye met Dicke saam te stem nie. Daar kon wel so 'n drama afgespeel het, wat onenigheid teweeggebring het, maar dat dit alleen die oorsaak sou gewees het dat daar nie verder teen die rebel opgetree is nie, is die grootste onsin. Daar was tog immers in daardie dae ook 'n krygswet, en bowendien is die argiefdokumente meer aanneemlik waar die oorsake toegeskrywe word aan: die klimaat met sy baie reën en malaria gedurende die somermaande; die ploeg- en saaityd vir die boer het aangebreek; „het moet dan ook hoofzakelĳk aan het terrein worden toegeskrever dat Magoebe (die verondersteld werd gevluht te z. v.) nog in de dichte en ruige boschen stand hield," en omdat die burgers nie afgerig en georganiseer genoeg was om die bosse binne te gaan nie. (15)

.. Om ..

(14) Dicke, B.H., Magubu se bokke, Die Huisgenoot, d.d. 27.10.1933, p. 65.

(15) Preller-Versameling, No. 14, p. 103; R10034/95 in S.S. 1370; R2004/95 in S.S. 1268, p. 25; K.G. 301/1; Bulpin, p. 78.

Om terug te kom na die ander stamme ---

Moshutlhi en Mmamathhōla was ook twee vyandige stamme
„In 1894, Moshuti and Mamathola both joined Məkgoba in
his rebellion against the Boers" (16) Dit geluk die
Kommandant-Generaal en sy krygsoffisiere om gou met
Mmamathlhōla en Moshutlhi 'n onderhoud te reël. Die
voorstel van Joubert, nl. dat laasgenoemde twee rebelle
na Pretoria gestuur moet word om hulle vonnis aan te
hoor, is deur die Regering goedgekeur. Op las van die
staat moes die Krygsraad vir die twee stamme 'n woonplaas
sandi en 'n boete van vyf pond op elke lid van die twee
stamme lê. (17)

Op 10 September 1894 trek 'n kommando teen
Rakwadu (Requalie) op. Toe die burgers sy stat bereik,
het hy reeds gevlug; dog later gee hy hom oer en is
toe saam met die ander krygsgevangenes na Pretoria ver-
voer. (18)

Toe is die Reenkoningin, Modjadji, se hoof-
stat omsingel. Dit het die Boere geluk om haar tot
oorgawe te dwing sonder dat daar 'n enkele skoot afge-
vuur is. Nadat daar nou weer rustigheid in Zoutpans-
berg geheers het, kon die kommando's op Woensdag, 24
September 1894, huis toe gaan. (19)

Məkgoba kon nie aan sy lot oorgelaat word nie.
As gevolg van die 1894-mislukking teen die vyand is forte
om die bos opgerig om hom so van die buitewêreld af te


.. sny ..

(16) Short history of the Native Tribes of the Transvaal,
Transvaal Native Affairs Department, 1905, p. 42.

(17) R2004/95 in S.S. 1268, p. 24;
R2004/95 in Z.A.R. 149, pp. 12, 13.

(18) R2004/95 in S.S. 1268, p. 26; Z.A.R. 149, p. 13.

(19) R2004/95, in S.S. 1268, pp. 26, 27;
Z.A.R. 149, p. 13.



OOM CHRISTIAAN MULLER (1882).

Hy het altyd vir sy broer, Harry,
beskuit en biltong gaan wegbring.

sny en die distrik teen verdere aanvalle te beskerm. Ook
„werd verondersteld dat wanneer Magoeba door ons werd in-
gesloten, hij eindelijk wel genoodsaakt zou worden zich met
zijn volk aan ons over te geven.“⁽²⁰⁾

Aangesien die volk van Makgoba, Maupa, Mapiet
en ander gevlug het, en dit onmoontlik was om 'n kommando
teen die vlugteling op die been te hou, was die Krygsraad
dit eens dat die Kommandant-Generaal op 6 September 1894
by die Regering 'n voorstel kon indien vir die oprigting
van twee forte.⁽²¹⁾ Die Uitvoerende Raad het die plan
van Joubert goedgekeur, nl. om Fort Oscar, naby Modjadji
en Fort Burger, naby Agatha te laat oprig. In die regu-
lasies word verder bepaal dat daar vyftig man onder bevel
van 'n Luitenant, in elk van die forte sal wees. Die heel
eerste plig van die forte was om gedurigdeur patrollies
uit te stuur om die vlugteling op te spoor. Hulle moet
ook die gesteelde vee probeer opspoor, die blankes beskerm,
en kaffertuine verwoes. Die vrywilligers sou 12/6 en die
Luitenante 15/-, en die kwartiermeester, Kaptein Oscar
Dahl, 17/6 per dag kry. Laasgenoemde^{is} bevelvoerder ocr
die forte en die geldelike administrasie is aan hom opge-
dra.⁽²²⁾ Hierdie twee forte is op 1 Oktober 1894 op die
vermelde plekke opgerig, respektiewelik onder Luitenante
G.A. du Toit⁽²³⁾ en S.P. Schutte.⁽²⁴⁾

Die Kommandant-Generaal het gereeld opdrag ge-
gee dat daar patrollies moet uitgaan om die tuine van die
vyand te gaan verwoes en om te verhoed dat ander stamme

.. met ..

(20) R1003/95 in S.S. 1370; K.G. 301/1, Konsep-verslag
van die K.G.; Bulpin, p. 77.

(21) R2004/95 in S.S. 1268; Z.A.R. 149; K.G. 301/1.

(22) R9444/94; Z.A.R. 149, p. 4.

(23) Dicke, B.H., Maguba se bokke, Die Huisgenoot,
d.d. 27.10.1933, p. 63. Lt. Gert du Toit was 'n mooi
en groot kerel. Die naturelle het hom die kaffernaam
„Mazurane“ gegee (mooi kerel).

(24) R10034/95 in S.S. 1370; K.G. 301/1; Z.A.R. 149, p.13.

met Makgoba saamwerk. Volgens verslêe van die Luitenant
het hulle hierdie bevele gereeld uitgevoer. So bv. het
Lt. du Toit en sy 50 manskappe in die maand November 'n
totaal van 14,304 myl een patrolliewerk afgelê, dit is 'n
gemiddeld van $9\frac{1}{2}$ myl per perd per dag. Die manskappe het
uitgegaan om tuine te verwoes, ens. Makgoba sou natuur-
lik nie stilsit nie, met die gevolg dat daar gedurigdeur
hewige gevegte tussen hom en die vrywilligers plaasgevind
het. (25)

Gou sou blyk dat die twee forte veels te min
was om die vyand baas te raak. „Het is mij een zaak van
onmogelijkheid om met zoo 'n kleine getal manschappen een
einde aan Magoeba te maken". (26) Die feit dat die
Rebel so hardnekkig volgehou het, is nie alleen aan sy
eie brutale houding toe te skryf nie, maar daar is talle
bewyse dat hy ondersteuning van omliggende stamhoofde soos
bv. Tsoelobolo, Mmamathlôlô, Maupa ens. gekry het. (27)

So bv.

„Selleboel's-kaffers gaan gewapend om Magoeba tot
hulp te wesen. Magoebas Kaffers komen ok naar
Selleboel, zij geven Selleboel geld om millies voor
hen te koop en hy koopt het voor hen by de
witmensen. Ik heb gesien, dat Selleboel kruit
lood en dopjûs aan Magoeba geeft." (28)

Die forte was wel te min om die oormag Kaffers
in toom te hou, maar dit is sekerlik nie weg te redeneer
dat die Luitenant nie altyd hul pligte nagekom het nie.

.. In ..

(25) R12401/94; R12318/94, R12270/94 in S.S. 12222.

(26) R11554/94, Verslag van Lt. Schutte, d.d. 10.11.1894.

(27) R12270/94 in S.S. 1222; R148/95; R126204/94;
R11554/94.

(28) R148/95, Rapport van die Naturelle-kommissaris,
d.d. 22.12.1894.

In 'n brief van Barend Vorster aan Joubert maak hy melding daarvan dat du Toit en Schutte nie hul bes doen om die kaffers te onderdruk nie en daarby skryf hy die grootste oorsaak van hul mislukking daaraan toe dat die forte vol vrouens en kinders was. (29)

Hoe dit ookal sy - Op bevel van Joubert, bring Vorster 'n besoek aan die forte, en hy beveel 'n derde fort op Pypkop aan, aangesien die twee bestaande vestings te min was om Makgoba uit die digte bosse uit te haal. (30) Op sy eie houtjie kon die Generaal nie handel nie, want hy moes eers toestemming van die Uitvoerende Raad kry.

Nog voordat die derde fort goedgekeur is, ontvang Joubert 'n brief van Landdros van Pos waarin hy die Generaal meedeel dat die naturelle nou baie opstandig begin word. Om gedurigdeur meer forte op te rig, sou te veel kos en daarom wil Piet Joubert weet of dit nie moontlik sal wees om 'n kommando, bestaende uit die volk van Matlala en Masibi, die vrywilligers van die forte, en die burgers onder Veldkornet Alberts, gesamentlik teen die vyand uit te stuur nie. (31) Kommandant Vorster meld in 'n telegram aan die Kommandant-Generaal dat hy vir sy plan te vinde is, maar hy is bevrees dat hy nie genoeg burgers byeen sal kan kry nie, aangesien die saaityd aangebreek het en alles in Zoutpansberg nie pluus is nie. (32)

Joubert bly egter by besluit dat daar 'n kommando op 5 Januarie teen die vyand moet opruk. Min burgers sou aan hierdie bevel gehoor gee, want daar was groot

.. dwarstrekker ..

(29) Joubertversameling, No. 2, p. 158, Vorster aan K.G., d.d. 13.12.1894.

(30) R11554/94 in S.S. 1222; R11555/94 in S.S. 1222; R12323/94 in S.S. 1222.

(31) R11555/94 in S.S. 1222; Telegram van K.G. aan Vorster, d.d. 24.11.1894; R12270/94 in S.S. 1222, K.G. aan Vorster, d.d. 24.11.1894.

(32) R11555/94 in S.S. 1222, Telegram van Vorster aan K.G., d.d. 28.11.1894.

dwarstrekkerij. Die burgers sou glo geweier het om sonder betaling op kommando te gaan, omdat die vrywilligers in die forte betaal word. Vorster het glo nie kans gesien om met so 'n klein groepie die magtige vyand aan te durf nie.

Tog gee Vorster bevele aan die Veldkornette van Zoutpansberg; en Naturelle-kommissaris D.J. van der Merwe, om met hulle burgers en sy (v.d. Merwe) kaffer-kommando op 5 Januarie 1895 by die Houtpansberg te wees.

Vorster vra Joubert toe of hy die burgers mag belowe dat hulle na die veldtog vir hulle dienste uitbetaal sal word, anders sal hulle baie onwillig wees om die klowe binne te gaan.⁽³³⁾ Ons kan sannaem dat Joubert baie verontwaardig oor Vorster se versoek, moes gewees het. Sy antwoord lui :

„nu vraagd hulle betaling ik kan alleen zeggen aan de wet moet voldaan worden en volgens de wet zall gehandeld worden als het waar is dat de vijand 1 Kaffers huizen verbrand en de burgers in levensgevaar zijn en de mannen die gecommandeerd worden weigeren gehoor te geven dan ken hulle de verantwoordelijkheid dragen.“⁽³⁴⁾

Op die bepaalde dag het die kommando byeengekom. Op 5 Januarie stuur Vorster 'n brief aan Makgoba dat hy hom moet uitlewer, maar laasgenoemde weier aangesien Piet Joubert hom sal ophang, en daarom sal hy liewers met sy versetbeleid voortgaan.⁽³⁵⁾ Vorster het nie kans gesien om Makgoba met net 115 man en 1,000 naturelle aan te val nie.⁽³⁶⁾

.. Hierop ..

(33) R85/95 in S.S. 1222; R929/95 in S.S. 1253.

(34) R85/95 in S.S. 1222, d.d. 8.12.1895.

(35) De Pers, d.d. 16.1.1895, 9.1.1895.

(36) Joubertversameling, No. I, p.179, en R605/95 in S.S. 1248, Die twee dokumente gee die getalle van die wat opgedaag het vir die kommando van 5 Januarie 1895 as 115 burgers en 1,000 naturelle op. Ons dink dat, De Potchefstroomer, d.d. 16.1.1895, die negatiewe houding van die Boere en naturelle net wou vergroot as hy 100 man en 500 koffers opgee.

Hierop gee die Generaal dan bevel dat Vorster net moet gaan om die vyand se tuine te vernietig en die kommando dan te ontbind. (37) Eers op 8 Januarie 1895 (38) is besluit om die tuine te vernietig, maar weens sterk reën beveel Vorster om nie 'n aanval te maak nie maar patrollies uit te stuur.

Verrotte toestande het voortgeduur en daarom besluit die Kommandant-Generaal om self 'n besoek aan die Houtbosse te bring. Op Maandag, die 14de, vertrek hy van Pietersburg af om 'n vergadering op die 15de met die offisiere van die forte en Kommandant Vorster te hou. Toestande het sleg gelyk en omdat daar nie in die somer teen die vyand opgetree kan word nie en die kommando van 5 Januarie misluk het, is besluit om nog meer forte te bou. (39)

Die brutaliteit van die vyand het toegeneem. Na die besoek van Piet Joubert aan die Houtbosse is op sy aanbeveling besluit om nog drie forte te laat bou, nl. Fort Berry onder Lt. Berry op die Letaba-Hoogtes, Fort Botha onder Lt. Botha op Pypkop en Fort Moulder (Muller) onder Lt. Moulder op Joubertskroon. (40)

Mekgoba is nou deur vyf forte omring. Waarom die opening aan die Ooste van die kloof nie bedek was nie, weet niemand nie. Van hierdie gaping sou die rebelle sekerlik gebruik maak. Dit was dan ook Luitenant du Toit wat hierdie gebrek opgemerk het. Op sy aanbeveling word die sesde fort, nl. Fort Eendracht op 25 Januarie op die die plaas Rookoppies, voltooi. Sersant-majoor Vercuill word toe as offisier oor hierdie fort geplaas. (41)

.. Met ..

(37) Joubertversameling, No.1, p.183; R605/95 in S.S.1248.

(38) R2492/95 in S.S. 1272.

(39) R929/95 in S.S. 1253; R10034/95 in S.S. 1370; R4804/95, in Z.A.R. 149, p. 1; R2492/95 in S.S. 1272.

(40) R10034/95 in S.S. 1370; K.G. 301; R29/95 in S.S. 1253; Dieke, B.H., Die dood van Maguwa, Die Huisgenoot, d.d. 22.12.1933.

(41) R2492/95 in S.S. 1272.

Met die ses forte en die 200 vrywilligers rondom Magoebaskloof, moes Makgoba vasgedruk gevoel het, en die forte hewiger as ooit tevore bestook het.⁽⁴²⁾

Op die lange duur sou die forte nie aan hulle doel beantwoord nie, want die administrasie van die forte was swak, soms was offisier en manskap nagsaande op mekaar; die Luitenant het nie te alle tye hulle pligte opreg uitgevoer nie; die forte het mekaar nie altyd gesteun nie en ten slotte vlug die vyand te maklik in die ruie bosse in, waar selfs 'n kanon⁽⁴³⁾ hulle nie kon uitkry nie.⁽⁴⁴⁾

Ten laaste is daar besluit dat 'n algemene kommando teen Makgoba in die winter van 1895 moet optrek. Vanaf 1 Junie 1895 sou die vrywilligers van die forte nie meer 'n salaris trek nie,⁽⁴⁵⁾ want hulle sou vir algemene krygsdiens opgeroep word, en hiervoor word geen geld betaal nie.

(42) Hoe Makgoba die forte bestook het sien : R2492/95 in S.S. 1272; R2492/95 in S.S. 1273; B.B., No. 18, pp.487-490; De Volkstem, d.d. 2.5.1895; The Star, d.d. 20.4.1895; Zoutpansberg Review, d.d. 18.3.1895; Boerenvriend and Zoutpansberg Advertiser, d.d. 16.3.1895.

(43) B.B., No. 17, p. 549, Daar was twee kanonne by die forte geplaas; Zoutpansberg Review, d.d. 11.3.1895, Die kanon by Fort Zendracht was 'n 6½-ponder.

(44) K.G. 301/2, d.d. 27.4.1895; Boerenvriend and Zoutpansberg Advertiser, d.d. 16.3.1895; R2492/95 in S.S. 1272.

(45) K.G. 301/1, d.d. 27.5.1895.



Die woonhuis op die plaas Modderspruit : Fort Oscar was hier gelee".



Uitsig oor die Letaba-vallei vanaf die staanplek van ou Fort Oscar.



Die oorblyfsels van Fort Berry op die Letaba - hoogtes is hier nog duidelik sigbaar.



A - die plek op Pypkop waar Fort Botha was en B, Fort Eendracht op die plaas Rooikoppies.

HOOFSTUK VI.

ORGANISASIE VAN DIE KRYGSMAGTE.

Die vergadering op Pietersburg, 27.4.1895.

As gevolg van die houding van Makgoba teenoor die forte en bewoners van die omgewing het die Kommandant-Generaal op 27 April 1895 'n vergadering te Pietersburg gehou met die offisiere van die forte, Kommandant Vorster, Veldkornet du Preez, Veldkornet Alberts, Assistent-Veldkornet Botha en Kommissaris van der Merwe. (1)

Nadat Joubert al die lede van die vergadering hartlik welkom geheet het, het hy sommer met die deur in die huis geval. Alles sou nie so maklik gegaan het soos Joubert hom voorgestel het nie, maar tot sy voordeel sou hy bitsig, veral deur Kommandant Vorster, aangeval word.

Beslis het die Generaal daarop gewys dat daar kragdadig teen die Rebel opgetrek moet word; dat daar geen tyd meer te verspil is nie want langer kan sy handelswyse nie geduld word nie. Vir sy voorstel, dat Vorster die 200 man van die forte moet aanspoor om 'n gesamentlike aanval op die vyand te loods, was die vergadering nie te vinde nie. Die offisiere van die forte was dit eens met Vorster dat die vrywilligers hopeloos te min was om die opstandelinge uit die ruie bosse uit te haal. (2) Vorster meen dat dit veel beter sal wees om 'n kommando, bestaande uit tussen 800 en 1,000 burgers en 2,000 naturelle die veld in te stuur. (3) Joubert het later ingestem dat kommando's opgeroep kan word, maar hy laat die vergadering duidelik verstaan dat die "oproep" alleen tot die noordelike distrikte beperk sal wees, en dat die burgers van ander

.. distrikte ..

1) R10034/94 in S.S. 1370; R4441/95 in S.S. 1299, Telegram van K.G. aan sy sekretaris, d.d.27.4.1895; K.G.301/1; K.G. 301/2.

2) K.G. 301/2; R4441/95 in S.S. 1299; K.G. 301/1.

3) K.G. 301/2; K.G. 301/1; R4441/95 in S.S. 1299.

distrikte nie ogeroep sal word nie.⁽⁴⁾ Veral Veldkornet du Preez en Kommandant Vorster (hulle het die krag en swakheid van die Noorde geken) pleit dat die hulp van ander distrikte baie welkom sal wees. Hulle wys daarop dat baie bewoners die distrik, juis as gevolg van die kaffer-onluste, die afgelope paar jaar verlaat het. Die vier wyke van die Zoutpansbergse distrik, nl. Marabastad, Rhenosterpoort, Spelonken en Houtbosberg is maar yl bewoon en moet op ander distrikte steun. In die jaarverslag van 1894 gee die Kommandant-Generaal self die volgende getalle op:⁽⁵⁾

	<u>Mans: 18-34 jr.</u>	<u>Mans: 34-50 jr.</u>	<u>Mans onder 18 en bo 50 jr.</u>
Marabastad	182	115	100
Rhenosterpoort	-	-	-
Spelonken	201	89	39
Houtbosberg	220	97	55
	<u>603</u>	<u>301</u>	<u>194</u>

So was daar in 1894 maar 904 krygspligtige burgers in vergelyking met die 1321 van 1893,⁽⁶⁾ in die hele distrik. Ons kan dus aanneem dat heelwat boere ook in 1895 die Houtbosbergse wyk verlaat het as gevolg van Makgoba en ander se houding. (Vergelyk die vorige hoofstuk oor moorde, diefstalle, ens.)

Nog bly die Generaal by sy besluit dat Vorster so lank die Zoutpansbergers moet oproep, maar lg. het nie .. kans ..

(4) Ibid.

(5) R4078/95 in R8992/96 in S.S. 1528, Jaarverslag van K.G. oor 1894, Bylaag H, d.d. 16.5.1895.

(6) In 1893 was daar 918 mans tussen die ouderdom van 18 en 34 jaar, 301 tussen 34 en 50 jaar en 194 onder 18 jaar en bo 60 jaar. Dit wil sê daar was in 1893, 1321 krygspligtige burgers. Sien R3656/94, Bylaag H.

kans gesien om dit voor die einde van Mei maand te doen nie. „Allen waren van gevoelen, dat ter oorsake van de paarden-ziekte en de buitengewoone koortsziekte dit jaar in de districten van Zoutpansberg en Waterberg heerschende, geene oproeping van een commando mooglijk was of is voor den 1 en Juni“(7)

Piet Joubert kon nie langer as 20 Mei wag om te laat opkommandeer nie, maar wou eers weet wat die Regering se opinie is. Nog dieselfde dag van die vergadering laat Stiemens (sekr. van die K.G.) weet dat die Regering eens is met sy sienswyse „en dat de behandeling der Zaak re Magoeba aan U over“(8)

Oproep van die kommando's.

Ten slotte moes Kommandant-Generaal Joubert ingesien het dat die Noorde nie alleen die stryd kon voortsit nie, want hy vra op die dag van die vergadering magtiging van die Regering tot die oproep van burgers uit die noordelike distrikte, die oproep van naturelle-kommando's vanuit Waterberg, Lydenburg, Pretoria en Middelburg en die optrek van die Staatsartillerie.(9) In antwoord hierop laat Stiemens hom weet dat die Regering meen dat die kaffers van Pretoria en Middelburg nie nodig is nie, aangesien Potgieter en Erasmus genoeg volk kan vind, maar nogtans laat die staat die saak geheel en al aan hom oor.(10)

.. Smee ..

(7) R4809/95 in S.S. 1302, Rapport van K.G. se besoek aan Zoutpansberg, d.d. 13.5.1895. Vir verdere bewyse om te sien dat die koers baie straf was. Sien, Mouton, II, p.319; R2492/95 in S.S. 1272, p.4. Rapport van Lt. du Toit oor Januarie 1895; De Pers, d.d. 1.5.1895; K.G. 301/2, d.d. 27.4.1895.

(8) R4441/95 in S.S. 1299, Telegram van Stiemens aan K.G., d.d. 27.4.1895. Stiemens moes seker 'n mondelinge onderhoud met die Uitvoerende Raad gevoer het, en toe die opdrag aan Joubert gestuur het, want op die datum is daar geen Uitvoerende Raadsbesluit in verband met die saak geneem nie.

(9) R4441/95, Telegram van K.G. aan sy sekretaris, d.d. 27.4.1895.

(10) R4441/95, Stiemens aan K.G., d.d. 21.5.1895.

Smee die yster solank dit warm is. Daarom laat

Joubert nog op 27 April 1895 aan sy sekretaris weet :

„Laat De Kapitein R.A. weten dat het vereischt wordt dat al dadelijk paardenruiters naar Pietersburg op trekken oock dat ossewagens allem beladeng met Kanonen en kanon ammunitie en zulke andere instrumenten of gereedschappen als hier zullen benodigd zijn zooals bylen pikken en graven zoo spoedig mogelijck van daar moeten vertrekken.“(11)

Net twee of drie perderuiters kan die waens vergesel, terwyl die manskappe nog so 'n bietjie kan wag en hulle in gereedheid hou tot nadere kennisgewing. Stiemens laat hom weet (geen datum) dat die artillerie alles in die haak het, maar dat die Kaptein versoek dat hulle almal saam moet trek, en nie in twee groepe nie, want dis 'n dubbele onkoste en dis gewaagd om die kanonne, ens., sonder 'n beskermende wag te stuur. Die Generaal bly egter by sy besluit dat die ammunitie, kanonne ens. sonder versuim gestuur moet word,⁽¹²⁾ aangesien hy dit beoog om die Kommando's op 20 Maart byeen te hê.

Na oorleg met die offisiere op 29 April 1895, gee Joubert opdrag aan die Naturelle-Kommissarise van Lydenburg en Waterberg, nl. Erasmus en Potgieter om op 20 Mei elk met 'n kafferleër by Joubertskroon te wees.⁽¹³⁾ Laasgenoemde sou dan saam met die Zoutpansbergse burgers en naturelle optrek teen Makgoëba wat hom nog steeds in die Houtbos versteek.⁽¹⁴⁾

.. Uiters ..

(11) R4497/95 in S.S. 1299, Telegram van K.G. aan sy sekretaris, d.d. 27.4.1895.

(12) R4497/95 in S.S. 1299, Telegram van K.G. aan sy sekretaris, d.d. 30.4.1895; K.G. 301/1, d.d. 3.5.1895.

(13) K.G. 301/1, d.d. 4.5.1895; de Pers, d.d. 8.5.1895, Naturelle kon opgekommandeer word volgens Wet 2, 1876, p. 650 en Wet 2, 1883, p. 1166, Localen Wette der Z.A.R.

(14) R4762/95 in S.S. 1302, K.G. aan Vorster, d.d. 4.5.1895.

Uiters teleurstellend verneem die Superintendent

van naturelle vanaf Lydenburg dat Abel Erasmus sy volk nie voor 20 Mei byeen sal kan hê nie. Vir 'n oomblik moes die Bevelvoerder nie geweet het wat om te doen nie, want hy wou graag 'n gesamentlike aanval op die vyand geloods het. Nadat Erasmus hom laat weet het dat hy vermoedelik op 28 Mei by Joubertskroon sal wees, het Joubert daarby berus en verder georganiseer dat ook die ander kommando's hulle dan ook eers op daardie datum by die hooflaer moet aansluit. (15)

Kommissaris Potgieter kry ook bevel om op laasgenoemde datum na Houtbos te kom, so ook Erasmus, Kommandant Vorster en Schiel met sy Knopneus-kommando. (16) D.J. van der Merwe, Naturellekommissaris van Zoutpansberg, kry dieselfde opdrag :

„U wordt bij deze opgedragen van uw meest vertrouwbaar en gehoorzaamste volk zooveel mogelijk op te commandeeren en hun zoodanig te bestellen dat zij op den 27 sten dezer maand op twee plekken, d.w.z. te Fort Eendracht en te Joubertskroon met hun twee commando's by elkander komen d.i. het commando van het „Onderveld" komt te Fort Eendracht by elkaar en het andere komt te Joubertskroon bijeen, alwaar zij mijne verdere instructies zullen ontvangen.“ (17)

Reeds in Mei 1894 het die Superintendent van Naturelle, P.J. Joubert, die reg van die Uitvoerende Raad verkry om as Kommandant-Generaal die sake betreffende

.. naturelle ..

(15) K.G. 301/1, d.d. 4.5.1895; K.G. 301/2, d.d. 27.5.1895; R4762/95 in S.S. 1302.

(16) K.G. 301/1, d.d. 4.5.1895; R4809/95 in S.S. 1302.

(17) S.N. 175, K.G. aan van der Merwe, d.d. 10.5.1895.

naturelle in die Zoutpansbergse distrik te reël, wet en orde te herstel en 'n kommando op te roep.⁽¹⁸⁾ Nadat die Uitvoerende Raad die rapport⁽¹⁹⁾ van Joubert ontvang het, het hulle bosef dat die vyandelikhede van Makgoba by die dag kritieker word, en besluit toe „den Commandant-Generaal op te dragen om behalwe den reeds gekommandeerde burgers van het district Zoutpansberg nog andere burgers op te roepen uit de districten Waterberg, Lydenburg en Middelburg en desnoods wanneer vereischt wordt, uit de andere districten ten einde de zâken met Machoba, enz. enz. ten uitvoer te brengen.”⁽²⁰⁾

Nog voor laasgenoemde besluit het P.J. Joubert S.W. Burger, Kommandant van die distrik Lydenburg, gelas om minstens 100 man uit sy distrik op te kommandeer, en beveel dat hulle so moet optrek om gelyktydig met die Kaffer-kommando (Erasmus met sy Swasies en andere) van hulle distrik op 27 Mei by Joubertskroon, of daar naby sal wees. Lydenburg het die bevel uitgevoer, sodat daar 107 burgers van die distrik aan die oorlog deelgeneem het.⁽²¹⁾

Na die Uitvoerende Raadsbesluit van 17 Mei 1895 het kommandeermanne van ander distrikte ook rondgegaan om hulle pligte gou ten uitvoer te bring. So moes die Kommandante, burgers uit hulle distrikte oproep tot die stryd. Uit Middelburg moes 100 man opgeroep word; uit Waterberg 100, uit Pretoria 150 man en uit Rustenburg 200 man en daarby moes elk van laasgenoemde distrikte ook

.. nog ..

(18) z.A.R. 149, R2004/95, d.d. 10.5.1894.

(19) R4809/95, d.d. 13.5.1895.

(20) U.R.B., 17.5.1895, Arts. 344, 366.

(21) K.G. 301/1, K.G. aan S. Burger, d.d. 14.5.1895; K.G. 301/1, C.R. 809/197; R1234/97; E.V.R., 22.2.1897, Art. 384.

nog 'n kafferkommando saambring, (22)

Toe daar begin opgekommandeer word om Makgoba gedurende die wintermaande van 1895 te gaan onderdruk, het koerantmanne die getalle uitermatig hoog voorgestel. So bv. het „De Potchefstroomer" gemeen dat 8,000 blankes opgeroep sal word. (23) Ander koerante het weer die getalle van die naturelle-deelnemers opgeskuif na 12,000. (24)

Daar bestaan geen twyfel dat die getalle vir blanke-burgers en naturelle-deelnemers in albei gevalle veels te hoog geskat is nie. In laasgenoemde geval is dit aanneemliker om die getal op tussen 6,000 en 8,000 te skat, (25) want ons kan nie presies sê hoeveel volk aan die oorlog deelgeneem het nie. In die geval van die blanke burgers; volgens inkomende kommandeerstate aan die Staatssekretaris en die kommandeerlyste sal ons sien dat die Boere minder as 1,000 was:

„Magoeba Commando 1895.

Lijst van personen, die deel genomen hebben aan de Commando, opgemaakte volgens ingekomen staten.

Recapitulatie

District Pretoria.

Wijk Krokodilrivier	56
Wijk Aapjesrivier	34
Wijk Elandsrivier	49
Wijk Witwatersrand	38

Totaal	177

.. District ..

(22) K.G. 301/1; R4809/95 in S.S.1302; K.G.301/2; R10034/95 in S.S. 1370; Boerenvriend and Zoutpansberg Advertiser, d.d. 25.5.1895.

(23) De Potchefstroomer, d.d. 23.5.1895 - Berig in The Press, d.d. 17.5.1895.

(24) De Pers, d.d. 15.5.1895; Zoutpansberg Review, d.d. 13.5.1895.

(25) R10034/95 in S.S.1370 - gee die getalle as 6,000 aan; K.G. 301/1 en De Volkstem, d.d. 14.5.1895, gee die getalle as 8,000 aan.

District Rustenburg.

Wijk Zwartruggens	96
Wijk Elandsrivier	92
	<hr/>
Totaal	188

District Middelburg.

Wijk Olifantsrivier	33
Wijk Steenkoolspruit	28
Wijk Ceylonsrivier	16
Wijk Mapogsgronden	20
	<hr/>
Totaal	97

District Waterberg.

Wijk Zwagershoek	49
Wijk Nylstroom	38
Wijk Piet Potgietersrust	15
	<hr/>
Totaal	102

District Lijdenburg.

Wijk Krokodilrivier	47
Wijk Origstadrivier	18
Wijk Dorp Lydenburg	15
Wijk Steenkampsberg	27
	<hr/>
Totaal	107

District Zoutpansberg.

Wijk Marabastad	110
District Pretoria	177
District Rustenburg	188
District Middelburg	97
District Waterberg	102
District Lijdenburg	107
District Zoutpansberg	110
	<hr/>
Totaal	782 "

.. (Dit ..

KAART III.

Zoutbans-
berg (10)

Rusten-
burg (83)


Pretoria
(102)

Water-
berg
(102)

Middel-
burg
(47)

Buden-
burg
(107)

VERSKIJKENDE DIS-
TRIKTE WAT DEEL-
GENEEM HET RAAD
DIE MARKSOORDOORDS.



(Dit behoort 781 te wees).⁽²⁶⁾

/ In werklikheid het die 781 Boere nie almal teen die vyand opgetrek nie sodat die werklike getal deelnemers dan nog eintlik minder was. Die Rustenburgers het op pad na die slagveld opdrag ontvang om om te draai huis toe. (Sien later)

Alles was nou in gereedheid om na Joubertskroon te vertrek.

Op pad na die Noorde en die aankoms.

Daar is uitdruklik bepaal dat die kommando's wat opgeroep word aan die einde van Mei by Joubertskroon moet wees.⁽²⁷⁾

Soos dit 'n opregte bevelvoerder betaam was Generaal Piet Joubert nie die laaste man wat by die hooflaer aangekom het nie. Vroeg op die mōre van 22 Mei verlaat hy Pretoria met die koets na Joubertskroon. So voorspoedig was die rit dat hy die volgende aand sy aandete met mōre, van Soelen en Devenish te Pietersburg genuttig het. Om 10 vm., die 25ste, verlaat hy Pietersburg om sonder by Houtbosdorp aan te kom. Die volgende dag (Sondag) het hy daar oorgebly tot Maandag-mōre toe hy na Joubertskroon vertrek het.⁽²⁸⁾

Vroeg, op die oggend van die 27ste het Joubert by die vergaderplek aangekom.^(28a) Effens teleurgesteld het hy slegs die burgers van Zoutpansberg en die naturelle-

.. kommando ..

(26) K.G.301/1, C.R.809/1897, R1234/97; Sien ook, E.V.R., 22.2.1897, Arts. 384, 385; Volgens die kommandeerlyste is 750 burgers opgekommandeer, maar meer het egter opgedaag; Sien ook, R4809/95 in S.S. 1302 en K.G. 301/1.

(27) K.G. 301/1, Konsep-verslag van K.G.

(28) The Star, d.d. 22 en 25.5.1895; Zoutpansberg Review, d.d. 24.5.1895; K.G.303, Dagboek van die Magoeba-ekspedisie, pp. 1, 2.

(28a) Volgens Rempel-Koopman, L. Wat Mevrouw Generaal Joubert vertelt, Amsterdam, 1915, p.49, het mevr. Joubert altyd saam met haar man op kommando gegaan. Die bewering is onjuis. Vergelyk, K.G. 301/2, K.G. aan sy sekretaris, d.d. 13.6.1895.

kommando van Kommissaris van der Merwe by Joubertskroon
aangetref.⁽²⁹⁾ Alhoewel Kommandant Trichardt van Middelburg
nog dieselfde dag met ± 100 burgers en 500 vegvolk hulle ver-
skyning gemaak het, moes laasgenoemde weens ernstige siekte
van sy kind dieselfde dag huiswaarts keer.⁽³⁰⁾

Met so 'n handjievool manskappe kon die Kommandant-
Generaal dit nie waag om die vyand storm te loop nie. Hy
het selfs by een geleentheid daarvan melding gemaak dat
100,000 man nodig is om Makgoba uit die ruie bosse te haal,⁽³¹⁾
en daarom kon hy met geen operasies begin voordat daar nie
nog van die ander kommando's opdaag nie.

Daar moes maar geduldig gewag word - Reeds op 20 Mei
1895 het Joubert aan die Rydende-Artillerie laat weet om
sonder enige versuim met die kanonne en ammunisie voor die
20ste by Makgoba te wees.⁽³²⁾ Sonder versuim is alles in
gereedheid gebring, want op Saterdag die 4de vertrek "the
whole of the Pretoria artillery, except the band and tele-
graphists," na die Houtbosse.⁽³³⁾

Dit moes maar moeilik gegaan het om die kanonne oor
die slegte paaie te vervoer. So stadig het die Artillerie
gevorder dat Joubert op 30 Mei van sy sekretaris in Pretoria

.. wou ..

(29) K.G. 301/2, Telegram van K.G. aan sy sekretaris, d.d.
28.5.1895; R5286/95 in S.S. 1308; Ibid, d.d. 28.5.1895;
K.G. 303, p. 1.

(30) K.G. 301/2, Telegram van K.G. aan sy sekretaris, d.d.
29.5.1895; K.G. 303, p.2; De Volksstem, d.d. 5.6.1895.

(31) K.G. 301/2, Telegram van K.G. aan sy sekretaris, d.d.
27.5.1895.

(32) R4497/95, Telegram van K.G. aan sy sekretaris, d.d.
2.5.1895.

(33) Zoutpansberg Review, 6.5.1895; Vir datum van vertrek,
sien ook, De Potchefstroomer, d.d. 16.5.1895; Boerenvriend
and Zoutpansberg Advertiser, d.d. 11.5.1895; De Volksstem,
d.d. 4.5.1895.

wou weet wat van die Artillerie geword het.⁽³⁴⁾ Hierdie mag moes die volgende dag opgedaag het, want op die 31ste is opdrag aan alle offisiere gogee om die Krygsraad van 1.6.1895 by te woon, waar besluit is om Makgoba op die 3de aan te val. Die aanvalsplan en maatreëls bepaal duidelik wat die Artillerie moes doen.⁽³⁵⁾

Adolf Schiel met sy Knopneuse was by die Koedoesrivier, en toe Joubert op 24 Mei by Pietersburg aangekom het, het hy vir eersgenoemde laat weet om onmiddellik met 'n Knopneuskommando na Fort Eendracht op te trek.⁽³⁶⁾ Twee dae later ontvang Generaal Joubert 'n brief van die Naturelle-kommissaris, Adolf Schiel, van Spelonken, waarin hy verneem of die Regering hom as Kommandant oor die Knopneuse sal aanstel en indien dit toegestaan word of Lt. du Toit sy assistent sal wees.⁽³⁷⁾ In antwoord op Schiel se skrywe ag die Generaal dit nie nodig om 'n spesiale aanstelling te maak nie, maar stel hom tevrede met die aanstelling as Opperbevelhebber van sy afdeling, met du Toit as sy assistent, en laasgenoemde moes alle bevele van Schiel uitvoer.⁽³⁸⁾

.. Ofskoon ..

(34) K.G. 302, pp. 33, 34; R5554/95 in S.S. 1311, Telegram van K.G. aan sy sekretaris, d.d. 30.5.1895.

(35) K.G. 303, pp. 3, 4 en 108, no. 6.

(36) K.G. 302, K.G. aan Schiel, d.d. 24.5.1895, p. 10.

(37) K.G. 301/1, C.11/95, d.d. 26.5.1895. Ons moet onthou dat Schiel na Fort Eendracht opgeroep is. Luitenant du Toit was daar in bevel. Schiel vra du Toit as sy assistent om hom te help met sy kommando. Ons is egter die opinie toegedaan dat Schiel hier eersugtige neigings openbaar. Was hy nie dalk bang dat hy moontlik onder Lt. du Toit sou moes staan nie? As dit die geval mag wees, dan is hy nie 'n man met so 'n sterk karakter soos M. v. Niekerk in sy boek, "Adolf Schiel en die Duitse Kommando" pp. 6, 7 meld nie.

(38) K.G. 302; p. 28, K.G. aan Schiel, d.d. 28.5.1895. K.G. 302, pp. 24, 25, K.G. aan Luitenant du Toit, d.d. 28.5.1895.

Ofskoon Schiel reeds op 26 Mei vir Piet Joubert laat weet het dat hy verwag om sy kommando dieselfde- of die volgende dag byeen te hê, ⁽³⁹⁾ (Joubert het hom gevra om hom te laat weet wanneer hy (Schiel) verwag om te Fort Eendracht te wees), ⁽⁴⁰⁾ moes Joubert teleurgesteld aan sy sekretaris in Pretoria laat weet het dat hy nog niks van Schiel gehoor het nie. ⁽⁴¹⁾ Schiel moes laterig dieselfde dag (30e) by Fort Eendracht aangekom het, want hy bedank Joubert op 30 Mei vanaf die fort dat hy as bevelhebber aangestel is, en spreek die hoop uit dat hy op dieselfde wyse as Kommissaris Potgieter van die vorige jaar 'n salaris sal ontvang. 'n Bietjie later bedank Kaptein Schiel die Generaal dat hy oor die Knopneuse ook as Naturelle-kommissaris, met 'n salaris aangestel is, maar meld ook dat hy 'n stem in die Krygsraad wil hê, anders sien hy nie kans om sy volk te regeer nie. ⁽⁴²⁾ In plaas van om die Bevelvoerder eerstens van sy aankoms te verwittig, was hy meer bekommerd oor sy eer en posisie en geld.

Daar kon nog nie met ware aanvalle begin word nie, want al die kommando's was nog nie by die hooflaer nie, en daarom het Joubert nog maar gewag.

.. Op ..

(39) K.G. 301/1, C.8/95, d.d. 26.5.1895.

(40) K.G. 302, p. 29, K.G. aan Schiel, d.d. 28.5.1895;
K.G. 302, p. 39, Schiel aan K.G., d.d. 28.5.1895.

(41) K.G. 302, pp. 33, 34, K.G. aan sy sekretaris d.d. 30.5.1895;
R5554/95 in S.S. 1311, K.G. aan sy sekretaris, d.d. 30.5.1895.

(42) K.G. 301/1, Schiel aan K.G., d.d. 30.5.1895.
(Die dokument oor die salaris wat Schiel sou ontvang kan nie teruggevind word nie).
Die kwessie dat Adolf Schiel 'n salaris wou trek, toon weereens nie 'n mooi karaktertrek nie. Die Kommandante van die Boeremagte het geen geld ontvang nie. Waarom moes Schiel dan in die spesifieke geval? Waarom was hy so begaan om 'n stem in die Krygsraad te kry? Ons is van mening dat hy graag wou maak soos hy wou en 'n belangrike persoon wou wees. 'n Ware krygsman is hy nie in die geval nie. Sien ook later sy houding in verband met die eerste aanval op Makgoba. Vergelyk, Voetnoot 37.

Op 29 Mei 1895 vra Joubert aan die Landdros van Pietersburg of hy nog niks van die Waterberg-regimente verneem het nie. Die volgende dag berig hy aan Pretoria dat hy nog niks van Waterberg, Lydenburg, Pretoria, Schiel en die artilleriste gehoor het nie.⁽⁴³⁾ Gelukkig het Schiel, die artillerie en Waterberg op hierdie dag van hulle laat hoor. Toe Joubert berig van die klerk van die Naturelle-kommissaris van Piet Potgietersrust ontvang het dat Waterberg se kommando's by Pietersburg aangekom het, het hy sonder versuim aan die magasynmeester 'n telegram gestuur met die opdrag dat Waterberg se kommando's dadelik na die Houtbosse moet kom. Ter nouer nood het dan ook hierdie afdeling van manne en kaffers Joubertskroon op 3 Mei 1895 bereik.⁽⁴⁴⁾

Terwyl daar op die kommando's van Pretoria, Lydenburg en Rustenburg gewag is, is voorbereidings vir 'n aanval getref. Ons sal die aanvalle en voorbereidings in die volgende hoofstuk bespreek, want ons wil graag nog eers die oproep en aankoms van die vermelde drie magte behandel.

Die Pretoria-kommando, bestaande uit 177 man en 'n twintigtal waens het almal onder Veldkornette Glas en Opperman op die vooraand van hulle vertrek uit Pretoria, by Wonderboompoort byeengekom. "De burgers schene wel gemoed en de paarden en ossen zagen er uit als in goede conditie. Er waren een twintigtal wagens bij mekaar." Met hulle vertrek op 24 Mei na die Noorde het baie belangstellendes .. die ..

(43) K.G. 301/2, Telegram van K.G. aan die Landdros van Pietersburg, d.d. 29.5.1895; K.G. 302, K.G. aan sy sekretaris, d.d. 30.5.1895; Vergelyk ook. R5554/95 in S.S. 1311, K.G. aan sy sekretaris, d.d. 30.5.1895.

(44) Landdros Brieweboek, Argief Zoutpansberg, No. 18, 1895, p. 6; K.G. 301/2, Telegram van K.G. aan die magasynmeester van Pietersburg, d.d. 30.3.1895; K.G. 301/2, Telegram van K.G. aan sy sekretaris, d.d. 31.5.1895; K.G. 303, p. 3.

die burgers kom groot, „Verscheiden bezoekers uit Pretoria, te paard of per voertuig, bevonden zich ter plaatse”⁽⁴⁵⁾

Die pad was moeilik en ver, en eers op die elfde dag na hulle vertrek het die manne en waens op 4 Junie by Pietersburg aangekom.⁽⁴⁶⁾

Piet Joubert was haastig en het versterking verwelkom, want die eerste aanslag op die vyand (3 Junie) was nie 'n sukses nie. Dit is dan ook met vreugde dat hy aan kaptein Adolf Schiel en sy sekretaris die blye tyding meegedeel het dat die Pretoria-regiment op 6 Junie by die hooflaer ingetrek het.⁽⁴⁷⁾

Naturelle-kommissaris Abel Erasmus en Veldkornet David Schoeman het op 23 Mei, Lydenburg met hulle kaffer-kommando, Swasie-mag,⁽⁴⁸⁾ en burgers verlaat, op pad na Magoebaskloof.⁽⁴⁹⁾ Op die 24ste ontvang Joubert berig van Erasmus dat hy hoop om die volgende aand op Houtbosberg te

.. wees ..

(45) De Pers, d.d. 5.6.1895; Vergelyk ook, De Volksstem, d.d. 22.5.1895.

(46) Zoutpansberg Review, d.d. 7.6.1895; De Volksstem, d.d. 5.6.1895.

(47) K.G. 302, p. 61, K.G. aan Schiel, d.d. 7.6.1895; K.G. 301/2, Telegram van K.G. aan sy sekretaris, d.d. 7.6.1895; K.G. 301/1, K.G. aan Schiel, d.d. 7.6.1895.

(48) Ons kan nie sommer aanneem dat daar 'n Swasie-mag in Lydenburg was nie, want Lydenburg is in 1895 veral deur Satho-stamme bewoon. Tog is dit moontlik dat daar so 'n mag kon saamgegaan het, want volgens van Warmelo, N.J., A Preliminary Survey of the Bantu Tribes of South Africa, p. 86, het die Swasies aan die end van die 18de eeu van die Zoeloe's af weggebreek en hulle toe in Swasieland kom vestig; Native Affairs Department, p. 51, Short history of the Native Tribes of Transvaal, 1905, meld ook dat Joubert 'n aanval op Makgoba met Swasies gemaak het; De Volksstem, d.d. 5.6.1895, meen dat tussen 200 en 300 Swasies na Makgoba opgeruk het.

(49) De Pers, d.d. 29.5.1895; De Volksstem, d.d. 25.5.1895.

wees.⁽⁵⁰⁾ Aan die einde van die maand en selfs na die eerste gesamentlike aanval op Makgoba, was die Lydenburgers nog nie daar nie.⁽⁵¹⁾ As gevolg van oponthoud meld Erasmus dat hulle nie voor die 6de of 7de Junie by Jouberts-kroon kan wees nie.⁽⁵²⁾ Toe die twee magte op 7 Junie 1895 by Magoebasbos uitgespan het, het almal hulle baie hartlik verwelkom, maar ongelukkig het agtien burgers wat opgekommandeer was nie gearriveer nie, (Hulle is reeds op 26 Mei 1895 beboet.⁽⁵³⁾) wat sekerlik 'n enigszins neerdrukkende invloed moes gehad het. Daar is reeds so lank op die Lydenburgers gewag, en nou het hulle almal nie eers na die slagveld gekom nie. Hoe dit ook sy, Abel Erasmus en sy impi's sou nie lank na hulle aankoms nie, die finale slag aan die vyand toedien.

Die rol van die Rustenburgers was bra klein. Die opgekommandeerde burgers het op 29 Mei onder Veldkornet Eloff te Syferfontein, op die plaas van ene Muller byeengekom, waar hulle die volgende dag God's rykste seën deur die leerlinge van die Waterkloofskool toegesing is toe hulle in groot opgewondenheid en in 'n goeie gees onder die weerklanke van die Transvaalse volkslied na die Zoutpansbergse distrik vertrek het.⁽⁵⁴⁾ Terwyl hulle op pad was, het die Kommandant-Generaal aan die Rustenburgse kommando laat weet dat, aangesien Makgoba gesneuwel het, hulle maar kan omdraai huis toe. Sy bevel is uitgevoer en almal het goed by hulle huise aangekom.⁽⁵⁵⁾

(50) K.G. 301/2, Erasmus aan K.G., d.d. 24.5.1895.

(51) K.G. 302, K.G. aan sy sekretaris, d.d. 30.5.1895; R554/95 in S.S.1311, K.G. aan sy sekretaris, d.d. 30.5.1895; K.G. aan sy sekretaris, d.d. 3.6.1895.

(52) K.G. 301/1, Erasmus aan K.G., d.d. 4.6.1895; Erasmus meld nie wat die vertraging veroorsaak het nie.

(53) K.G. 303, p. 14.
K.G. 301/1, d.d. 26.5.1895; Vir boetes sien bylaag een.

(54) De Pers, d.d. 25.5.1895; De Volksstem, d.d. 4.6.1895.

(55) De Volksstem, d.d. 25.6.1895.

HOOFSTUK VII.

LAASTE VOORBEREIDINGS.

Proviand.

Nog voordat, en namate die kommando's by Joubertskroon opgedaag het, is voorbereidings vir ammunisie, kosvoorrade, ens. getref.

Op 7 Mei 1895 dra Joubert aan sy sekretaris op om toestemming van die Regering te probeer verkry dat hy van Soelen kan belas met die aankoop van slagvee, mielie-meel, ens. In antwoord hierop meen die Regering dat Krygskommisaris, Meyer, genoemde sake moet beheer. So stuur die Kommandant-Generaal nog op dieselfde dag 'n telegram aan die Landdros van Rustenburg om Meyer te beveel om sonder versuim na Pietersburg af te reis; ⁽¹⁾ nadat die Regering vir F.C. Meyer as Krygskommisaris vir die kommando teen Makgoba aangestel het. ⁽²⁾ Meyer het nie op hom laat wag nie, en het vroeg op Sondagoggend, 8 Mei, met die eerste koets na Pietersburg vertrek. ⁽³⁾

Toe Joubert op 24 Mei by Pietersburg aangekom het, het hy gevind dat die magasyn daar maar bra leeg was, daarom gelas hy vir Stiemens om so spoedig moontlik 'n 100,000 "grootte dopjes" en "een macht" M.H. patrone na die magasyn te stuur. Aangesien die Krygskommisaris egter 'n goeie aantal gewere en heelwat ammunisie met hom saam het, hoop Stiemens dat dit die tekort sal aanvul. ⁽⁴⁾

Die tekort sou nog nie aangevul wees nie, want op die

..28 ste ..

(1) R 4657/95 in S.S. 1300, d.d. 7. 5. 1895.

(2) K.G. 301/; R 10034/95 in S.S.1370.

(3) R 4647/95 in S.S. 1300, Telegram van Landdros van Rensburg aan K.G., d.d. 8. 5. 1895.

(4) K.G. 301/2, K.G. aan sy sekretaris, d.d. 24. 5. 1895;

K.G. 301/2, Antwoord van Stiemens, d.d. 24. 5. 1895.

28 ste vra Piet Joubert vir sy sekretaris om per kerende pos nog 20,000 „grootte geweerdopjes" na Haenertsburg te stuur. Twee dae later was die voorraad patrone by Pietersburg en daarom vra Joubert aan Meyer om dit saam met die waens van die Waterbergers na die Houtbosse te stuur. (5)

Om een/of ander rede het die waens van die burgers van Waterberg nie die ammunisie saamgebring nie, want op 1 Junie wou Joubert van die magasynmeester weet wat geword het van die 20,000 doppies wat per pos gestuur is, en of die 93,000 patrone wat met waens van Pretoria af ..is, nog nie by Pietersburg aangekom het nie. (6) Ook verneem die Waarnemende Landdros van Pietersburg of hy (Meyer) die 20,000 koeëls al afgestuur het wat hy (die Landdros) aan hom gestuur het, maar toe het Meyer alreeds die koeëls per pos gestuur. (7) Joubert wou seker maak dat die ammunisie nie te min is nie, daarom telegrafeer hy later dringend aan Nylstroom dat alle ammunisie wat in hulle magasyn is na Joubertskroon gestuur moet word. (8)

Daar was nooit 'n tekort aan ammunisie nie, want toe daar twee waens met kruit na 9 Mei op Joubertskroon aangekom het, het die Generaal vir Meyer dit kwalik geneem dat hy die koeëls sonder enige opdrag gestuur het, en hom goed laat verstaan dat hy moontlik vir die transsportkoste verantwoordelik gehou sal word. „Het transport van die goederen niet direct aan u gevraagd zal ik niet de Regeering recomendeeren te betalen." (9)

.. Joubert ..

(5) K.G. 301/2, Telegram van K.G. aan sy sekretaris, d.d. 28. 5. 1895; K.G. 301/2, Telegram van K.G. aan Meyer, d.d. 30. 5. 1895.

(6) K.G. 301/2, Telegram van K.G. aan Meyer, d.d. 1. 6. 1895.

(7) Landdros Brieweboek, No. 18, Argief Zoutpansberg, pp. 779, 783, K.G. 301/1, B.A.A. 1373/95, Waarnemende Landdros aan K.G.

(8) K.G. 301/2, Telegram van K.G. aan Landdros van Nylstroom, d.d. 1. 6. 1895.

(9) K.G. 301/2, K.G. aan Meyer, geen datum.

Joubert het aan die verskillende kommando's op Jouberts-kroon opdrag gegee dat hulle verslag aan hom moet doen oor hoeveel slagvee, mielie-meel, geld, boeremeel, mielies, voer, komberse klere, ens., opgekommandeer is, en hoeveel nog in voorraad is. (10) So het hy presies geweet hoe en waar die tekort aangevul moes word. Dan gee hy die reg aan die Krygskommissaris om die tekort aan te vul. (Vir verdere uitgawes sien die laaste hoofstuk.)

Schiel se voedselvoorrade en ammunisie is na Fort Berry gestuur, waar hy dit dan met tussen 200 en 300 Knopneuse kom haal en laat dra het na Fort Eendracht. (11)

Wat proviand betref, was alles gereed om 'n aanval op die vyand te waag, maar voordat daar tot gesamentlike optrede oorgegaan is, was daar nog ander sake om af te handel.

b) Verrigtinge tot en met die Krygsraadsvergadering van 1 Junie 1895.

In hierdie gedeelte sal dit sekerlik tot ons deurskemer dat die Z. A. R. nie blindweg bloed wou laat vloei nie, maar tot die laaste moment versoenend teen Makgoba en sy stam wou optree.

Met sy eerste besoek aan die Zoutpansberge, het Joubert aan D.J. van der Merwe, Naturelle-kommissaris van Rhenosterpoort, 'n skrywe gerig dat sy opdrag wat hy reeds gegee het, naamlik dat daar toegesien moet word dat ander naturelle (12) nie met Makgoba en sy rebelle mag omgaan nie, nie streng genoeg toegepas word nie. Daarom dra hy weer aan van der Merwe op om bodes na die omliggende kapteins te stuur om hulle goed te laat verstaan dat hulle

.. goen ..

(10) K.G. 302, d.d. 27. 5. 1895. Vir wat alles presies opgekommandeer is en die goedere in voorraad, sien die inkomende state van die verskillende wyke: K.G. 304, pp. 1-5; K.G. 301/1.

(11) K.G. 302, p. 26.

(12) „Met Naturellen bedoel ik zoowel meiden en kindern als Man-kaffers. K.G. 301/1, K.G. aan v/d Merwe, d.d. 4.5.1895.

geen kommunikasies met die vyand mag hê nie, want sodanige oortreders sal as verraaiers beskou word. (13) Soos ons later sal sien, het hierdie opdrag nie die gewenste uitwerking gehad nie.

Namate die kommando's na die Noorde voortbeweeg het, moes Makgoba benoud begin raak het en sekerlik daaraan gedink het om te probeer ontvlug. Die Naturelle-kommissaris van Rhcnosterpoort was dan ook die opinie toegedaan dat maatreëls getref moet word om te verhoed dat die vyand die bos uitvlug. (14)

Toe Joubert op 25 Mei by Houtbosdorp aankom, het hy dadelik voorbereidings getref dat die ander stamme die rebelle nie verskuil mag hou nie en dat hulle nie mag ontvlug nie.

So stuur die Generaal 'n brief aan sendeling Reuter van Modjadjesberg dat die volgelinge van die Rebel wat in die digte Houtbosse skuil en telkens te voorskyn kom om die forte verradelik aan te val en dan weer verdwyn, nie meer langer in die bosse mag skuil nie. Hy (Joubert) dink ook dat Makgoba moontlik sal uitvlug na Modjadji of Makhado se kant toe. Joubert was bang dat eersgenoemde die ander stamme sal opstook tot die stryd, daarom vra hy dat Reuter boodskappers moet uitstuur om die stamme aldaar te waarsku dat hulle as „veraderen met de uiterste van de wet gestraft zal worden,” indien hulle met die rebelle saamwerk. Niemand mag die volk van Makgoba ontvang of ONDERSTUIN NIE, en indien dit later so mag blyk, sal die oortredende volk of volke verantwoordelik gehou word, „en zal die in zijne plaats moeten komen om alle schade en .. onkosten ..

(13) K.G. 301/1, K.G. aan van der Merwe, d.d. 4. 5. 1895.

(14) K.G. 302, Van der Merwe aan K.G., d.d. 24. 5. 1895;
S.N. 175, d.d. 4. 5. 1895.

onkosten van het Goewerment te betalen en voor Makgobas part gestraft te worden." (15) Verder moet 'n belofte aan die een gedoen word wat Makgoba dood of lewendig aan enige-amptenaar of persoon van die Z. A.R. uitlewer, nl. dat al sy onkoste wat tot die uitlewering gelei het, aan 'n sodanige persoon uitbetaal sal word en dat hy 'n beloning van dertig beeste sal ontvang. (16)

Joubert moes die idee, naamlik om 'n laaste waarskuwing aan Makgoba te stuur voordat daar met wapengeweld teen hom opgetree word, reeds lankal in sy kop gehad het, want op 25 Mei rapporteer A.P. van der Merwe dat hy Joubert se telegram ontvang het waarin hy vra dat indoenas en kapteins van Mmamathhōla, Tsolobolo, Moshutlhi, Mogobōya en ander op 27 of 28 Mei na Joubertskroon moet kom. Van der Merwe het die gesante volgens opdrag gestuur. (17)

Met sy aankoms op die 27 ste te Joubertskroon, het Joubert 'n laaste waarskuwing uitgeskryf wat aan Makgoba gestuur sou word. (18) Die stamme se verteenwoordigers het nog nie opgedaag nie, en daarom skryf die aanvoerder van die kommando's aan die Luitenant van Fort Burgers dat hy 'n patrollie manne moet uitstuur om Tsolobolo, Mmamathhōla ens. elk met tien of meer indoenas na Joubertskroon te bring. (19) Nog dieselfde dag het die indoenas na die hoof-

..laer ..

(15) K.G. 302, K.G. aan sendeling Reuter, d.d. 26. 5. 1895; Vergelyk ook: K.G. 301, K.G. aan sendeling Reuter, d.d. 26. 5. 1895.

(16) Dicke meen dat vyftig beeste as beloning uitbetaal sou word. Dicke, B.H., Die dood van Maguba, Die Huisgenoot, d.d. 22. 12. 1933, p.61. Ons stem nie met hom saam nie, want daar is net dertig beeste betaal. Sien: K.G. 302, K.G. aan Reuter, d.d. 26. 5. 1895; K.G. 303, pp.1, 20; Menere Joubert, Reed, Venter en Muller onthou ook nog goed dat net dertig beeste as beloning uitbetaal is.

(17) K.G. 301/1, A.P. van der Merwe aan K.G., d.d. 25.5.1895.

(18) R10034/95 in S.S.1370, d.d. 27. 5. 1895; K.G. 301/1, Konsep- verslag van K.G.

(19) K.G. 302, K.G. aan die Lt. van Fort Burgers, d.d. 28. 5. 1895, pp.18, 19.

laer gekom. (Tsolobolo was al op pad voordat die patrollies na hom vertrek het.) (20)

Generaal Piet Joubert kon sy planne, nadat die verskillende naturelle- gesante opgedaag het, ten uitvoer bring. Die volgende oggend word die eerste Krygsraadsvergadering in die hooflaer gehou. (21) Die Kommandant- Generaal, Kommandante Vorster en Trichardt, Veldkornette du Preez, Alberts, Willemse, Pretorius, van Rensburg, van der Merwe, Briel, Kaptein Erasmus van die artillerie, Naturelle- Kommissaris D.J. van der Merwe, Krygskommissaris Meyer, en nog 'n paar ander persone het reeds vroeg die môre hulle plekke in die vergadersaal ('n tent) ingeneem. Joubert het die wens uitgespreek dat daar 'n laaste kans aan Makgoba gegee moet word. Daarna het hy die ultimatum aan die vergadering voorgelêes, en aanbeveel dat vyftien van die indoenas wat na Joubertskroon gekom het, die brief na Makgoba moet neem. Die hele vergadering was eens dat so 'n laaste vredesboodskap aan die kaptein gestuur moet word. Verder besluit hulle ook dat twee kaffers van elk van die volgende stamme die brief moet oorneem, nl. van Molêpô, Mmamabolo, Rakwadu (Requalie), Sekgôpô, Tsolobolo, en Sekwala.

Die kaptiens of hulle verteenwoordigers van die sewe stamme word toe binne geroep. Joubert spreek hulle ernstig aan: Indien daar uitgevind word dat hulle vir Makgoba en sy volk help, sal hulle na 'n ander distrik verplaas word. Hierna het die Generaal aan hulle verduidelik wat die doel van die brief is wat na Makgoba gebring moet word. Die kaptiens het die tent verlaat en elkeen het twee van hulle getrouste onderdande gaan roep. Nadat die inhoud van die .. brief ..

(20) K.G. 303, p. 2.

(21) K.G. 303, Notule van die Eerste Krygsraad, gehou te Joubertskroon, d.d. 29. 5. 1895, pp. 101 - 103.

brief twee keer aan hulle vertolk is, het hulle die opdrag ontvang om die inhoud soos vertolk, aan Makgoba te gaan oorvertel, die brief aan hom te oorhandig en 'n boodskap terug te bring.

Salomon, 'n oorlamse en betroubare skepsel van die Kommandant van Middelburg, het as onpartydige saam met die ander veertien met die ultimatum, of laaste waarskuwing, op 29 Mei 1895 na Makgoba se hoofstat vertrek. Dit lui as volg: (22)

„ Joubertskroon

29 Mei 1895.

Magoeba, Kapitein !

Groetenis !

Ik heb de toestand van dit district en deze gewesten lang gadedeslagen. De Forten waar vrijwilligers geplaatst waren voor de veiligheid en bescherming van de menschen van Houtboschberg werden gedurig door u bedreigd en zelfs aangevallen. Menschen die van eene fort of part van den berg naar de andere gingen en werden door uw volk gemolesteerd en gewapend aangevallen, en op verraderlijke wijze doodgeschoten. Ik ben nu hier gekomen om van u te vorderen dat gij en uw volk u overgeven en uitkomen uit de bosschen en uit uwe vestingen om behandeld te worden overeenkomstig de wetten des lands.

Deze laatste waarschuwing geeft u ook de laatste kans om u leven van den kogeldood te bevrijden of krijgsgevangene gemaakt te worden. Zoo gij aan deze oproeping niet dadelijk voldoet, dan wordt gij hiër-

.. mede ..

(22) R5554/95 in S.S. 1311, Kopie- ultimatum van K.G. aan sy sekretaris, d.d. 17. 10. 1895; R10034/95 in S.S. 1370, Bylaag F, Ultimatum; Vergelyk ook: K.G. 302, p.33; K.G. 301/1, Konsep- verslag van K.G. d.d. 27; 5. 1895; K.G. 302, pp. 20 - 23; Boerenvriend and Zoutpansberg Advertiser, d.d. 1. 6. 1895; De Potchefstroomer, d.d. 6. 6. 1895.

mede in naam van de Hoog Edele Regeering des Lands en namens het volk der Z.A.Republiek, ontzet en verval-
len verklaard van uw kapiteinschap en gij wordt ge-
last al het volk zulks duidelijk te doen verstaan en
zulks bekend te maken, terwijl die volk nie na deze
waarschuwing zich nog aan u blijven houden en de wa-
pens als rebellen tegen den Staat hebben opgevat en
blijven dragen, hoofd voor hoofd elk voor zich zelf
verantwoordelijk en schuldig zal zijn, en daar er na
deze waarschuwing geen kans voor overgawe of wapen-
stilstand wezen zal, en ook geen kwartier of pardon
verleend zal worden, zoo wordt gij en al het volk ge-
waarschuwd en ten stelligste aangezegd om alle vrou-
wen en kindern en weerlooze ouden, enz. te doen uit-
komen en uit uwe gelederen te verwijderen, opdat zij
ook niet omkomen in het door u voor uw zelf bereide
verderf.

Alle verantwoordelijkheid zal voor uwe rekening
zijn, en alle verdere bloedvergieting die er moge
komen is voor uw rekening, daarom nogmaals, geef ge-
hoor aan onze waarschuwing opdat er geen verder bloed
mag vallen ! Deze is de laatste goede raadgeving die
ik u kan doen, ik de Commandant- Generaal.

P.J. Joubert."

Aangesien die boodskappers die volgende oggend nog nie
opgedaag het nie, het Joubert onrustig begin word. Hy
stuur toe twee bodes met 'n pas om te gaan verneem waar
die afgesante so lank vertoef:

„Pas voor Ramala en Moetiomella naar Magoeba om te
gaan vernemen waar de boden blijven die gistern naar
hem gezonden waren met den brief.

Joubertskroon, 30 Mei 1895.

P.J. Joubert.

Commdt.- Generaal."

(23)

Teen twaalfuur die middag was die boodskappers almal terug in die laer. Die een wou nuskieriger wees as die ander om te verneem wat die Kaptein se antwoord was. Die vyftien - tal rapporteer dat hulle Makgoba nie self gesien het nie, en dat lg. se indoenas gedreig het om hulle dood te maak en hulle belet het om na sy hoofstat te gaan. (24)

„Zij werden geschopt, gestampt, en tot vier

malen toe werden zij met overgehaalde geweren bedreigd!“

(25) So het hulle onverrigtersake na die hooflaer terruggekeer. Die vyftien is verhinder om Makgoba self te sien en sy indoenas het hulle goed laat verstaan dat indien hulle weer so 'n tog sou waag hulle godood sou word.

Op die agterkant van die koevert (25a) waarin die ultimatum was, het Makgoba in Sesotho, as dit vertaal word, die volgende geskryf:

„Ik heb niets met u te doen, wat heb ik tegen u gedaan dat gij my zoo wilt vertrappen „Makgoba“. (26)

Nadat Makgoba hardnekkig volgehou het dat hy hom nie sal uitlewer nie, het daar vir die Z.A.R. net een weg oopgebly, naamlik dit wat hulle voor gevrees het, het aangebreek --- Oorlog.

Die eerste paar dae nadat Makgoba botweg geweier het om hom oor te gee, het verbygegaan sonder dat daar veel verrig is. „Het bosch geheel te omsingelen bleek eene .. onmogelijkheid ..

(24) K.G. 303, p. 3; K.G. 301/2, Telegram van K.G. aan sy sekretaris, d.d. 31. 5. 1895; De Volksstem, d.d. 30. 5. 1895.

(25) Boerenvriend and Zoutpansberg Advertiser, d.d. 1. 6. 1895; Vergelyk ook, K.G. 303.

(25a) Die brief is deur twee- en- twintig van Makgoba se indoenas na hulle kaptein geneem, en hulle het sy antwoord wat agterop die koevert geskrywe was, aan die vyftien afgevaardigdes gebring. Sien die volgende bladsy (p. 86) van die verhandeling vir die oorspronklike Sotho- woorde wat agter op die koevert geskrywe was, en ook K.G. 303, vir die koevert.

(26) K.G. 303; R 5554/95 in S.S. 1311, K.G. aan sy sekretaris, d.d. 30. 5. 1895.

Se Ma tseba ke keleno
ke gele-gatsele tswelweleno
n ga kema
o ka tshwaba

DIT IS DIE SOTHO-WOORDE WAT AG-
TER OP DIE KOEVERT STAAN.

K.G. 303.

onmogelijkheid te zijn, terwylt (1) het zoo groot, zoo dicht, zoo ruig, zoo van bomen en doornen overdekt, zoo van baviaantouwen aaneen geschakeld, zoo steil en van afgronden voorzien is, dat het bijna omogelijk is daarin door te dringen." (27) Daarom gaan die Kommandant- Generaal en sy offisiere die namiddag van die 30 ste uit om te sien watter voorbereidings getref kan word om te verhoed dat die vyand sal vlug. Die aand besluit die Krygsraad dat die voetpad die volgende dag tussen Forte Eendracht en Botha oopgekap moet word. (28) Met behulp van Schiel se Knopneuse het Ledeboer op 31 Mei die voetpad oopgekap, paaie deur die bosse gekap, skanse gebou en wagte geplaas om so Makgoba en sy volk af te sny van die "Grote Bosch", ten ooste van Fort Botha, en enige verbinding met Tsolobolo in die wiele te ry. (29)

Dis Vrydagaand, 31 Mei 1895. Daar is reeds kennis aan al die offisiere en Kommandante gegee om die volgende oggend vroeg by die hooflaer te wees, om verdere planne in verband met die vyand te bespreek, (30) en in menige gedagte het die vraag opgekom: "Wat sal môre gebeur?"

.. Hoofstuk VIII ..

(27) R 10034/95 in S.S. 1370, K.G. aan sy sekretaris, d.d. 27. 5. 1895; Vergelyk ook, K.G. 301/1; K.G. 303, Dagboek, p. 6.

(28) K.G. 302, K.G. aan Sersant- Majoor Ledeboer, d.d. 30. 5. 1895, p. 31.

(29) K.G. 301/1, d.d. 30. 5. 1895; K.G. 301/1, Kosep-verslag van K.G.

(30) K.G. 302, K.G. aan Schiel, d.d. 31. 5. 1895, p. 35.

HOOFSTUK VIII.

DIE AANSLAG OP MAKGOBA.

Al die kommandante, kapteins, luitenante, veldkornette, ens., het gehoor gegee aan die kennisgewing van 31 Mei 1895, nl. om die volgende dag 'n krygsraadvergadering op Joubertskroon by te woon.

In die vroeë¹¹ oggendure van Saterdag, 1 Junie 1895, het die uiters belangrike vergadering 'n aanvang geneem. Die voorsitter, Kommandant-Generaal Piet Joubert, meld eerstens dat die Lydenburgers en Pretorianers nog nie opgedraag het nie, en wou graag weet of daar eers op versterking gewag moet word, en of daar dadelik met die beskikbare 6,000 kaffers en opgedaagde burgers 'n aanval op die vyand gedoen moet word. Joubert reken dat so gou as moontlik opgetree moet word, aangesien die koste vir die instandhouding van die kommando's natuurlik steeds toeneem hoe langer hulle in die veld is.⁽¹⁾ Op die voorstel van Kommandant Barend (Swart)⁽²⁾ Vorster word eenparig besluit dat daar op die eerskomende Maandag gesamentlik die bosse ingetrek moet word.⁽³⁾

Na 'n lang bespreking is uiteindelik besluit dat die aanvalsplan kortliks as volg sou wees:⁽⁴⁾

Die eintlike aanval moes op Spioenkop gemaak word, en vandaar sou dan deur die bos getrek word om so-doende 'n kommunikasie te open tot aan Fort Eendracht.

.. Al ..

(1) K.G. 303, pp. 105-107, Notule van die Krygsraad, d.d. 1.6.1895; K.G. 303, p. 3, Dagboek van die Magoeba-ekspedisie, d.d. 1.8.1895.

(2) Dicke, B.H., The development of the Northern Transvaal. Historical stepping stones and reminiscences, Part II, Manuskrip in die Transvaalse Argief, Junie 1925, p. 14.

(3) K.G. 303, pp. 105-107, Notule van die Krygsraad, d.d. 1.6.1895; K.G. 303, p. 3, Dagboek, d.d. 1.6.1895; De Volksstem, d.d. 4.6.1895; Zoutpansberg Review, d.d. 7.6.1895.

(4) K.G. 303, p. 108. Ongelukkig kan ons die aanvalle nie nader bepaal nie, en nie beter omskryf nie, want met ons besoek aan Magoebaskloof was dit so reënerig en mistig dat ons nie 'n idee van die terrein kon gevorm het nie.

Al die burgers van die hooflaer en die naturelle wat onder Kommissaris Potgieter staan, moes die aanval op Spioenkop baie vroeg in die môre doen, dog hulle mag nie aanval voordat daar van die anderkant af eers 'n skynaenval gemaak is nie.

Kommissaris van der Merwe met 'n deel van die Zoutpansbergse kaffers sal in die kloof van onder af optrek, om so die digte bos vanaf die Suidekant binne te dring. Hierdie kommando moes stadig en aanhoudend optrek totdat die manskappe van Fort Oscar hulle van sy kant af ontmoet. Die manskappe van Fort Burger en Berry, plus 500 naturelle van Kommissaris van der Merwe, wat toe by Fort Eendracht was, moes in die vroeë skemerure 'n posisie inneem, vlak onder, en so na as moontlik aan die hoofstat van die vyand. Ook moet die manskappe van Fort Oscar en Fort Eendracht en die Knopneuse onder aanvoering van Kaptein Adolf Schiel in die oggend, terwyl dit nog donker is, vanaf die kant van Fort Eendracht, die stellings van die rebelle bekruip.

Die kommando's van seksies twee, (Kommissaris van der Merwe se kommando) drie (Burgers van Fort Schutte en Berry) en vier (Manskappe van Fort Oscar en Fort Eendracht en die Knopneuse onder Schiel) moes vir die plasing van behoorlike wagte sorg, sodat geen enkele vyand kon ontsnap nie. Dan moes die kommando's van seksies drie en vier, vanaf hulle ingenome posisies ook terselfdertyd met dagbreek met kanonvuur op die vyand losbrand. Laasgenoemde twee seksies moes duidelik verstaan dat hulle onder geen omstandighede die bos mag binnegaan alvorens nadere opdrag ontvang is nie. Sodra die kanonvuur 'n aanvang neem, sal die eintlike aanval van seksies een (Burgers van die hooflaer en die kaffers onder Potgieter) en twee eers plaasvind. Fort Botha se manskappe en 150 kaffers van die Middelburg-kommando moes bo-op die berg waghou.

Wat het van die artillerie geword ? Hulle posisie en werksaamhede is reeds in seksies een, twee, drie en vier aangewys. Hulle moes natuurlik met die kanonne geskiet het.

Ten slotte moes elke fort 'n wag van tien man agterlaat, en hulle taak was om veral hul oë vir enige vlugtende vyande oop te hou.

Om te voorkom dat daar geen misverstand oor die aanval van 3 Junie mag insluip nie, is 'n kopie van die aanvalplan aan elke offisier en persoon in bevel gestuur. (5)

Die volgende dag was Sondag. Op hierdie dag is daar nie veel gedoen nie. In die namiddag is die kaffers van Kommissaris van der Merwe uitgestuur om „Taylor's" bos te omsingel en te deurkruis. Gou was hulle terug met die berig dat daar geen vyand in die bos te bespeur is nie. Daar word getwyfel of hierdie kaffers ooit die bos ingegaan het, want hulle was baie lafhartig en het geen blanke aanvoerder die dag by hulle gehad nie. Verder is die wagwoord „Piet" aan die kaffers geleer, en aan elkeen is 'n witband gegee wat hulle om die hoof moes dra, om hul so van die vyand te onderskei. (6)

Alles was gereed vir die eerste algemene aanval op Makhoba op Maandag 3 Junie 1895. (7) Kommandant Vorster met die Soutpansbergse burgers en Kommissaris Potgieter met sy ongeveer 2,000 Waterbergse naturelle het nog voor sonop vanaf Joubertskroon in 'n Westelike rigting onder artillerievuur van Lt. du Toit na Spioenkop beweeg.

.. Die ..

(5) Ibid.

(6) K.G. 303, Dagboek, p. 4.

(7) K.G. 303, Dagboek, p. 5; De Potchefstroomer, d.d. 13.6.1895; The Star, d.d. 4.6.1895; K.G. 301/2, Telegram van K.G. aan sy sekretaris, d.d. 3.6.1895; De Volksstem, d.d. 4.6.1895.

Die kaffers het voorgestaan, terwyl die burgers stadiger getrek het, want hulle moes eers die afgekapte bome in die bospad verwyder. By Spioenkop het die kaffers vir die burgers gewag. (8)

Soos reeds gesien, moes die burgers van Forte Eendracht en Oscar en die Knopneuse 'n aanval van die Ooste af maak, en ten slotte moes die kommando's van die Ooste en Weste mekaar ontmoet. (9) Die Oostelike kommando is weer in twee dele verdeel nl. die linkervleuel onder bevel van Dicke en die regtervleuel onder aanvoering van Schiel. Hierdie twee vleuels sou mekaar by 'n sekere punt (rivier) ontmoet, om saam verder te trek om hulle by die magte vanaf Joubertskroon (Westelike mag) aan te sluit. (10)

Met sy 1500 Tongas vertrek Dicke drie-uur die nag en gaan die bosse binne en sou mik na die aansluitingspunt met die ander, nl. die rivier in die kloof tussen Fort Eendracht en Magoebasberg, waar die magte dan gesamentlik sou verder trek na die hoofstat toe. Die linkervleuel was al lankal op die bepaalde plek voordat Schiel en sy seksie opgedaag het. (11)

Dit was ongeveer twee-uur die middag terwyl die westelike mag en die oostelike kommando besig was om te eet, dat elf kaffers uit die bos aan die bokant van die .. berg ..

(8) K.G. 303, Dagboek, p.5; Dicke, B.H., Die dood van Maguba, Die Huisgenoot, d.d. 22.12.1933, p.59.

(9) Dicke, B.H., Die dood van Maguba, Die Huisgenoot, d.d. 22.12.1933, p. 59.

(10) Ibid.

(11) Ibid; Waarom sou Schiel sy bevel nie streng uitgevoer het nie? Waarom het hy so laat opgedaag? Hy moes geweet het hoe om op te trek, want hy het op 20 Junie 'n kaart aan Joubert gestuur, om aan te toon hoe hy sou uittrek teen die vyand. Sien kaart 4, in hierdie hoofstuk, p. 93; Vergelyk ook K.G. 301/1. Schiel het nie betyds opgedaag nie, K.G. 301/2, Telegram van K.G. aan sy sekretaris, d.d. 3.6.1895; Sien ook, Dicke, p. 59.

berg al dansende na die kloof beweeg het waar die kommando's kaffers gelê het. Dicke sou glo aan Vorster en Schiel gesê het dat dit Makoga-kaffers is, aangesien hy hulle aan hulle manier van dans sou geken het. Hulle het hom glo uitgelag, want hulle het reeds deur hulle verkykers seker gemaak dat die elftal witbande om hulle koppe gedra het. So het hulle tot by die drif voortbeweeg waar hulle verdwyn het. (12)

Eensklaps het die vyand op hulle losgebrand.

Die aanval was so onverwags en snel dat die Knopneuse en Waterberg se kaffers paniekbevange geraak en skoon op die vlug geslaan het, „ en de burgers die in het smalle pad stonden, letterlijk met zich meesleepte. Beide Comdt. Vorster en Comdt. Potgieter werden neergeworpen en onder de voeten vertreden. Onze kaffers losten eene menigte schoten terwijl zij zoo in een warboel waren en het is verwonderend dat er niet velen door hunne eigene makkers gedood worden.” (13)

Volgens argiefbronne is die kaffers weer gou tot stilstand gebring en die vyand is agtervolg, (14) maar volgens 'n artikel van Dicke het die Boere en kaffers almal die berg afgevlug en so verstrooid geraak dat sommige eers die aand om nege-uur in die kampe teruggekeer het. (15) Ons betwyfel dit dat die Boere die laaste een weggevlug het, want ons lees dat daar op dieselfde dag 'n skans van .. boomstamme ..


(12) Dicke, B.H., Die dood van Maguba, Die Huisgenoot, d.d. 22.12.1933, p. 59; Dicke, B.H., The development of the Northern Transvaal. Historical stepping stones and reminiscences, Part II, Manuskrip in die Transvaalse Argief, Junie 1925, p. 14.

(13) K.G. 303, Dagboek, p. 6.

(14) Ibid.

(15) Dicke, Die dood van Maguba, Die Huisgenoot, d.d. 22.12.1933, p. 59.

KAART IV.



K.g. 301/h, Kapl Schiel stuur die kaart
 aan die Kommandant-Generaal,
 d.d. 2 Junie 1895.

boomstamme op Spioenkop gebou is, en dat die burgers daar vir 'n paar uur vertoef het, want hulle was bang dat die vyand weer skielik op hulle sou toesak. (16)

Die feit bly egter staan dat Makgoba 'n stukkie vernuftige taktiek toegepas het: „A party of Maguba's men had put on white bands which was the distinguishing badge of the native auxiliaries. During lunch time they had danced through the native auxiliary contingents, and had occupied the drift through which the Government forces had come in the morning.“ (17)

Die ander magte het volgens opdrag hulle posisie naby die hoofstat ingeneem. (18) Ongelukkig is daar nie verdere operasies uitgevoer nie, en die eerste poging om die vyand in hande te kry het nie geslaag nie. Daar moes tot die volgende oggend gewag word vir verdere optrede.

D.J. van der Merwe se kaffer-kommando, die burgers en kaffers van Forte Berry en Schutte en die burgers onder Vorster het die nag van die derde Junie in die veld, naby die hoofstat van die rebelle geslaap. (19)

Op die aand van 3 Junie gee Joubert opdrag dat alle manne en kaffers die volgende dag 'n aanval op die hoofstat moes maak. (20)

Met drie kanonne het almal vanuit die hooflaer na die byna ontoeganklike kloof beweeg.

„Het bosch is dan zoo ruig, zoo dicht, zoo van bomen en doornen overdekt, zoo van bavianen touwen aaneengeskakeld, zoo steil en van afgronden voorzien, op vele plaatsen zoo ontoegankelijk en ongevaarbaar, dat er bijna geen plekje te vinden is waar de vijand u niet vanaf een paar treden afstandes .. kan ..

(16) K.G. 303, Dagboek, p. 6.

(17) Dicke, The development of the Northern Transvaal. Historical stepping stones and reminiscences, Part II, Junie 1925, p. 14.

(18) K.G. 303, Dagboek, p. 8.

(19) K.G. 303, Dagboek, p. 9.

(20) Ibid. p. 9.

kan neervellen of doodschietten zonder dat gij het minste van hem gewaar geworden zijt; zooals de Generaal het uitdrukt een millioen man zijn nodig om het bosch behoorlijk te omsingelen, en nog een millioen om er in te gaan en de vijanden op te sporen en te vernietigen."⁽²¹⁾

Met veel moeite en baie gesukkel is daarin geslaag om twee van die kanonne die kloof af te kry. Die derde, en groot een moes maar agterbly. By die hoofstat het Joubert met sy mag Kommandant Vorster, Luitenant Berry en Trichardt en van der Merwe met hulle manne en kaffers aangetref, maar Schiel en sy Knopneuse was nie daar nie.⁽²²⁾ Hulle het hulle posisie die vorige aand verlaat omdat Schiel die Knopneuse nie kon beweeg het om hulle stellings te behou nie, aangesien hulle nie meer patrone gehad het nie.⁽²³⁾

Nadat die Generaal die kloof met kanonvuur bestook het, het hy gewag met die aanval tot Schiel moet aankom. Van Schiel is niks op 4 Junie meer gehoor nie.⁽²⁴⁾ Om twaalfuur het Joubert die Waterberg-kaffers die bos ingestuur. Aan die begin was hulle bra skrikkerig om die bos binne te gaan, maar 'n bietjie later het hulle fluks gevorder. Die Middelburg-kaffers moes vanaf die linkersy van die kloof 'n aanval maak, maar die hele spul was so lafhartig dat hulle hul gewere leeg geskiet het, toe hulle nog buite die bos was. Daar was absoluut niks aan hulle te doen nie, „en zelfs sjambok slagen konden hen niet bewegen het bosch in te gaan."⁽²⁵⁾

.. Sonder ..

(21) Ibid, pp. 6, 7.

(22) K.G. 302, pp. 47-49, K.G. aan Schiel, d.d. 5.6.1895; K.G. 303, Dagboek, p. 9.

(23) K.G. 301/1, Schiel aan K.G. d.d. 3.6.1895.

(24) K.G. 303, Dagboek, p.10; K.G.302,pp.47-49,K.G.aan Schiel,d.d.5.6.1895. Volgens Schiel het hy nie instruksies gekry om die hoofstat aan te val nie, sien K.G.301/1, Schiel aan K.G., d.d. 7.6.1895.

(25) K.G. 303, Dagboek, p. 10.

Sonder veel moeite is die hoofstat van Makgoba op 4 Junie ⁽²⁶⁾ verbrand en in puin gelê. Vyf van die rebel-kaffers en een van die Waterberg-kaffers het in hierdie geveg gesneuwel. ⁽²⁷⁾

Die werklike doel, nl. om Makgoba vas te keer, het misluk. Omdat die bos nie aan die bokant bewaak is nie, is die vermoede dat die vyand daar uitgevlug het na die ander klowe toe. Dit sou nie help om te huil nie en so keer al die troepe, behalwe die artillerie, Luitenant Berry en Trichardt wat as wag sou optree by die hoofstat, die aand na hulle laers terug. ⁽²⁸⁾

Behalwe die kaffers van Kommissaris van der Merwe wat die pad verder deur die bos oopgekap het, en Ledeboer wat met sy manskappe Magoebasberg uitgeklim het om 'n skens van klippe en grassoosie naby die kruin van die berg te bou, is daar op Woensdag, 5 Junie, gerus. ⁽²⁹⁾

In oorlogstyd word daar nie net geveg nie, maar die rusdae word gekenmerk deur grappigheid en plesier. So byvoorbeeld lees ons in 'n berig van „De Volksstem” dat die kaffers gedans het om uiting aan hulle gevoelens te gee. ⁽³⁰⁾

Ene Floors Steenkamp het die ander burgers

.. met ..

(26) K.G. 303, Dagboek, p.11; K.G. 301/2, Telegram van K.G. aan Kommandant Trichardt, d.d. 8.6.1895; K.G. 301/2, Telegram van K.G. aan sy sekretaris, d.d. 5.6.1895; The Star, d.d. 6.6.1895; De Pers, d.d.5.6.1895;

(27) K.G. 301/2, Telegram van K.G. aan Trichardt, d.d. 8.6.1895; K.G. 303, Dagboek, p. 11; K.G. 303, p. 11; gee die getal Waterberg-kaffers wat gesneuwel as drie op.

(28) K.G. 303, Dagboek, p. 11; K.G. 302, pp. 47-49, K.G. aan Schiel, d.d. 5.6.1895; Zoutpansberg Review, d.d. 7.6.1895.

(29) K.G. 301/2, Telegram van K.G. aan sy sekretaris, d.d. 5.6.1895; Mouton, II, p.320; K.G. 303, Dagboek, p. 12; Dicke, Die dood van Maguba, Die Huisgenoot, d.d. 22.12.1933, p.63.

(30) De Volksstem, d.d. 5.6.1895.

met sy liedjie vermaak, „Sing 'n lied, sing 'n nuwe lied, en as ek nie meer kan verder gaan, begin ek weer van vooraf aan.“⁽³¹⁾ Die volgende spyskaart bewys die humorsin van die artillerie-kamp :

„ M E N U.

Soup Tartare.

Fricadelles à la Francaise.

Petits Pois. Moyens.

Pommes de terre à la compagne.

Haricots Verts.

Pudding à la Magoeba.

Dessert.

Preserved Ginger.

Jam.

Fromage.

Café, the, Chocolate.

Pain et Bisquits. „⁽³²⁾

Donderdag het aangebreek, en ook op hierdie dag is daar nie groot operasies teen die vyand uitgevoer nie. Vroeg die oggend het 400 kaffers hulle na die bosse beweeg om die bospad verder oop te kap, en ongeveer dieselfde tyd was petrollies onder Kaptein Erasmus, Berry, Trichardt en Wolmerans, as gevolg van Erasmus se brief⁽³³⁾ aan die Kommandant-Generaal dat van Magoeba se vlugteling na die stat van Tsolobolo gevlug het, op die spoor van die vlugteling. Sonder die opspoor van 'n enkele vlugteling het die petrollies teruggekeer.⁽³⁴⁾

.. Om ..

(31) Deur oom Regop Joubert, van die Lydenburgse kommando, aan my verstrekk.

(32) De Volksstem, d.d. 5.6.1895.

(33) K.G. 301/1, Erasmus aan K.G., d.d. 6.6.1895.

(34) K.G. 303, Dagboek, p.12; K.G. 301/1, Erasmus aan K.G., d.d. 6.6.1895; K.G. 301/1, Erasmus aan K.G., d.d. 7.6.1895.

Om meer informasie van die vlugteling in te win, gelas Piet Joubert vir ene J. Williams en A. MacDonald in die naam van die Regering om alle kaffers wat aan die vyandelike stam van Makgoba behoort, te probeer opspoor en vang en na Joubertskroon te stuur. Waar nodig, kan hulle die hulp van alle offisiere en elke burger van die staat inroep.⁽³⁵⁾ Luitenant Thomas Barry, berus by die Generaal se besluit, maar hy is geheel en al teen die aanstelling van die bovermelde twee persone, aangesien hulle karakters bedenklik was.⁽³⁶⁾ Die saak is egter nooit weer verder bespreek nie. Ook stuur Joubert twaalf kaffers van die stam van Mmamabolo, nl. Jan, April, Matomie, Jamarie, September, Silas, Zwartbooi, Jozua, Cornelis, Jas, Januari en Maarman om twee-twee na die vlugteling te verneem en hulle dan te probeer vang.⁽³⁷⁾ Die volgende pas word aan elk van die twaalf gegee :

PAS

voor de naturellen

.....

om vrij rond te gaan en onderzoek te doen naar de schuilplaatsen der vijandelijke kaffers.

Elk een wordt vriendelijk verzoekt om hen de helpende hand te verlenen met kost, informatie, etc.

Joubertkroon, 6 Junie 1895.

(Geteken) P.J. Joubert.
Commandant-Generaal."⁽³⁸⁾

Kommandant Potgieter se kaffers was die enigste wat op 4 Junie die klowe ingegaan het om 'n stadjie, wat .. naby ..

(35) K.G. 301/1, Lesbrief van K.G. aan Williams en MacDonald, d.d. 6.6.1895; Vergelyk ook, K.G. 302, p.54; K.G. 303, Dagboek, p. 12.

(36) K.G. 301/1, Berry aan K.G., d.d. 7.6.1895; 'n Dag nadat hul aangestel is, het hul 3 van Makgoba se volgelinge gevang. Sien K.G. 301/1, d.d. 7.6.1895.

(37) K.G. 302, p. 57; K.G. 303, Dagboek, p. 12.

(38) K.G. 302, p. 57.

naby die waterval geleë was, af te brand. Skaars het hulle die waterval bereik of die vyand het hulle onder die vuur laat deurloop. Gou het die Makgoba-këffers daarin geslaag om hulle vyand op die loop te jaag. (39)

As gevolg van die neerlaëg en die vermoede dat daar 'n sterk mag by die waterval skuil, besluit die Krygsraad dieselfde aand om die bos die volgende more weer van alle kante te deurkruis. (40)

Piet Joubert was voornemens om op Vrydag, 7 Junie 'n gesamentlike aanval op die vyand te maak, maar weens die koue, reën en mistigheid kon daar nie opgeruk word nie, en moes die aanval tot die volgende dag uitgestel word. (41) In die namiddag het die weer opgeklaar, maar aangesien dit reeds te laat was vir enige aanvalle, is toe maar besluit om die pad deur die bos nog verder oop te kap. (42)

Met leedwese word die berig van die afsterwe van Naturelle-kommissaris, Dirk Jacobus van der Merwe op die 7de ontvang. Hy is 7 Junie 1895⁽⁴³⁾ om 3.30 nm. in sy woning "op zyn plaats overleden aan inflammatie in die nieren, wegens koude gevat in lëger by Maggeba"⁽⁴⁴⁾ Met die .. weglê ..

(39) K.G. 302, K.G. aan kaptein Erasmus, d.d. 6.6.1895; K.G. 301/1, Kommandant Piet Potgieter aan K.G., d.d. 6.6.1895; K.G. 301/2, Telegram van K.G. aan sy sekretaris, d.d. 7.6.1895; K.G. 303, Dagboek, p. 12.

(40) K.G. 303, Dagboek, p. 12.

(41) K.G. 301/2, Telegram van K.G. aan sy sekretaris, d.d. 7.6.1895; K.G. 301/1, D.J. Schoeman en J.A. Erasmus aan K.G., d.d. 7.6.1895; K.G. 302, K.G. aan Schiel, d.d. 7.6.1895; K.G. 301, K.G. aan Schiel, d.d. 7.6.1895; K.G. 303, Dagboek, p. 13.

(42) K.G. 303, Dagboek, p. 13.

(43) De Pers, d.d. 12.6.1895; Boerenvriend and Zoutpansberg Advertiser, d.d. 8.6.1895; K.G. 301/2, K.G. aan sy sekretaris, d.d. 9.6.1895.

(44) Boerenvriend and Zoutpansberg Advertiser, d.d. 8.6.1895.

weg.ê van sy stoflike oorskot op 10 Junie 1895, (45) het die Zoutpansbergers 'n man (46) verloor wat tot aan sy einde sy volk gedien het.

Dit is vanselfsprekend dat die kaffer-kommando van van der Merwe, noudat hulle sonder 'n leier was, totaal onkeerbaar en ongeorganiseerd geraak het. Daarom stel die Superintendent van Naturelle vir kaptein Oscar Dahl as tydelike Kommissaris, solank as wat die oorlog voortduur, oor hulle aan. (47)

Na die dood van oom Dirk appliseer onder andere P.C. Preller, J.C. du Plessis, Oscar Dahl, B.J. Vorster, N.C. Meyer, P.C. Potgieter, Josefus Wolmarans en nog meer vir die vakante pos. (48) Laasgenoemde gewese Inspekteur van Gevangenisse, het van der Merwe as Naturelle-kommissaris vir Rhenosterpoort opgevolg. (49)

Om terug te keer tot die oorlog self.

Op 7 Junie het Joubert aan Schiel 'n brief geskrywe waarin hy hom meegedeel het dat daar op 8 Junie, donderdag, weer 'n gesamentlike aanval (die derde) op die vyand gewaag sal word, en dat hy en die ander as volg te werk moet gaan :

.. Schiel ..

(45) Lendros Zoutpansberg, No. 18, pp. 18, 19.

(46) D.J. van der Merwe, of soos algemeen bekend oom Dirk, is in April 1837 te Brakfontein in die Kaapprovinsie gebore. In 1862 het hy na Transvaal gekom, waar hy hom vir 25 jaar in die Rustenburgse distrik gevestig het. In 1889 het die Regering hom as Naturelle-kommissaris na Zoutpansberg verplaas, waar hy op 7 Junie 1895 te sterwe gekom het. Boerenvriend and Zoutpansberg Advertiser, d.d. 8.6.1895.

(47) K.G. 301/2, Telegram van K.G. aan sy sekretaris, d.d. 9.6.1895; K.G. 302, K.G. aan Dahl, d.d. 10.6.1895.

(48) R5678/95; R5740/95; R5741/95; R5788/95; R5976/95; R6015/95; Joubertversameling, No. 5, p. 439.

(49) Boerenvriend and Zoutpansberg Advertiser, d.d. 22.6.1895; De Pers, d.d. 19.6.1895.

Schiel moet met 'n kommando reguit optrek vanaf Fort Eendracht na die bos waar Kommandant Vorster hom sal ontmoet, en dan regop na Spioenkop. 'n Ander kommando van Schiel moet vanaf die fort suidwaarts na die bohoek van Magoebaskloof trek, waar hulle dan die magte van Berry en Trichardt sal ontmoet. Op dieselfde tyd wanneer laa genoemde magte in die Skelmkloof aftrek, moet Schiel en sy mag vanaf Spioenkop die kloof aftrek, om sodoende die vyand van die bokant af aan te val. Dan sal kommando's van Joubertskroon die vermelde kloof uit die dwarste stormloop, en in die rigting van die Skelmkloof beweeg. Terwyl die magte voortbeweeg, sal die kanonne van onderaf reg in die Skelmkloof opvuur, al voor die kommando's uit. (50)

"Slechts sterke omweder zal ons verhinderen van den aanval morgen vroeg, niets anders." (51)

Dieselfde aanvalsplan is ook aan kaptein Erasmus en die ander offisiere gestuur, (52) om seker te maak dat daar geen misverstand op die agste sal voorkom nie. Al die verskillende seksies het hierdie dag streng op bevel van die Bevelvoerder gehandel. Alle vermoedelike verbindings van Makgoba is gefynkom, dog daar was geen teken van die vyand te bespeur nie, en met lee hande was al die kommando's vroeg die middag in hulle kampe terug. (53)

Wat het van Makgoba en sy volgelinge geword ? Daar by net een moontlikheid oor - hulle moes gevlug het. Joubert moes seker van sy saak gewees het dat die vyand die loep geneem het, want hy laat Stiemens, sy sekretaris,

.. weet ..

(50) K.G. 301/1, Aanvalsplan vir 8 Junie, K.G. aan Schiel, d.d. 7.6.1895; K.G. 302 pp. 61-63, Aanvalsplan vir 8 Junie, K.G. aan Schiel, d.d. 7.6.1895.

(51) K.G. 302, p. 63, K.G. aan Schiel, d.d. 7.6.1895.

(52) K.G. 302, pp. 64, 65, Aanvalsplan vir 8 Junie, K.G. aan kapt. Erasmus en die ander offisiere d.d. 7.6.1895.

(53) K.G. 303, Dagboek, p.14.

weet om die Rustenburgers te laat weet dat hulle met hulle kommando's maar kan huis toe gaan. (54) Die Kommandant-Generaal het gedink dat Makgoba gevlug het na die bosse ten Ooste van Fort Berry en gee toe bevel dat almal na ete daarheen moet optrek om die bos te gaan deursoek. Die meeste offisiere het to moog daaruit gesien om nog dieselfde dag uit te trek. Tog word al die manne van die Zoutpansbergse laer en 'n gedeelte van die Pretoria-regiment na die bos gestuur om dit te bowsaak, totdat Abel Erasmus van die Lydenburg-kommando wat die vorige dag, gearriveer het, en sy volk die volgende oggend sal kom, sodat die drie magte as een groep die bos kan deursnuffel. (55)

Vroeg die Sondagmôre het die Lydenburgse kaffers, 'n groepie Zoutpansberg-koffers, 'n klompie van Pretoria en Luitenant Berry die bos ten ooste Fort Berry binnegetrek. Die eerste rapport aan die hooflaer meld dat daar tot nog toe niks van die vlugtelingse verneem is nie. (56) Intussen kry die Swasies (57) een van Makgoba se vrouens in die hande, want sy het agtergebly langs die pad as gevolg van 'n beseerde voet. Nadat hulle haar gopynig het, het sy .. die ..

(54) K.G. 301/2, Telegram van K.G. aan Stiemens, d.d. 8.6.1895; K.G. 301/2, Telegram van K.G. aan Kommandant van Rustenburg, d.d. 8.6.1895.

(55) K.G. 301/2, Telegram van K.G. aan sy sekretaris, d.d. 9.6.1895; K.G. 303, Dagboek, p. 15; De Pers, d.d. 12.6.1895.

(56) K.G. 301/1, Konsepverslag van K.G., d.d. 9.6.1895; K.G. 301/2, Telegram van K.G. aan sy sekretaris, d.d. 9.6.1895; The Star, d.d. 11.6.1895; De Potchefstroomer, d.d. 13.6.1895; RI0034/95 in S.S. 1370; K.G. 301/2, Telegram van K.G. aan sy sekretaris, d.d. 9.6.1895.

(57) Abel Erasmus het ook 'n klomp Swasies in sy kommando gehad.

die impi's die bos aangewys waar Makgoba en sy ander vrouens in gevlug het. (58)

Terwyl die Swasies op pad na die bos was, rapporteer Veldkornet C.D. Opperman aan die hooflaer watter bos Makgoba ingevlug het. Joubert was besig met oggend-godsdienst, maar toe hy die goeie nuus ontvang het, beveel hy dat alle manne wat in Joubertskroon teenwoordig is na die bos moet aftrek. Hy het die drie kanonne ook laat meeneem. (59)

Nog voordat Joubert met sy mag by die terrein opgedaag het, het die impi's van Erasmus Makgoba in die hande gekry.

"Gleefully they (Swazies) formed a ring in the bush while their champion challenged Magoeba to mortal combat. And there, while the Swazis catcalled and cheered, Magoeba was slowly battered to his knees and then, defeated, rolled over on the ground and his head cut off and taken to the Europeans as evidence of his ending." (60)

.. Op ..

(58) Dicke, B.H. p.61. Die dood van Maguba, Die Huisgenoot, d.d. 22.12.1933.

(59) K.G. 301/1, Konsept verslag van K.G.; R10034/95 in S.S. 1370; K.G. 303, Dagboek, p. 15; De Pers, d.d. 12.6.1895; De Volksstem, d.d. 13.6.1895; De Potchefstroomer, d.d. 13.6.1895.

(60) Bulpin, p. 78, sien ook Dicke, B.H., p. 61, Die dood van Maguba, Die Huisgenoot, d.d. 22.12.1933. In hierdie artikel beweer Dicke dat Makgoba, toe hy die Swasies gewaar het, sy vrouens en kinders vooruitgestuur het om te vlug. Hy self het vir die oormag in 'n voetpadjie gewag. Toe die Swasies hom gewaar het hy een doodgeskiet. Die volgende skoot van sy dubbelloopgeweer wou nie afgaan nie en toe het die impi's hom oorrampel en sy kop afgesny. Ons wonder of Makgoba regtig so dapper was, want menere Reed en Muller, wat self in die oorlog betrokke was, se verklarings kom ooreen met Bulpin se verhaal.

Op weg na die bos kom Joubert baie burgers en kaffers tee. Hulle was op pad laer toe, want hulle het gemeen dat alles nou verby is, aengesien die rebel gesneuwel het. Hy laat hulle omdraai om saam met sy mag na die bos te gaan, want hoewel Makgoba miskien dood is, skuil sy volgelinge nog in die bos en hulle moet eers van kant gemaak word. Toe Joubert die ander burgers bereik, het Kommandant Schoeman, Makgoba se kop aan hom gewys. Persone soos Dahl, Alberts en ander het die kop as Makgoba s'n geïdentifiseer. (61) Nadat Generaal Joubert opdrag gegee het om die bos verder te deursoek, het hy na sy hoofkwartier teruggekeer. (62)

Dit het ook nie baie lank geduur nie of die bos is van hoek tot kant gefynkam. Negentien van Makgoba se volgelinge is gedood, en 1 man en 30 vrouens is as gevangenis na Joubertskroon geneem. (63) Die middag het Joubert die meide ondervra waar al die ander volgelinge van Makgoba is. Hulle het geantwoord dat baie die stem al lankal verlaat het, maar waar hulle is weet hulle as vrouens nie, want as meide weet hul min „van den raad der mannen.“ (64)

So het Makgoba tot sy dood toe gestry. Dit is dan ook met 'n hart vol dankbaarheid dat Joubert op 9 Junie 1895 die oorwinning aan die Regering van die Zuid-Afrikaanse Republiek bekend gemaak het.

„Ik wensch de Hoog Ed. Regeering geluk met de zege aanvankelijk behaald op den rebel Magoeba, wiens

.. hoofd ..

(61) Volgens mnr. Christiaan Muller van Duivelskloof, is Makgoba se kop vir 'n paar dae in die bakoond van die hoofleer gehou, vir verdere uitkenning.

(62) Sien voetnoot 59.

(63) R10034/95 in S.S. 1370; K.G. 301/2, K.G. aan sy sekretaris, d.d. 9.6.1895; The Star, d.d. 11.6.1895.

(64) K.G. 303, Dagboek, p. 17.

hoofd gevallen is onder het zwaard dat hij heeft getrokken. Moge de Heere alle de vijanden onzes lands maken als Magoeba en moge al het volk wete dat onze God verlost niet door dapperheid of kloekheid der helden of door de sterkte des zwaards, maar alleen door zijn machtig arm die heil bereikt en moge al de kinderen het wete dat God zijn volk verlost opdat zij Hem vreezen. De Heer regeert en ik ben zijn knecht." (65)

Op Maandag, 10 Junie, het patrollies van die Lichtenburgers en Waterbergers uitgegaan om te sien of hulle nie van die vlugtelinge kan opspoor nie. (66) Vroeg dieselfde more het Joubert berigte ontvang dat meide van die Makgoba-stam gevlug het na die kop, bokant die plaas van Olivier, na die kafferkaptein, Mmemakobie. Luitenant Botha van Fort Botha word dadelik belas om 'n patrollie van sy manne, en 'n klompie Knopneuse na die stat te stuur om alle moentlike inligting van die voortvlugtendes te kry. (67) Dit het die patrollies geluk om ongeveer vyftig vlugtelinge die sand na die hooflaer toe te bring. (68)

Sake het so fluks gevorder dat die Kommandant-Generaal dieselfde dag kennis aan die forte gegee het om alle ammunisie en die kanon wat by Fort Eendracht was, na die hooflaer te bring. Aan die kaptein van die Rydende

.. Artillerie ..

(65) K.G. 301/2, Telegram van K.G. aan sy sekretaris, d.d. 9.6.1895; Vergelyk ook, De Pers, d.d. 12.3.1895. Hierdie telegram is deur die voorsitter van die Eerste Volksraad aan die ander lede op Maandag, 10 Junie 1895, voorgelees. E.V.R., Art. 320, d.d. 10.6.1895.

(66) K.G. 303, Dagboek, p. 18.

(67) K.G. 302, K.G. aan Lt. Botha, d.d. 10.6.1895; K.G. 302, K.G. aan Schiel, d.d. 10.6.1895; K.G. 303, Dagboek, p. 18.

(68) K.G. 303, Dagboek, p. 18, De Pers, d.d. 12.6.1895.

Artillerie word opgedra om al die ammunisie ens. van die artillerie, behalwe die maxim en die snelvuurkanon na die Pietersburgse magasyn te vervoer. Ten slotte laat Joubert vir Lt. Tricherdt verstaan dat die forte binnekort opgebreek sou word.⁽⁶⁹⁾ So - die tyd van huis toe gaan was in die vooruitsig.

Dinsdag, 11 Junie 1895, word die laaste Krygsvergadering gedurende die Makgoba-oorlog gehou.⁽⁷⁰⁾ Nadat die Generaal God gedank het dat hulle die vyand oorwin het, het hy drie punte van bespreking ter tafel gelê.

- a) Watter verdere stappe moet teen die vyand gedoen word ?
- b) Wat moet met die kefferstamme gedoen word wat Makgoba in sy verset ondersteunhet ?
- c) Wanneer moet die kommando's afgedank word ?

Punt No. 1. Vorster vra aan Schiel in hoevere die Knopneuse die „Helsche Bosch“ deurkruis het. Volgens Schiel het hy vier kere patrollies uitgestuur en dit kom voor of daar geen vyande meer in die bos is nie. Tog word daar besluit dat Schiel die volgende dag eers weer die bosse moet deursoek. Schiel het die bevel uitgevoer, dog sonder enige resultaat.⁽⁷¹⁾

Punt No. 2. Die publiek word gevra om die vergadering te verlaat, want die Krygsraad wou hierdie punt in geheim bespreek. Aangesien daar duidelike bewyse is dat die stamme van Tsolobolo, Mmamathôla en Moshutlhi die vyand direk en indirek gesteun het, besluit die vergadering om hierdie stamme saam met die krygsgevangenis van Makgoba

.. na ..

(69) K.G. 302, pp. 76, 82.

(70) K.G. 303, pp. 109-116, Krygsraad-notule d.d. 11.6.1895.

(71) K.G. 303, pp. 109-116, Krygsraad-notule, d.d. 11.6.1895, K.G. 302, K.G. aan Schiel, d.d. 12.6.1895.

na 'n ander distrik te verplaas. (72)

„De stammen van Selleboel, Nematolle en Mashotie alsook de losse kaffers dezer stammen en van Magoebe, moeten allen met pak en zak opgelicht worden en overgeplaast worden naar het district Pretoria.“ (73)

Volgens plan het die perderuiters die middag laat die hooflaer verlaat, om naby die statte te oornag. Vroeg die Woensdagoggend is hulle omsingel en met sak en pak is ongeveer 4,000 volk na Joubertskroon gebring. (74)

Daar word net opdrag gegee dat die siek volk en hulle kos met die regeringsweens na Pretoria vervoer moes word, (75) en so kan ons dus sannaem dat die gesondes moes voetslaan na hulle nuwe tuiste.

Punt No. 3. Daar word besluit dat die forte, sodra hulle inventarisse van hulle goedere gelewer het, hulle menskappe kan ontslaan. Die kommando's sou nog nie ontbind word nie, maar hulle sou vanaf 11 Junie onder hulle veldkornette staan totdat hulle afgedank word. (76)

Nadat die burgers en naturelle deur die Kommandant-Generaal bedank is vir hulle goeie samewerking, is die kommando's op 13 Junie 1895 toegelaat om huis toe te .. gaan ..

(72) K.G. 303, pp. 109-116, Krygsraad-notule, d.d. 11.6.1895; K.G. 302, pp. 84, 85; R10034/95 in S.S. 1370; K.G. 301/2, Telegram K.G. aan sy sekretaris, d.d. 11.6.1895; R4804/96 in Z.A.R. 149; R4804/96 in S.S. 1472; K.G. 301/1, Konsepverslag van K.G., d.d. 12.6.1895; De Volksstem, d.d. 2.5.1895; De Pers, d.d. 19.6.1895; De Potchefstroomer, d.d. 9.5.1895.

(73) K.G. 703, Krygsraad-notule, d.d. 11.6.1895.

(74) K.G. 301/2, Telegram van K.G. aan sy sekretaris, d.d. 13.6.1895; K.G. 303, Dagboek, p. 19; K.G. 303, Krygsraad-notule, d.d. 11.6.1895; The Star, d.d. 14.6.1895.

(75) K.G. 302, p. 117.

(76) K.G. 303, Krygsraad-notule, d.d. 11.6.1895.

gaan, (77) maar om die nog vlugtende kaffers op te spoor en om 'n wakende oog oor die naturelle te hou, is besluit om Fort Oscar met vier-en-twintig man nog vir een maand aan te hou. (78)

Joubert verlaat die oorlogsterrein op 14 Junie 1895 en sou mev. Joubert die 19de op Warmbad ontmoet. (79) Ons meen dat die Generaal eers 'n paar dae wou gaan rus het, want hy telegrafeer aan sy sekretaris dat hy nie voor die begin van Julie in Pretoria sou wees nie. (80)

(77) R10034/95 in S.S. 1370; K.G. 301/1, Konsep-verslag van K.G., d.d. 12, 13.6.1895; K.G. 301/2, K.G. aan sy sekretaris, d.d. 13.6.1895.

(78) K.G. 302, K.G. aan Lt. du Toit, d.d. 13.6.1895; K.G. 301/2, Telegram van K.G. aan sy sekretaris, d.d. 13.6.1895.

(79) De Volksstem, d.d. 14.6.1895.
K.G. 301/2; K.G. aan sy sekretaris, d.d. 13.6.1895.

(80) K.G. 301/2, K.G. aan sy sekretaris, d.d. 13.6.1895.



SAREL JOHANNES VENTER.



.GEORGE REED.



OOM REGOP JOUBERT.

HOOFSTUK IX.

DIE AFLOOP VAN DIE OORLOG.. (Gevolge.)

(a) Gewondes en gesneuweldes.

Verskillende geneeshere het by die Regering van die Zuid- Afrikaanse Republiek aansoek gedoen om as kommando- dokter vir die Makgoba- ekspedisie behulpsaam te wees. (1)

Daar was dan ook 'n hospitaal te Haenertsburg waar die pasiënte opgeneem is, en hier was dr. Laxton die enigste geneesheer wat die siekes en gewondes verpleeg het. (2)

Die burgers wat vir die Makgoba-oorlog opgekommandeer is, was besonder gelukkig. So rapporteer die Kommandant- Generaal in sy verslag:

„Wij hebben geen verlies van burgers tijdens dit commando te betreuren ...” (3)

As ons in aanmerking neem dat die vrywilligers in die forte baie meer en oor 'n langer tydperk met die vyand te doen gehad het, dan is dit te verstaan dat hulle veliese groter moes gewees het. So het daar dan ses gesneuwel en twee is gewond. (4)

Die verskillende dokumente is dit nie almal eens oor die aantal gesneuwelde en gewonde kaffers nie. Die aanneem- likste is dertien gedood en agtien gewond:

	<u>dood.</u>	<u>gewond.</u>
„ Schiel's Knopneuzen	1	5.
Van Commissaris Rhenosterpoort	2	4.
Waterberg	8	9.
Lydenburg	2	0.
	<u>13.</u>	<u>18.</u> ” (5)

... Hoeveel ...

(1) B.B. 1086/95 in S.S. 2804, p. 443; Dr. L.J. Boersnach se aansoek om as dokter van die kommando van 1895 op te tree word van die hand gewys.

(2) R 9031/95 in S.S. 1359, Dr. Laxton aan K.G., d.d. 18. 6. 1895.

(3) R10034/95 in S.S. 1370, Verslag van K.G., p. 27.

(4) Ibid; K.G. 301/1, Konsep-verslag van K.G., d.d. 13.6. '95.

Hoeveel van die vyand gesneuwel het, is moeilik om te bepaal, want ons weet niks van hulle af nie. Moontlik is hulle verliese veel groter as wat ons dink, want hulle het miskien hulle gesneuweldes self in die digte bosse raakgeloop en begrawe.

(b) Aanvra om kaffers in te boek.

Daar moes 'n wanbegrip onder die burgers geheers het in verband met die toecoming van kaffers. Kommandant P.J. Potgieter vra aan die Kommandant-Generaal, aangesien die Lydenburgse Kommando glo 'n deel van die krygsgevangenes sal kry om by hulle ingeboek te word, of hulle dan ook 'n 200 of 300 kaffers kan kry. (6) Verder vra ene Corneluis Potgieter of hy twee van die kleingoed wat hy in die bosse raakgeloop het, na sy huis toe kan neem. (7) Selfs Kaptein Erasmus en Luitenant M.H. Wolmarans en van der Merwe vra of die artillerie se offisiere nie van die naturelle kinders van die Makgoba-stam kan kry nie. Hulle sal die kleingoed versorg en opvoed om spesiaal vir die offisiere te werk. (8) Een persoon het selfs so ver gegaan om eers van die skepseltjies te vat en toe vir Joubert te vra of hy sy handelswyse sal goedkeur. (9) Joubert laat die persone goed verstaan dat geen kaffers na plase woggevoer mag word nie, en wys daarop dat dit teen die wet is om kinders van

... hulle ...

(5) K.G. 303, Lijst van dooden en gewonden, d.d. 12. 6. 1895; Vergelyk ook, K.G. 303, Dagboek, p. 20; R 10034/95 in S.S. 1370, p. 27; Volgens K.G. 303, d.d. 13. 6. 1895, het daar dertien kaffers gesneuwel en is tien gewond.

(6) K.G. 301/1, P.J. Potgieter aan K.G. d.d. 13. 6. 1895.

(7) K.G. 301/1, Corneluis Potgieter aan K.G., d.d. 9. 6. 1895.

(8) K. G. 301/1, Offisiere aan K.G., d.d. 10. 6. 1895.

(9) K.G. 301/1, Aan K.G., (ons weet nie van wie hierdie brief afkomstig is nie.) d.d. 13. 6. 1895.

hulle ouers af weg te neem. (10)

(c) Geldelike verslag van die oorlog.

Alhoewel die Makgoba- oorlog maar van korte duur was, sal ons ons verbaas om te sien hoeveel geld vir hierdie ekspedisie nodig was.

Kort na die oorlog het opgekommandeerde burgers besef hoeveel skade hulle gedurende die oorlog gely het. Baie huise was afgebrand, vee is weggevoer, ens., ens. Omdat hulle niks oorgehad het nie, het baie persone 'n lys (11) van skades aan die Regering gestuur, met die versoek dat daar kompensasie aan hulle uitbetaal moet word. So word daar byvoorbeeld skades van £ 280, £ 602. 6. 6. , £ 8. 1. 0., £ 20. 10. 0. en nog talle meer geeis. (12)

Kommandant Trichardt van die Middelburgse kommando het selfs so ver gegaan om sewe rekeninge aan die Kommandant- Generaal te stuur vir gehuurde waens wat gedurende die oorlog gebruik is. (13) Die Regering sou nie sommer in die geval betaal nie, maar wys daarop dat die krygswet van die Zuid- Afrikaanse Republiek dit nie toelaat dat waens en osse vir 'n oorlog gehuur mag word nie, tensy staatsgoedere vervoer word. (14) Nadat Trichardt daarop gewys het dat hy net twaalf dae tyd gegee is om op Joubertskroon te wees, en dit hom tien dae sou neem om die af-
..-stand ..

(10) K.G. 302, K.G. aan J.A. Erasmus, d.d. 13. 6. 1895. Sien ook, Locale Wetten, Art. 28, d.d. 23. 5. 1849, Geen persoon het die reg om kinders van naturelle by hulle in te boek nie. Oortreders sal met 500 riksdalers beboet word.

(11) Sien bylaag twee vir 'n voorbeeld van die skades wat gely is.

(12) K.G. 301/2, p. 42; Vergelyk ook, R 2198/96; R 2201/96; R 2202/96; R 2319/96; R 2208/96; R 2321/96; R 2213/96; R 31141/96.

(13) R 9134/95 in S.S. 1360, Trichardt aan K.G., d.d. 24. 6. 1895.

(14) R 9134/95 in S.S. 1360, K.G. se antwoord aan Trichardt, d.d. 28. 8. 1895.

stand af te lê, en hy dus net/twee dae tyd gehad het om burgers en proviand op te kommandeer, ⁽¹⁵⁾ het die Uitvoerende Raad Trichardt se omstandighede in aggeneem en besluit om die sewe rekenings met £ 190. 16. 0. te ver-effen. ⁽¹⁶⁾

Om terug tekom tot die skadelyste. Tot 18 Oktober 1895 het die skades wat deur die burgers gely is op £444. 10. 0. te staan gekom. ⁽¹⁷⁾ Na ernstige oorweging besluit die Uitvoerende Raad om die volgende aan die distrikte uit te betaal:

Distrik Zoutpansberg	£ 227. 0. 0.
" Pretoria	139. 6. 8.
" Waterberg	49. 10. 0.
" Lydenburg	16. 0. 0.
" Middelburg	101. 18. 4.
	£ <u>533. 15. 0.</u> ⁽¹⁸⁾

Op 11 September het die Tesorier- Generaal die tjeks ontvang en dit aan die verskillende Landdroste gestuur vir uitbetaling aan die burgers. ⁽¹⁹⁾

Al gou het dit geblyk dat al die skadelyste nie ingedien was nie, en daarom het Kommandant D.J. du Preez opdrag gekry om 'n tweede lys van name vir persone wat skades gedurende die Makgoba- oorlog gely het by die Regering in te die. Op 1 November 1898 lê hy die/sogenaamde tweede lys ten bedrae van £ 2174. 3. 0 . aan die Regering voor, waarop die Uitvoerende Raad toe besluit:

.. Hierbij ..

(15) R 9134/95 in S.S. 1360, pp. 2,3.

(16) U.R.B., d.d. 21. 11. 195, Art. 787; Vergelyk ook, R 9134/95, p. 7.

(17) R 7210/95 in S.S. 1331, p.3; Vergelyk ook, R 7210/95.

(18) U.R.B., d.d. 13. 8. 1895; Vergelyk ook, R 7210/95 in S.S. 1331, pp. 8, 10; Sien bylaag drie vir die bedrag wat elke persoon ontvang het.

(19) R 7210/95 in S. S. 1331, p. 11.

„... hierbij autorisasie verleen tot uitbetaling aan de personen genoemd en de door Commandant du Preez ingezonden lijst van de helf der achter hunnen namen voormelde bedragen als compensatie naar schade geleden ten tijde van den Magoeba oorlog. ⁽²⁰⁾

Die Regering was selfs so goed om aan elke burger wat teen Makgoba geveg het 'n klein bonus van £ 13. te betaal. Tot aan die end van 1897 is daar aan 919 burgers en vrywilligers die som van £ 11,947. 0. 0. betaal, en in 1898 word daar nog 'n klein bedraggie in die vorm van bonusse aan die burgers uitbetaal. ⁽²¹⁾

So was daar baie uitgawes ⁽²²⁾ vir die kommando teen Makgoba. Nie net die uitbetaling van bonusse en skades nie, maar ook die honderde ponde wat vir die instandhouding van die kommando's uitgegee is. As ons die rekeninge sien wat die Krygskommissaris uitbetaal het vir die aankoop van goedere vir die kommando's dan is dit baie. ⁽²³⁾ Waar sal die syfers nie heen loop as ons die salarisse, ammunisie, oprigting van forte, die kompensatie aan die naturelle uitbetaal, ens., moet byreken? Om maar net 'n aanduiding te gee: Dit het die staat vanaf 1 Januarie 1895 tot 31 Mei 1895 'n bedrag van

... £ 23,304. 19. 3.

(20) U.R.B., d.d. 19.4.1898, Art. 429; Sien ook, U.R.B., d.d. 1.10.1895, Art. 1049/94; Die tweede skadelys is in R10969/94 te vinde, maar dit word nog nie deur die argief vir die publiek beskikbaar gestel nie, aangesien dit nog nie geranskik is nie.

(21) Z.A.R. 149, R 6312/98, Verslag van die K.G. oor 1897 en 1898; Sien bylaag vier vir bonuslyste.

(22) Sien bylaag vyf vir die soort uitgawes wat in daardie dae gemaak is. Vergelyk die pryse met vandag s'n.

(23) Sien bylaag ses, Uitbetalings deur die Krygskommissaris.

£ 23,304. 19. 3. in die Noorde gekos. (24)

(d) Bonussse aan naturelle uitbetaal.

Die Staatspresident, Stephanus Johannes Paulus Kruger, het aan die Uitvoerende Raad die voorstel gedoen dat 'n bonus van £ 10,000 aan naturelle uitbetaal moet word wat diens in die kommando's van Zoutpansberg gedoen het. (25) Na aanleiding van die voorstel van Kruger, besluit die Uitvoerende Raad om die Eerste Volksraad te vra of die £ 10,000 uit die reeds bewilligde £ 60,000 geneem moes word, en of dit apart behandel moes word. (26) Die heer de Beer van die Eerste Volksraad was heeltemal eens daarmee dat daar £ 10,000 aan die naturelle uitbetaal moes word, maar

„De heer A. Wolmarans zeide, dat indien de :
Regeering voor den Raad gekomen was met verzoek om een paar honderd- pond voor bonussen om aan kapiteins die geholpen hadden te geven, hij dan vrij moedigheid zou gevoeld hebben daarvoor te stemmen, doch niet voor het verzoek thans voor den Raad. Hij was er geheel op tegen om £ 10,000 aan de kaffers te geven.“ (28)

Aangesien daar nie eensgesindheid in die Raad oor hierdie saak was nie, besluit die Eerste Volksraad die volgende:

„De Eerste Volksraad, gelet hebbende op het
Uitvoerende Raadsbesluit, thans aan de orde, vrag-
, . . . , ende“

(24) R 2004/95 in S.S. 1268, Uitgawes van die Ekspe-
disie in die Noorde, d.d. 31. 5. 1895.

(25) U.R.B., d.d. 10. 6. 1895, Art. 427.

(26) Die £ 60,000 is bewillig as bonus vir die bur-
gers wat in 1894 diens in Zoutpansberg gedoen het,
d.w.s. ook vir die persone wat aan die Malaboch- oor-
log deelgeneem het.

(27) E.V.R., d.d. 11. 6. 1895, Art. 331; R 5696 in
S.S. 1313; B.B. 1024/95 in S.S. 2804, d.d. 11. 6. 1895;
De Potchefstroomer, d.d. 20. 6. 1895.

(28) E.V.R., d.d. 11. 6. 1895, Art. 331.

ende toekenning van een bedrag van £ 10,000 ---- voor de bevriende kaffers, die mee gevochten hebben op die Zoutpansbergse Commando's; lettende op het feit dat de Raad niet op de hoogte is, . . . ; aangaande het aantal vande kafferkapiteins, de nagblevenen der gesneuwelde kleurlingen, en anderen, aan wie de Regeering voorstelt een bonus te willen geven; Besluit: --- deze zaak naar de Regeering terug te verwijzen, om in overleg met den Commandant- Generaal een volledig voorstel voor den Raad te leggen, ten einde nog in deze zitting behandeld te worden." (29)

Volgens die lyste wat die Kommandant - Generaal in gedien het, het daar 3009 kaffers (Dit is ook die deelnemers teen Malaboch,) diens in die Zoutpansbergse kommando's gedoen, van wie dertien gewond en sewentien gesneuwel het. (30) Gelet op die informasie beveel die Uitvoerende Raad by die Eerste Volksraad nie meer die bedrag van £10,000 aan nie, maar £ 4,000 vir die doel. (31) Die Volksraad het sonder enige teenstand die laasgenoemde bedrag op 30 September 1896 goedgekeur. (32)

Uiteindelik neem die Uitvoerende Raad die finale besluit op 14 Oktober 1896. (33)

1. Elke kaptein van wie kaffers gekommandeer is vir die Zoutpansbergse onluste, sou £ 2 kry.
2. Elke kaffer wat in 'n kommando gedien het sou tien sjielings ontvang.

... 3. Aan ...

(29) R 5981/95 in S.S. 1313, E.V.R., d.d. 11.6.1895, Art. 333; Vergelyk ook, E.V.R., d.d. 11. 6. 1895, Art. 333.

(30) R 5981/95 in S.S. 1313.

(31) U.R.B., d.d. 30. 9. 1896, Art. 836.

(32) E.V.R., d.d. 30. 9. 1896, Art. 1857.

(33) U.R.B., d.d. 14. 10. 1896, Art. 888; R 5696/95 in S.S. 1313; Mouton, 11, p. 320.

3. Aan weduwees van kaffers wat gesneuwel: het, sou £ 1. 0. . gegee word.
4. Elke kaffer wat tydens die oorlog gewond is, sou £ 1. 0. 0. kry

Waarom wou Paul Kruger so graag 'n klein vergoedinkie aan die naturelle uitbetaal het? Ons is van opinie dat hy die kaffers se goedgesindheid wou behou. As ons dink dat die sterk stam van Makhado (Magato) nog nie in 1895 onderdruk was nie, dan het Kruger hier die regte ding gedoen.

(c) Die Krygsgevangenes en hulle lot.

Die tusse 4,000 en 5,000 krygsgevangenes van die stamme van Tsolobolo, Mmamathhola, Moshutlhi en Makgoba is voorlopig in die Pretoria- distrik op die regeringsplaas „Bles" geplaas, tussen die lokasies van Swartbooi en Hans Makapaan. (34)

Al gou het die naturelle 'n probleem geword. Wat moes met hulle gemaak word, want op staatskoste kon hulle nie vir altyd in die tydelike lokasie gehou word nie? Op 9 Julie besluit die offisiere van die Pretoriase distrik om by die Regering voor te stel dat die kaffers onder burgers van Pretoria alleen uitgedeel moet word. (35)

Hiervan wou die Superintendent van Naturelle nie hoor nie, want die Krygsraad wou hê dat die kaffers op „Bles" moet bly totdat vasgestel word op welke wyse elke burger (Nie net van Pretoria alleen nie) van die kaffers kon kry. Die Uitvoerende Raad stem saam met die voorstel van Joubert, naamlik dat daar nog gewag moet word, en verwerp

... die ...

(34) K.G. 301/2, K.G. aan sy sekretaris, d.d. 13. 6. 1895.

(35) R 6955/95 in S.S.1328, Notule van die vergadering gehou deur die offisiere van die Pretoriase distrik, d.d. 9. 7. 1895.

- 117 -

die offisiere se voorstel. (36) Eindelik besluit die Uitvoerende Raad op 3 Augustus 1895 wat om met die krygsgevangenes van die stamme van Tsolobolo, Mmamathôla, Moshutlhi en Makgoba te doen.

„Besluit aan het volk zulke plekken en plaatsen ter woon als voor hun bestaan en voor de veiligheid van het land vereischt wordt, doorde onder Commissarissen te doen aanwijzen, zullen ze niet in stryd met de wet op groote klompen of troepen bij elkander wonen of geplaatst worden en de Ondercommissarissen zullen moet toezien dat ze in staat zijn of worden gesteld in hun eigen onderhoud te voorzien,“ (37)

Verder bepaal die Kommandant-Generaal dat kaffers die reg kon kry om hulle baas ^{hom} selfte kies en dan na enige wyk of distrik te kan volg. (38) Dit wil sê, die prisoniers bly in die lokasie vanwaar die burgers hulle as bediendes sou kom huur, maar hulle het die reg om hul base vrywillig te kies.

So is die Makgoba-stam dan as 'n stamteenheid verbreek. Nooit sou hulle weer 'n stam vorm nie, want hulle het hulle op verskillende plase en in verskillende distrikte as bediendes bevind. As't ware het hierdie stam, met die afsterwe van hulle kaptein, van die toneel verdwyn.

Dog met die tyd het van die kaffers en meide weer na Magoebaskloof teruggekeer, waar hulle vandag op die plase

... van ...

(36) E.V.R., d.d. 29. 7. 1895, Arts. 746, 747; De Pers, d.d. 7. 8. 1895.

(37) U.R.B., d.d. 3. 8. 1895, Art. 546; Vergelyk ook, R 6955/95 in S.S. 1328, U.R.B., d.d. 3. 8. 1895; B.B. 1439/95 in S.S. 2804, d.d. 12. 8. 1895.

(38) E.V.R., d.d. 14. 8. 1895, Art. 910; De Pers, d.d. 21. 8. 1895.

van blankes in die Haenertsburgse distrik woon. As stam het hulle verdwyn, dog met die oog op belastingbetaling word die klein klompie wat oor,^{is} as Makgobamense geklassifiseer.

"Those of their people who remained became tenants on European farms, they fell under the control of the European farmers." (39)

(39) Naturellesake, Letsoalo, A.S., No.399, A13/8/63, p.50.

(40) Die foto op die titelblad is van Makgoba se kop wat deur die Swasies afgekap is. Die oorspronklike foto is deur meneer H. Exton (Hy leef nog, is 91 jaar oud en woon op Pietersburg) geneem. Die negatief het in die Driejarige-oorlog verlore gegaan. Die foto wat in hierdie werk gebruik is, is geneem van 'n skildery wat deur (onbekend :) 'n skilder gevorf is.

BYLAAG 1.

K. G. 301/1 KOMMANDEERLYS.

„Commandeerlijst. Hiermede wordt op last van de Hoog Ed. Reggering van de onderstaande personen Kosten gecommandeerd als volgt.

C. J. Viljoen	Morgenzon	£2.	-	-
J. C. P. Coetzer	Goedehoop	1	-	-
H. S. Coetzee	Rietfontein	2	-	-
(J. Beight)	Badfontein	3	-	-
Lensie	Valkfontein	3	-	-
B. Muller	Zondagskraal	3	-	-
J. de Villiers	Waterval	2	-	-
H. Fourie	do	1	10	-
P. A. Schoeman	Zondagskraal	2	-	-
N. H. van Nickerk	Fluchtfontein	5	-	-
J. Hayman	Waterval	5	-	-
C. N. Nortje	Wilgerkraal	2	0	0
M. Coetzee	Weltevreden	1	5	
Copa	Elandspruit	3	0	0
N. Piccort	Rietfontein	1	10	
S. J. Schoeman	Middelplaats	1	11	
P. P. A. Schoeman	Rietvlei	2	.	.
L. A. Viljoen	Weltevreden	2	0	0

Verleend op heden 26. Mei '95

Burgersfort

D. J. Schoeman

Veldcornet. "

BYLAAG 11.

SK/DEOPNAMM.

„Ik ondergetekende Jacobus Johannes Schoeman van de Plaats Ramatelaskloof, wyk Houtboschberg verklaar mit dese dat gedurende de oorlog de kaffers van Seleboela de huizen op mijn occupatieplaatsen Ramatelaskloof en Deelkraal hebben verbrand en vernield, en dat de schade die ik daardoor heb geleden is als volgt:

1 goed woonhuis op Ramatelaskloof	£200. 0. 0
1 pakhuis van klip.	95. 0. 0
1 stal	25. 0. 0
1 woonhuis op Deelkraal 40 + 20 ft.	250. 0. 0
2 zadels 1@ 130/- 1@ 100/-	11.10. 0
1 mootzaag	4. 0. 0
1 ploeg	5.10. 0
1 zeeppot (groot)	3.10. 0
1 klein zeeppot	1.10. 0
4 potten	2. 0. 0
6 kielhouners @ 7/6	2. 5. 0
9 graven @ 10/-	4. 10.
9 kafferpikken @ 7/6	2. 0. 6
1 schroef	3.15.
1 ijzeren (kinderledikant)	1.10.
1 broodpan	0. 6. 0
2 stel tuigen 100/-	10. 0. 0
	<u>£602. 6. 6</u>

Bovenstaande verklaar ik de zuivere waarheid te zijn.

J.J. Schoeman.

Verklaar voor mijn op heden den 10 October 1897.

Hacnertsburg

O. Beynen

R.V.R.

BYLAAG 111.

R.7210/95. SCHADE - LYSTEN.

«Algemeen overzicht van uitbetaalde schade, MagoebaCommando, 1895.

DISTR. ZOUTPANSBERG.

<u>NAAM.</u>	<u>SCHADE.</u>	<u>BEDRAG.</u>
B.J. du Preez	1 paard	£ 17. 6. 8.
J.J. Pretorius	1 os	4. 10. 0.
J.J. Brummer	1 paard	20. 13. 4.
D.H.J. Verryn	1 do	30. 0. 0.
H.L. Botha	1 Os	4. 10. 0.
H. Roos	1 Os	6. 0. 0.
H. Roos	wagenhuur	10. 0.
G.P. Nel	1 os	4. 10. 0.
J. Roos	1 os	6. 0. 0.
P.P. Grobler	1 paard	24. 0. 0.
J.H. de Beer	1 do	22. 13. 4.
T.R. Berry	1 do	27. 6. 8.
J. Williams	1 do	30. 0. 0.
F.A. Bulton	3 beesten	20. 0. 0.
	Totaal.	<u>£227. 0. 0.</u>

DISTR. PRETORIA.

B.B. Snyman	Achter wiel	5. 0. 0.
Andries	1 os	4. 10. 0.
Bles	1 os	6. 0. 0.
L.J.C. Alberts	1 paard	17. 6. 8.
Daan	1 os	6. 0. 0.
M.F. Horn	1 paard	10. 0. 0.
J.J. Jonker	1 os	6. 0. 0.
M.J. Bekker	2 Ossen	12. 0. 0.
J. Steenkamp	1 os	6. 0. 0.
S. Roos	1 os	7. 0. 0.

BYLAAG 111. (Vervolg)DISTR. PRETORIA. (Vervolg)

<u>NAAM</u>	<u>SCHADE.</u>	<u>BEDRAG.</u>
H.W. Storm	1 os	£ 6. 15. 0.
A. Harmse	2 ossen	15. 0. 0.
D.J.E. Erasmus	1 os	7. 10. 0.
S. Roos	1 os	7. 0. 0.
F.A. Booysen	1 wagen gebr.	4. 10. 0.
	1 wagen (7)	3. 0. 0.
	1 do (8)	5. 0. 0.
	1 do (9)	- 10. 0.
	1 do (10)	- 10. 0.
H.L. Breedt	1 os	6. 0. 0.
	Totaal	<u>£139. 6. 8.</u>

DISTR. WATERBERG.

J.S. Swart	1 os	8. 0. 0.
D.L. De Beer	1 os	8. 10. 0.
J.C. de Beer	1 os	8. 0. 0.
H.B. Masibe	wagen reparatie	5. 0. 0.
F.A. Grobler	1 muil	20. 0. 0.
	Totaal	<u>£49. 10. 0.</u>

DISTR. LYDENBURG.

C. Potgieter	2 ossen	<u>£16. 0. 0.</u>
--------------	---------	-------------------

DISTR. MIDDELBURG.

J.H. Harmse	1 paard	14. 0. 0.
C.A. van Niekerk	1 do	12. 0. 0.
A.F. Mostert	1 do	12. 0. 0.
Mazabie	1 os	5. 0. 0.
J.P. Joubert	1 paard	12. 0. 0.
Ramapoel	1 os	5. 0. 0.

BYLAAG 111. (Vervolg)

DISTR. MIDDELBURG. (Vervolg)

<u>NAAM.</u>	<u>SCHADE.</u>	<u>BEDRAG.</u>
C.G. van Rooyen	1 os	£ 6. 10. 0.
M. Townsend	1 paard	20. 13. 4.
P.E.J. Erasmus	wagen reparatie	4. 15. 0.
	Totaal	<u>£101. 18. 4.</u>

RECAPITULATIE.

Zoutpansberg.	£227. 0. 0.
Pretoria	139. 6. 8.
Waterberg	49. 10. 0.
Lydenburg	16. 0. 0.
Middelburg	101. 18. 4.
Totaal Maboeba Schade	<u>£ 533. 15. 0.</u> //

BYLAAG 1V.

K. G. 301/1 C.R. 809/97. R 1234/97. E.V.R.-BESLUIT ARTS.

384 en 385 d.d. 22. 2. '97.

ADDITIONEELE BONUSLIJST 1.
RECAPITULATIE.

DISTRICT PRETORIA.

W.W. Rand.	1
Aapjesrivier.	4
Elandsrivier.	2
		<hr/> 7.

DISTRICT MIDDELBURG.

Steenkoolspruit.	2
Roosenekal.	1
		<hr/> 3.

DISTRICT WATERBERG.

Nijlstroom.	3
Makapanspoort.	1
		<hr/> 4.

DISTRICT ZOUTPANSBERG.

1. Rhenosterpoort.	117
2. Houtboschberg.	29
a) Fort Berry.	27
b) Fort Oscar.	25
c) Fort Botha.	26
d) Fort Burgers.	11
		<hr/> 235.

Staatsartillerie. 70

Telegrafisten. 6

76.

District Pretoria. 7

" Middelburg. 3

" Waterberg. 4

" Zoutpansberg. 235

BYLAAG IV. (Vervolg.)

ADDITIONELE BONUSLIJST 11.
RECAPITULATIE.

Staatsartillerie. 1

DISTRICT MIDDELBURG.

Wyk Olifantsrivier. 4

DISTRICT ZOUTPANSBERG.

Wijk Marabastad. 25

" Rhenosterpoort. 2

" Spelonken. 1

28

DISTRICT WATERBERG.

Wijk Nijlstrom. 4

Staatsartillerie. 1.

District Middelburg. 4.

District Zoutpansberg 28.

" Waterberg. 4.

Totaal. 37.

ADDITIONELE BONUSLIJST 111.

District Lijdenburg.

Wijk Lijdenburg.

D.P.S. Kruger.

Wijk Krokodilrivier.

D.J. du Plessis."

BYLAAG V.

K. G. 304 P.4.

 VERSLAG VAN UITGAWES VAN DIE BURGERS VAN DIE WYK STERN-
 KOOLSPRUIT, DISTRIK MIDDELBURG.
„Gekocht van S. Stanford, Kromdraai.

60 lb: Coffie	£ 3. 0. 0.
80lb: Zuiker	1. 10. 0.

Gekocht van Moolman, Leeuwfontein.

2 potten @ 9/- per stuk	0. 18. 0.
1 zak mielie-meel	. 18. 0.
6 ketels 2/- per stuk	. 12. .
9 Blikken Condensed milk 1/-	. 9. .
9 Bokers	. 7. 3.
2 pakke kaarsen	. 2. .
2 Bottels Carstor- oil	. 2. .
2 stene seep	- 2. .
3 Schotels	. 3. .
3 flesche Medicine	- 3. .
vuurhoutjes	- 3. .
2 Knip messen 2/- per stuk	- 4. .
1½ doz. Hemden	2. 8. 0.
1 Bijl	- 4. 0.
1 Combaars	- 8. 0.
1 Zak Boermeel	1. 10. 0.
2 Paar Schoenen	0. 17. 0.
Voorslagen	0. 1. 0.
4 Osriemen	. 4. 0.
Tabac	0. 5. 0.
Paarden hoeven	0. 7. 6.
4 koppies & pierings	. 8. 0.
3½ zak mielies	2. 12. 6.
Roskam & Borstel	- 4. -
54 gerven haver 1/- p. gerf	2. 14. 0.
4 kniebande 2/6 per stuk	0. 10. 0 "

(Vergelyk hierdie pryse met vandag sin.)

BYLAAG VI.

K. G. 302, K.G. AAN SY SEKRETARIS, PP. 102 EN 103.

DIE KOMMANDANT - GENERAAL STUUR HIERDIE REKENING AAN SY
SEKRETARIS TER UITBETALING VIR GOEDERE DEUR DIE KRYGS-
KOMMISSARIS AANGEKOOP.

1. C. Krogmann.	dd. 29. 5. 95.	£ 132. 6. 0.
2. D.J. du Preez.	" 28. 5. 95.	196. 0. 0.
3. P.J. du Preez.	" 28. 5. 95.	55. 0. 0.
4. D.J. Brink.	6. 6. 95.	36.10. 0.
5. H. Moschke.	4. 6. -	26. 8. 9.
6. H. Moschke.	4. 6. -	34. 9. 4.
7. Carl Matop.	4. 6. -	129.17. 4.
8. do	4. 6. -	120.10.10.
9. Fenkel & Co.	25. 5.	105. 8. 0.
10.M.M. Arias.	10. 6. -	95. 7. 6.
11.von Reiche.	5. 6. 95.	45.19. 3.
12.P. Blas.	28. 5. 95.	17. 2. 6.
13.B.H. Dicke.	1. 6. 95.	18. 2. 6.
14.Ch. Constancon.	27. 5. 95.	26. 0. 0.
15.E.D. Chittenden.	4. 6. 95.	76.16. 4.
16.E.D. Chittenden.	4. 6. 95.	60. 6. 6.
17. E.D. Chittenden.	1. 6. 95.	119. 2. 0."

B I B L I O G R A F I E.

ARGIEFSTUKKE (TRANSVAALSE ARGIEF.)

A. ONUITGEGEWE - ARGIEFBRONNE.

1. Argief- afdeling Staatssekretaris.
 - a) Inkomende Stukke. (Aangedui as R.)
 - b) Uitgaande Stukke. (Aangedui as B.B.)
2. Argief- afdeling Uitvoerende Raad.
(Aangedui as U.R.B.)
3. Notule van die Volksraad.
4. Besluite van die Eerste Volksraad.
(Aangedui as E.V.B.)
5. Argief- Zoutpansberg, Deel 6, No. 376, a/86.
6. Argief- afdeling Naturellekommissaris, Zoutpansberg. Aangedui as S.N.)
7. Argief- afdeling Kommandant- Generaal.
(Aangedui as K.G.)
8. Joubertversameling.
9. Preller- versameling, No. 14.
10. Argief manuskrip.
Dicke, B.H., The development of the Northern Transvaal historical stepping stones and reminiscences, Part 11, June 1925.

B. UITGEGEWE - AFGIEFBRONNE.

1. De Locale Wetten der Zuid- Afrikaansche Republiek, 1849 - 1885.
2. De Locale Wetten der Zuid- Afrikaansche Republiek, 1890 - 1893.
3. Gedrukte Groenboeke.
(Aangedui as Z.A.R.)

C. KOERANTE EN TYDSKRIFTE.

1. The Star, 1895.
2. Boerenvriend and Zoutpansberg Advertiser, 1895, en 1896.
3. De Pers, 1895 en 1896.
4. Zoutpansberg Review, 1895.
5. De Volksstem, 1895.
6. De Potchefstroomer, 1895 en 1896.
7. Staats Courant der Zuid- Afrikaansche Republiek.

8. Die Huisgenoot, 27 Oktober 1933 en 22 Desember 1933.
9. Historiese Studies, Jaargang I, Julie 1939-Mei 1940 en Jaargang V, Junie 1944, Unie - Boekhandel, Pretoria.
10. Bantoe- Studies, 'n Tydskrif gewy aan die wetenskaplike studies van die Bantoe, Hottentot en Boesman, Volume XI, No. 4, Desember 1937.

D. PERSOONLIKE INFORMASIE.

1. Mnr. S.J. Venter, van die Waterbergse kommando.
2. Mnr. Hendrik van den Berg Joubert (Oom Regop) van die Lydenburgse kommando.
3. Mnr. George Reed, van Zoutpansberg.
4. Mnr. Christiaan Muller, van Zoutpansberg.
5. Mnr H. Axton, die destydse fotograaf van Pietersburg.

E. DEPARTEMENT VAN NATURELLESAKE.

1. No. 399, Letsoalo, p. 50.
2. No. 478, Sono, pp. 110 - 112.

F. ONGEPUBLISEERDE VERHANDELINGS EN PROEFSKRIFTE.

1. Hudson, E.H: Die Geskiedenis van die Onderwys in die gebied Zoutpansberg met spesiale verwysing na die wetenskaplike verband. Doktorale Proefskrif, Universiteit van Pretoria, Februarie 1948.
2. Huyser, J.D: Die Naturelle- Politiek van die Suid- Afrikaanse Republiek. Doktorale Proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1936.
3. Mouton, J.A: Generaal Piet Joubert in die Geskiedenis van die Transvaal tot 1884. M.A. Verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1935.
4. Mouton, J.A: Generaal Piet Joubert in die Transvaalse Geskiedenis. Deel II, Doktorale Proefskrif, Stellenbosch.
5. Rademeyer, J.I: Die Oorlog teen Magato (M' Pefu) 1898. M.A.-Verhandeling, Universiteit van Pretoria. November 1943.
6. Van Niekerk, M: Adolf Schiel en die Duitse Kommando. M.A.-Verhandeling, Universiteit van Pretoria, Mei 1949.

7. Weidemann, N.C: Die Malaboeh- oorlog 1894. M.A.-Verhandeling, Universiteit van Pretoria Desember 1944.

G. LITERATUUR.

1. Brooks, E.H: The History of Native Policy in South- Africa. Pretoria, 1927.
2. Gachet, F.L: De Worstelstrijd der Transvaalers. Tweede Druk, Hovcker en Zoon, Amsterdam, 1883.
3. Engelbrecht, S.P: Paul Kruger's Amptelike Briewe 1851 - 1877. Volkstem Drukkery, Pretoria, 1925.
4. Krige, E.J. en Krige J.D: The Realm of a Rain- Queen. A Study of the pattern of Lobedu Society. Oxford University Press, Londen, New York, Toronto, 1947.
5. Munnik, G.G: Kronieke van Noordelike Transvaal. Die herinneringe van Senator G.G. Munnik. Suid- Afrikaanse Boekwinkel, Pretoria, (Geen Datum)
6. Nixon, J: The Complete Story of the Transvaal from the "Great Trek" to the Convention of Transvaal. Samson Low, Londen, 1885.
7. Preller, G.S: Dagboek van Louis Trichardt (1836 - 1838). Nasionale Pers Bpk., Kaapstad, 1938.
8. Pieterse, D.J: Die Geskiedenis van die Mynindustrie in Transvaal 1836 - 1886. Afgiefjaarboek vir Suid- Afrikaanse Geskiedenis, 1943.
9. Pelzer, A.N: Geskiedenis van die Suid- Afrikaanse Republiek, Deel 11, Wordingsjare. A.A. Balkema, Amsterdam, 1950.
10. Punt, W.H.J: Louis Trichardt se laaste skof. J.L. Van Schaik Bpk., Pretoria, 1953.
11. Rempel- Koopman, L: Wat Mevrouw- Generaal Joubert Vertelt. J.H. de Bussy, Amsterdam, Pretoria, Johannesburg, 1915.
12. Schiel, Adolf: 23 Jahre Sturm und Sonnenschein in Südafrika. F.A. Brockhans, Leipzig, 1902.
13. Transvaal Native Affairs Department: Short History of the Native Tribes of the Transvaal. 1905.
14. Van Oordt, J.F: Paul Kruger en de Opkomst der Zuid- Afrikaansche Republiek. Hollandsch Afrikaansche Uitgeversmaatschappij V/n J. Dusseau en Co., Amsterdam, Kaapstad, 1898.

15. Van Warmelo, N.J: A Preliminary Survey of the Bantu Tribes of Sout- Africa. Ethnological Publications, Volume V. The Government Printer, Pretoria, 1935.
 16. Troye's Map of the Transvaal lll. Published for Fehr and Du Bois of Pretoria S.A.R., 1892. (In die argief te vinde.)
 17. Bulpin, T.V., Lost Trails on the Low Veld. Published by H.B. Simmins , Cape Town, (Geen datum)
-